

**DIE LEWE EN WERK VAN  
GABRIEL GIDEON CILLIÉ  
(1910–2000)  
IN KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF**

**Joanita Erasmus**

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER MUSICAE**

in die  
Fakulteit Geesteswetenskappe,  
Departement Musiek,  
aan die  
Universiteit van die Vrystaat.


Studieleier: Dr. M. Viljoen

November 2006

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad *Magister Musicae* aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg op die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

---

J. Erasmus





## **BEDANKINGS**

By die voltooiing van hierdie verhandeling is dit die behoefte van my hart om persone en instansies wat my op een of ander wyse behulpsaam was, opreg te bedank:

My studieleier, dr. Martina Viljoen, vir haar besondere kundige leiding in alle fases en ten opsigte van alle fasette van hierdie navorsing. Die wetenskaplike benadering en hoë intellektuele en akademiese standaard wat van haar uitgegaan het, was vir my 'n onontbeerlike bron van inspirasie en onderskraging.

Pieter en Alta Cillié wat by die aanvang van hierdie studie toestemming verleen en gereël het dat ek hul vader in die Odeon Towers-Versorgingsoord kon gaan besoek. My opregte dank ook vir al die kere wat hulle my in hul huis ontvang het en vir vele aangename tye wat ons saam kon kuier en gesels.

Gawie (jr.) en Eunice Cillié wat my oor die afgelope agt jaar as't ware deel van hulle familie gemaak het. Ek is innig dankbaar vir die persoonlike band wat ek met die Cillié-familie kon opbou. Tydens my navorsing in Stellenbosch het hul huis altyd vir my oopgestaan.

Mnr. Pieter van der Westhuizen vir sy belangstelling in die studie asook vir die onderhoud wat ek met hom kon voer. Van der Westhuizen het ná Cillié se ongeluk sorg gedra dat alle navorsing waarmee Cillié tot op daardie stadium besig was, bewaar word. Ek voel besonder geëerd dat hy die vermelde navorsingsdokumente aan my geskenk het.

My kollega en vriend, Corné van Pletzen, vir sy opregte belangstelling in die navorsing, sy waardevolle raad en vir die proeflees van die verhandeling.

Dr. Manie Wolvaardt, mnr. Marius Pretorius en mevv. Monique Esterhuyse, Bettie Pretorius en Marlene de Vries vir die taalkundige versorging van die teks.

Die Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch. Die personeel het geen moeite ontsien om van hulp te wees nie en dit word waardeer.

My vriend, Cornelis van der Bijl, wat deur sy intense belangstelling kerkmusiek en sy liefde vir die kerkorrel, 'n groot bron van inspirasie vir my was.

My moeder, “pa” Andy en my broer, Wimpie, vir hul onderskraging waarop ek te alle tye kon staatmaak. Hul begrip, geduld en meeleving met hierdie studie sal my altyd bybly.

Met hierdie studie eer ek die nagedagtenis van my vader, Johan, wat in sy lewe 'n groot bron van inspirasie vir my was. Ek dink met dankbaarheid daaraan terug dat hy nooit enige moeite of koste ontsien het om my te onderskraag in die verwesenliking van my ideale nie.

Al die dank aan my Hemelse Vader:

*Here, U is my lewe, U sorg vir my.  
Wat ek ontvang kom alles van U af.  
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,  
ja, wat ek ontvang het,  
is vir my mooi.*

(Psalm 16: 5 en 6)

# INHOUDSOPGAWE

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bladsy</i>
<b>1. Metodologiese verantwoording</b>	<b>1</b>
1.1. Gabriel Gideon Cillié as biografiese onderwerp	2
1.1.1. Aanloop tot die studie	2
1.1.2. Doel van die navorsing	3
1.2. Die metodologiese probleem van biografieskrywing	7
1.2.1. Die etiese dimensies van biografiese navorsing	9
1.2.2. Die betroubaarheid van biografiese navorsing	10
1.2.3. Die beginsel van empatie en die implikasies van die beskrywing van “beroemdheid”	13
1.2.4. Die biograaf se afstand ten opsigte van sy of haar onderwerp	13
1.3. Die metodologiese vraagstuk betreffende die lewensbeskrywing van Cillié	14
<b>2. Biografie</b>	<b>18</b>
2.1. Cillié se afkoms, kinderjare en huwelik	18
2.2. Akademiese loopbaan	23
2.2.1. Skoolloopbaan	23
2.2.2. Studie aan die Universiteit van Stellenbosch	24
2.2.3. Studie aan die Universiteit van Oxford	24

2.2.4.	Studie aan die Harvard Universiteit	26
2.2.5.	Terugkeer na Suid-Afrika	27
2.2.6.	Werkzaamhede aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	28
2.3.	Musiekloopbaan	31
2.3.1.	Vroegste musiekopleiding	31
2.3.2.	Latere musiekopleiding en koorsang	33
2.4.	Buitelandse besoeke	34
2.5.	Sterrekunde	37
2.6.	Toekennings	37
2.7.	Prominente posisies deur Cillié beklee	41
2.8.	Cillié se afsterwe	42
<b>3.</b>	<b>Cillié as orrelis en orrelbou-adviseur</b>	<b>44</b>
3.1.	Aanstelling as orrelis van die NG Moedergemeente, Stellenbosch (1939–1964)	44
3.2.	Cillié as adviseur by die ontwerp en herbouing van orrels	46
3.3.	Cillié as orrelis by spesiale geleenthede	67
3.4.	Repertorium	68
3.5.	Cillié se siening oor verskillende tipes orrels	76
3.6.	Cillié se siening oor die taak van die orrelis	78



<b>4.</b>	<b>Cillié as koorleier</b>	80
4.1.	Die kerkkoor van die NG Moedergemeente, Stellenbosch	80
4.2.	Die Stellenbosse Universiteitskoor	83
4.3.	Die Stellenbosse Kweekskoolkoor	86
4.4.	Cillié en die Stellenbosse Studentesangfees	91
<b>5.</b>	<b>Cillié se hidrae ten opsigte van Gereformeerde kerkmusiek in Suid-Afrika</b>	94
5.1.	Historiese aanloop tot die Eerste Gesangboek in Afrikaans	94
5.2.	Cillié se standpunte ten opsigte van <i>Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange</i> (1937/1943)	101
5.2.1.	Die Afrikaanse beryming van die psalms	101
5.2.2.	Die tekste van die gesange	102
5.2.3.	Die Geneefse psalmmelodieë	103
5.2.4.	Die musikale inhoud van die gesange	107
5.2.5.	Nuwe melodieë by die psalms en gesange	108
5.2.6.	Verteenwoordigende rubrieke in <i>Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange</i> (1937/1943)	110
5.3.	Cillié se standpunte ten opsigte van <i>Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange</i> (1976/1978)	112
5.3.1.	Die beryming van die psalms	112
5.3.2.	Die tekste van die gesange	113

5.3.3.	Die melodieë van die psalms	114
5.3.4.	Die opdrag van die hersieningskommissie	116
5.3.5.	Nuwe bydraes deur Suid-Afrikaanse komponiste	118
5.4.	Cillié se betrokkenheid by die <i>Liedboek van die Kerk</i> (2001)	123
5.4.1.	Redes vir die hersiening	123
5.4.2.	Melodieë deur Cillié ingestuur vir voorlegging aan die Psalmkommissie	124
5.4.3.	'n Bespreking van die melodieë deur Cillié wat opgeneem is in die <i>Liedboek van die Kerk</i> (2001)	127
5.5.	Cillié se standpunte ten opsigte van die Halleluja-bundels	129
5.5.1.	Die Sankey-lied: Voorloper tot die informele geestelike lied	129
5.5.2.	Cillié se siening ten opsigte van die sing van halleluja-liedere	130
5.5.3.	Die opname van halleluja-liedere in die Psalm- en Gesangboeke van 1937/1943 en 1976/1978	131
5.5.4.	Cillié se bydrae ten opsigte van die Halleluja-bundels	133
5.6.	Die publikasie <i>Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?</i> (1982)	134
<b>6.</b>	<b>Cillié se bydrae tot volksmusiek</b>	<b>139</b>
6.1.	Cillié se betrokkenheid by die FAK	140
6.1.1.	Cillié as voorsitter van die FAK	140
6.1.2.	Bydrae tot publikasies van die FAK	142
6.1.3.	Betrokkenheid by die FAK-musiekbeurse	148

6.1.4.	FAK-plate	148
6.1.5.	Plateklub	148
6.2.	Cillié as komponis en verwerker van volksmusiek	150
<b>7.</b>	<b>Cillié se belangstelling in liederwysies en sy bydrae tot geskiedskrywing</b>	<b>153</b>
7.1.	Beskrywing van die term “liederwysie”	154
7.2.	Liederwysies deur Cillié opgeteken	154
7.2.1.	Die Magaliesburgse aandlied	155
7.2.2.	Ander liederwysies deur Cillié opgeteken	158
7.3.	Publikasies	161
7.3.1.	<i>Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat</i> (1993)	161
7.3.2.	<i>Gewyde sang en koorsang gedurende die Anglo-Boereoorlog</i> (2000)	163
7.4.	Die opname van liederwysies in die <i>Liedboek van die Kerk</i> (2001)	164
<b>8.</b>	<b>Slotwoord</b>	<b>166</b>
 <i>Bylaag</i>		
<b>A</b>	<b>Verwerkings van gewyde musiek asook oorspronklike gewyde komposisies</b>	<b>174</b>
1.	Verwerkings van vokale musiek	174

1.1.	Die Koorboeke vir ons Afrikaanse kerke, Deel 1 en 2 (1962, 1964)	174
1.2.	Die Koorbundels vir kerk- en skoolgebruik (1979, 1982, 1986)	175
1.3.	Die FAK-Sangbundels (1961, 1979)	177
1.4.	Die Halleluja-bundels (1951, 1960, 1972)	181
1.5.	Ongepubliseerde verwerkings van gewyde vokale musiek	183
1.6.	Die <i>Sing Onder Mekaar</i> proefsangbundel (1988)	194
2.	Instrumentale verwerkings	195
2.1.	Die liturgiese orrelbande 3, 4 en 5 (1979, 1980, 1982)	195
2.2.	Ongepubliseerde instrumentale verwerkings	196
3.	Komposisies	198
3.1.	Kantates	198
3.2.	Die FAK-Sangbundel (1979)	202
3.3.	Die Halleluja-bundels (1951, 1960, 1972)	203
3.4.	Ongepubliseerde komposisies	204
<b>B</b>	<b>Verwerkings van volksmusiek asook oorspronklike sekulêre komposisies</b>	<b>206</b>
1.	Verwerkings van vokale musiek	206
1.1.	Verwerkings uit die FAK-Sangbundels	206
1.2.	Ander sangbundels	211
1.3.	Ongepubliseerde verwerkings van volksmusiek	214
2.	Komposisies	217

2.1.	Vokale komposisies	217
2.2.	Instrumentale komposisies	218
<b>C</b>	<b>Dokumente</b>	219
<b>D</b>	<b>Musiekvoorbeelde</b>	223
<b>E</b>	<b>Lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme</b>	228
	<b>Bibliografie</b>	253
	<i>Opsomming</i>	i
	Afrikaanse opsomming	i
	English summary	iii
	Key words	iv

# **HOOFTUK 1**

## **Metodologiese verantwoording**

'n Lewensbeskrywing gaan gepaard met bepaalde metodologiese vraagstukke wat ook in hierdie studie ter sprake kom. Die kompleksiteit en subjektiwiteit daarvan problematiseer die navorsingsproses en 'n duidelike verheldering van die benaderingswyses wat gevolg word, is dus nodig (Batchelor, 1995:2e.vv.). In hierdie verband toon literatuur oor die metodologie dat noukeurige aandag geskenk behoort te word aan die etiese dimensies van die navorsing, die feitelike betroubaarheid daarvan, die beginsel van empatie, asook spesiale besinning oor die implikasies van die beskrywing van “beroemdheid” (Holmes, 1995:17). Die werksteorie betrokke by biografieskrywing sluit noodwendig aspekte soos 'n seleksie van materiaal en die biograaf se objektiwiteit ten opsigte van die onderwerp in.

In hierdie studie word gepoog om 'n oorsigtelike blik te bied op die lewe en werk van Gabriel Gideon Cillié (1910–2000). Hy het onteenseglik 'n beduidende bydrae tot die kulturele ontwikkeling van die Afrikaanse gemeenskap gelewer – 'n bydrae wat nie slegs tot die ontwikkeling van die Gereformeerde kerkmusiek beperk was nie, maar wat wyer gestrek het om sowel volkseie as volksvreemde kultuurgoedere aan 'n breër publiek bekend te stel. Cillié se nalatenskap is op 'n uitsonderlik noukeurige wyse bewaar en vir navorsingsdoeleindes beskikbaar gestel. Benewens die oorsig oor sy bydrae verteenwoordig hierdie studie daarom ook 'n ontginning van materiaal wat nog nie andersins ontsluit was nie.

## **1.1. Gabriel Gideon Cillié as biografiese onderwerp**

### **1.1.1. Aanloop tot die studie**

'n Navraag deur die Afdeling Spesiale Versamelings van die J.S. Gericke Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch na 'n persoon wat sou belangstel om die lewe en werk van G.G. Cillié na te vors het aanleiding gegee tot hierdie studie. Cillié se eggenote het voor haar afsterwe in 1990 'n aansienlike versameling van Cillié se korrespondensie, artikels, verwerkings en komposisies aan die biblioteek geskenk. Hierdie versameling is later uitgebrei toe Cillié se oudste seun, Gabriel Gideon (jr.), en sy vrou, Eunice, ná Cillié se afsterwe in 2000 die Cillié-woning in Minseriestraat te Stellenbosch betrek het en verdere materiaal aan die Gericke Biblioteek beskikbaar gestel het.

Die voorafstudie oor die onderwerp het in 1999 gekulmineer in 'n honneurskripsie getiteld “Gabriel Gideon Cillié: 'n Oorsig oor sy lewe en bydrae op musiekgebied in Suid-Afrika”.<sup>1</sup> Reeds tydens hierdie studie is navorsing onderneem in die Afdeling Spesiale Versamelings van die J.S. Gericke Biblioteek. Inligting is hoofsaaklik verkry uit persoonlike dokumente en plakboeke, korrespondensie en tydskrifartikels. Daar is ook in daardie stadium persoonlike besoeke aan Cillié en sy naasbestaendes gebring.

Aangesien heelwat materiaal eers ná Cillié se afsterwe aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk is en die genoemde skripsie toe reeds voltooi was,

---

<sup>1</sup> Ongepubliseerde manuskrip, Universiteit van die Vrystaat, 1999.

verteenwoordig die huidige studieprojek 'n hersiene, aansienlik uitgebreide dokumentering van Cillié se lewe en werk.

Die eerste navorsing in die Cillié-versameling is in die Aprilvakansie van 1999 onderneem. Die navorser se belangstelling in die lewe en werk van hierdie merkwaardige man is daardeur sodanig geprikkel dat 'n skrywe aan hom gerig is na die adres in Minseriestraat, onbewus daarvan dat Cillié ná 'n ernstige motorongeluk die vorige jaar permanent in 'n versorgingsoord in die Strand opgeneem is. Cillié se oudste seun en naamgenoot het tydens 'n besoek aan die Minseriestraat-woning die brief daar gekry en met die navorser geskakel. Só is 'n verbintenis gebore wat daartoe sou lei dat die navorser as't ware deel van die Cillié-familie geword het, en daardeur bevoorreg was om vir 'n paar maande te deel in die lewe van Gabriel Gideon (Gawie) Cillié, al sou dit dan ook net wees om vir ure by hom te kon sit op soek na 'n vlugtige blik op die lewe van 'n man “wie se lewe in die lig geslyt is”.<sup>2</sup>

### **1.1.2. Doel van die navorsing**

Gabriel Gideon Cillié was binne die tydvak van sy lewe 'n deskundige op twee gebiede, naamlik wiskunde en sterrekunde. Daarbenewens het hy ook op die terrein van kerkmusiek en as koorleier, as komponis en verwerker, as orrelis, as kultuurleier, as geleentheidspreker en as gesinsman presteer – 'n veelsydigheid wat volgens De Villiers (1983:5) tot “bykans ongekende hoë vlakke gevoer is”.

---

<sup>2</sup> Soos Jan Spies (1988:5) dit so treffend na aanleiding van 'n onderhoud met Cillié verwoord het: “...van die klein kultuurlampie af tot by die lig van sterrestelsels wat oor miljoene ligjare heen versprei is”.



Cillié was in die eerste plek 'n natuurwetenskaplike en het op negentienjarige ouderdom die graad M.Sc. met lof aan die Universiteit van Stellenbosch behaal (Hartman, 1965:1). Hierdie prestasie is gevolg deur die verwerwing van 'n doktorsgraad in Astrofisika aan Hertford-kollege, Oxford (De Villiers, 1983:5). Hierna was Cillié vir 36 jaar professor in Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch.<sup>3</sup> As natuurwetenskaplike was hy president van die *Astronomical Society of Southern Africa* (Hartman, 1965:1) en voorsitter van die Kommissie van Natuurwetenskappe van die Nasionale Kultuurraad. In laasgenoemde hoedanigheid het hy die Minister van Onderwys en Kultuursake geadviseer ten opsigte van die popularisering van die natuurwetenskappe.<sup>4</sup> Cillié het talle publikasies oor die sterrekunde die lig laat sien en was medewerker aan die *Afrikaanse Kinderensiklopedie* (1980) (Van der Merwe, 1979:5).

Cillié se liefde vir die kerklied het daartoe bygedra het dat hy 'n uiters betekenisvolle bydrae gelewer het tot die Gereformeerde kerkmusiekgeskiedenis van Suid-Afrika. Philip McLachlan (1964:3) wys daarop dat die belangrikheid en tydigheid van Cillié se toetrede tot hierdie terrein eers ten volle begryp word wanneer daar gelet word op die ontstammende periode van insinking en agteruitgang ten opsigte van die Gereformeerde kerkmusiek wat gedurende die 1930's ingetree het. Sy openbare lesings en sy geskrifte in tydskrifte en dagblaaie het 'n onberekenbare rol gespeel om mense bewus te maak van die noodsaaklikheid om die Protestantse kerklied-erfenis te bewaar. Deur middel van die Stellenbosse Kweekskoolkoor, gestig in 1946, het hy die kerklied oor die lengte en breedte van die land uitgedra (Cillié, 1968a:2). As lid van

---

<sup>3</sup> Onderhoud met G.G. Cillié (jr.) op 25 September 2006.

<sup>4</sup> Pamflet uitgegee deur die Bloemfonteinse Skrywersvereniging, 22 Mei 1979:i.

die Breë Kommissie en van die Musieksubkommissie van die NG Kerk was hy betrokke by die hersiening van *Die Halleluja* (1949, 1951, 1960, 1972) en saam met Japie Malan en Dirkie de Villiers verantwoordelik vir die *Koraalboek vir gebruik by die Afrikaanse Psalms en Gesange* van 1956 (Cillié, 1968a:2). As dosent in kerkmusiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1977–1982) was Cillié betrokke by die samestelling van die nuwe *Koraalboek* (1978) en die *Liturgiese Orrelbande 3* (1979) en *4* (1980). In dié tydperk het sy magistrale publikasie *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* (1982) ook verskyn (Raubenheimer, 1985:18). Tot en met sy ongeluk in 1998 was Cillié lid van die Psalmkommissie wat meegewerk het aan die hersiening van die psalms vir die *Liedboek van die Kerk* (2001) en vyf van sy psalmmelodieë is in dié bundel opgeneem (Carstens, 2001:12 en 811).<sup>5</sup>

Ook as komponis het Cillié die Afrikaanse Gereformeerde kerkmusiekskat verryk. McLachlan (1964:5) vermeld onder meer sy Kersfeeskantate, die Psalm 24-kantate en die Psalm 89-kantate. Laasgenoemde was 'n opdragwerk vir die inhuldiging van die Staatspresident in Pretoria op 31 Mei 1961 en is weer in Junie 1964 in die Stellenbosse Moederkerk onder leiding van Cillié uitgevoer ten tyde van 'n erediens wat deur staatspresident C.R. Swart en sy eggenote bygewoon is.<sup>6</sup> Verder het Cillié talle kerkkoorbundels wat deur die FAK en NG Kerk-Uitgewers uitgegee is, saamgestel (McLachlan, 1964:5). Afgesien van 'n beduidende aantal verwerkings vir kore van Afrikaanse gewyde musiek, asook volksliedere, het hy meegewerk aan die FAK se Kerkkoorboek-koorstukke (1968) uit die versameling van professor

---

<sup>5</sup> Dieselfde melodie word by Psalms 13 en 39 gebruik.

<sup>6</sup> Vergelyk Bylaag A, 3.1.5 en Bylaag C, dokument 1.

F.W. Jannasch (Redaksioneel, 1964a:19), die bundels *Kom loof die Heer, Deel 1* (1979) en *Deel 2* (1982) en die hersiening van die FAK-Sangbundels (1961 en 1979).

Vanaf 1940 tot 1954 was Cillié dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor en het hy die koor opgebou tot 'n groep wat landswyde bekendheid verwerf het. McLachlan (1964:6) beskou Cillié ook as die vader van die studentesangfeeste wat in 1946 begin is en wat op daardie stadium een van die mees inspirerende kultuurondernemings in die land was.

In talle kerke dwarsdeur die land is daar vandag orrels in gebruik wat deur Cillié ontwerp en in die meeste gevalle ook deur hom ingewy is. Hierdie groot werk het hy kosteloos verrig in 'n tyd toe daar min ander persone in die land was wat in dié verband leiding kon gee (McLachlan, 1964:5–6).

Ook as kultuurman is Cillié se naam in die geskiedenisboeke opgeteken. In 1946 het hy lid geword van die musiekkomitee van die FAK en in 1954 lid van die hoofbestuur van die FAK. Later was hy ondervoorsitter en van 1980 tot 1984 die voorsitter van die FAK (Spies, 1988:5). In 1960 het die FAK 'n oorkonde aan hom oorhandig vir sy besondere bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse kerkmusiek, en in 1964 ontvang hy die Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Cillié, 1968a:4).<sup>7</sup>

---

<sup>7</sup> Verwys na Bylaag C, dokument 2.

Aangesien daar tot op hede geen omvattende studie oor Cillié se bydrae op die terrein van die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis bestaan nie, het hierdie studie ten doel om sy lewe en werk te beskryf. Sy nalatenskap, wat op noukeurige wyse versamel en bewaar is, is geensins gekatalogiseer of ontsluit nie en verteenwoordig 'n braak navorsingsveld. Die gebrek aan enige omvattende verhaling van sy lewe of bydrae dui op die noodsaaklikheid van navorsing oor sy rol binne die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis, en die dokumentering van sy nalatenskap as 'n boekstaving en bron vir verdere navorsing. Hierdie navorsing poog om 'n beduidende stap in daardie rigting te verteenwoordig.

## **1.2. Die metodologiese probleem van biografieskrywing**

In die volgende afdelings word daar kortliks stilgestaan by die metodologiese probleem van biografieskrywing, terwyl die relevansie van hierdie besinning vir die beskrywing van Cillié se lewe terselfdertyd aangestip word.

Literêre biografie kan gesien word as die brug tussen die akademie en die gewone leser of, soos Batchelor (1995:2) dit stel, die “akademiese perspektief” en die “verbruiker”. Die skryf van 'n biografie is, per definisie, 'n konserwatiewe aktiwiteit, aangesien dit 'n bekende uit die verlede se lewe huldig.<sup>8</sup> Catherine Peters (in Batchelor, 1995:2) noem dat literêre biografie in wese 'n tradisionele, ietwat oudmodiese aktiwiteit is. Jürgen Schlarger (in Batchelor, 1995:2) stem saam dat biografie, ten spyte van die intertekstuele konstruksie daarvan, fundamenteel

---

<sup>8</sup> Hiermee word daar enersyds gedui op die preserverende aard van biografie as dokumentêre aktiwiteit, en andersyds op die metodologiese behoudendheid van die metode.

reaksionêr is. In hierdie opsig, meen hy, is biografie “immuun” teen die postmoderne verskynsel van dekonstruksie.

Ten spyte van die konserwatiewe aard van biografie wys Kendall (1965:114) egter reeds in die tweede helfte van die vorige eeu daarop dat 'n biografie, soos Lytton Strachey gedemonstreer het, wel opwindend kan wees; dat dit die persoonlikheid van die skrywer net soveel as dié van die persoon wat beskryf word, kan uitdruk; en dat dit selfs as 'n vreugdevolle tipe ikonoklasme mag funksioneer. Soos hierdie outeur verder uitwys, is dit boonop 'n onomwonde feit dat biografie ook die potensiaal het om te “verkoop”.

Holmes (1995:15) belig 'n ietwat donkerder faset in sy uitspraak dat biografie in oorsprong altyd ietwat “skandalig” is. Hy beskryf die genre verder as “geniaal”, “genealogies” en “onsuiwer”. Volgens hom het dit altyd die twyfelagtige status van 'n stroomop of 'n “baster” kunsvorm gehad en is dit gevolglik gevaarlik vir al die betrokkenes: skrywers, onderwerpe, lesers en kritici. Hierdie waarneming bring ons by 'n oorweging van die etiese dimensies wat by die beskrywing van 'n lewe ter sprake kom.

### 1.2.1. Die etiese dimensies van biografiese navorsing

Die diversiteit van die biografiese vorm, en die vindingryke moontlikhede wat dit besit om te rekonstrueer en om die onderwerp van studie “binne te dring”, het nog altyd sekere problematiese vrae laat ontstaan (Holmes, 1995:17). Die vertakking van die wetenskap gedurende die negentiende eeu het nuwe geleenthede aan die twintigste-eeuse biograaf gebied wat bygedra het tot die vergroting van die terrein van lewensbeskrywing. Sielkunde en psigoanalise het lig gewerp op die manier hoe die menslike gees verstaan word en het sodoende ons begrip van die kompleksiteit en die geheimsinnigheid van persoonlikheid verdiep. Gevolglik is dit moontlik om motiewe en begeertes te analiseer en om gedragspatrone en die simboliese waarde van woord en gebaar beter te verstaan (Kendall, 1965:121).

Hierdie kennisverdieping het egter nie daartoe gelei dat metodologiese vraagstukke betreffende biografieskrywing vereenvoudig is nie; dit het moontlik eerder verdiep. Tot dieselfde mate as wat die vraag immers ontstaan na etiese kwessies van die biograaf se rekonstruksie van sy onderwerp, ontstaan dié vraag ook oor die vrye interpretasie van die leser. Uiteraard is hierdie vraagstuk deur middel van postmoderne denke verder geproblematiseer: die invloed van radikale filosowe soos Richard Rorty (1989) is welbekend.<sup>9</sup> John Carey (1990:11) noem dat dekonstruksie die idee dat die primêre bedoeling van 'n teks (die outeur se “intensie”) nie sonder meer vindbaar is nie, gepopulariseer het. Dus kan en moet lesers hul eie betekenis van die teks (re)konstrueer. Roland Barthes (Batchelor, 1995:9) verklaar onomwonde:

---

<sup>9</sup> Rorty glo dat daar geen hoër “waarheid” bestaan as dit wat die leser self vanuit die inhoudelike “oop” teks skep nie.

“The author is dead and the reader is free.” Vanuit die sogenaamde *New Criticism* van die 1950's en die kritiese regsinnigheid wat daaruit gevolg het word beweer dat 'n situasie kan ontstaan waar die skrywer 'n sekere intensie kan hê terwyl die werk, volgens die subjektiewe opinie van die lesers, iets totaal anders sê (Batchelor, 1995:9).

Ofskoon hierdie denkrigting vandag steeds groot aanhang geniet, moet dit reeds op hierdie stadium beklemtoon word dat hierdie studie eerder aansluit by die meer konserwatiewe sienings van biografieskrywing as metode. Nietemin word daar in die hieropvolgende hoofstukke geen aanspraak gemaak op feitelike onfeilbaarheid, of op die aanname dat die beeld van Cillié wat hier gekonstrueer word, die enigste en laaste “waarheid” of woord oor hom is nie. Die navorsing moet eerder beskou word as 'n tentatiewe poging om sy biografiese gegewe en kulturele nalatenskap op so 'n betroubaar moontlike wyse te beskryf. Die onderstaande afdelings belig egter reeds die metodologiese kompleksiteit van hierdie voorneme.

### **1.2.2. Die betroubaarheid van biografiese navorsing**

Historyes het die ontwikkeling van die wetenskap 'n groot invloed op lewensbeskrywing uitgeoefen. Oor die algemeen is navorsers gestimuleer tot hoër standaarde en groter feitelike noukeurigheid (Kendall, 1965:118). Biograwe is aangespoor om empiriese bewyslewering na te streef, om tweedehandse materiaal te vermy en te konsentreer op oorspronklike dokumente, om alle twyfelagtige materiaal

met skeptisisme te behandel en om hul bevindinge nougeset vir die ontwykende “waarheid” te skrutineer.

Holmes (1995:17) meen egter dat biograwe hul werk op bronne baseer wat altyd tot 'n mindere of meerdere mate inherent onbetroubaar is. Geheue op sigself is feilbaar, herinneringe is noodwendig partydig en briewe is altyd eensydig gerig tot die ontvanger daarvan. Selfs private dagboeke en intieme joernale moet as literêre vorme van selfondersoek, eerder as “fundamentele waarheid”, beskou word. Die biograaf moet dus 'n feitlike patroon konstrueer uit materiaal wat alreeds 'n fiktiewe en herskepte element bevat.

Insake die vraag na “waarheid” noem Kendall (1965:130) dat biografiese waarheid nooit “absolute waarheid” kan wees nie. Hiervoor is die biograaf te vertrou met die feilbaarheid van die self en die materiaal, asook met wat oorgedra word as slegs 'n poging tot die herskepping van empiriese “waarheid”. Oordele moet gevel word en insig en verbeelding moet gebruik word, maar net in soverre as wat die nastrewing van die rekonstruksie van die “ware mens” en die beperkings van beskikbare bronne dit toelaat. Ofskoon die resultaat verminkte waarheid mag wees, is dit vir die biograaf steeds meer aanvaarbaar as volslae verdigsel.

Tog het die wetenskap indirek op hierdie probleme ingespeel. Volgens Kendall (1965:119–120) is daar vanaf die vroeë twintigste eeu toenemend druk op biograwe geplaas om inligting as 'n doel op sigself te vereer, om die oppergesag van feite te erken, om die versameling daarvan as die hoogste prioriteit te beskou en om vertrou



in wetenskaplike navorsingsmetodes te stel – direk die teenoorgestelde objektiewe as dié van die latere postmoderniste.

Kendall (1965:129) beskou die beste karaktersketse gevolglik as dié waarin onweerlegbare feite as 'n lewende “afbeelding” oorgedra word. Hy beskou die biograaf se doel as die daarstelling van 'n geloofwaardige persona vanuit die beskikbare materiaal – 'n siening waarmee die huidige studie hom identifiseer.

Biograwe is dit egter met mekaar eens dat een van die beperkings waarmee biografieskrywing te kampe het, die noodsaaklikheid van kompromie is. Hieruit volg dat die “perfekte” biografie minder haalbaar is as die “ideale” roman of gedig. 'n Biograaf word beperk deur die tyd en geld beskikbaar vir navorsing, reis en (in die geval van 'n onlangs afgestorwe onderwerp) onderhoude, deur die standaard van en toegang tot die argief, asook in sommige gevalle die mate van samewerking met die eksekuteure van 'n bepaalde persoon se boedel (Batchelor, 1995:6–7). Philip Ziegler (in Batchelor, 1995:7) lewer 'n kragtige pleidooi dat, wat ook al die struikelblokke, totale verdieping in alle beskikbare argiefmateriaal 'n voorvereiste vir die biograaf se werk is. 'n Biograaf versamel groot hoeveelhede onverwerkte detail, waarvan die meeste uiteindelik weggelaat word – al sou niks daarvan waardeloos wees nie. Biograwe behoort nooit hul honger na die kleinste besonderhede van hul onderwerp se bestaan te verloor nie; hul arbeid moet gevolglik 'n oorsig van die totaliteit van die onderwerp se lewe ten doel hê.

### **1.2.3. Die beginsel van empatie en die implikasies van die beskrywing van “beroemdheid”**

Holmes (1995:18) wys op die besondere magnetisme van “beroemdes”. Biograwe is nog altyd aangetrek deur glansryke lewens en die opspraakwekkende – dit wat buite die domein lê van die normale, die gemiddelde en die alledaagse lewe wat die meeste van ons lei. Hierdie fiksasie kan egter aanleiding gee tot 'n fundamentele verwringing van die vorm. Freud, volgens Holmes (1995:18), definieer hierdie probleem as eie aan die genre: 'n onderdrukte begeerte om grootsheid te devalueer en om noodwendig voete van klei en geraamtes in die kas te vind. Biografie vind dit immers moeilik om vindingryk met die alledaagse om te gaan.

### **1.2.4. Die biograaf se afstand ten opsigte van die lewe van sy of haar onderwerp**

In meer verouderde biografiese praktyke bemerk Kendall (1965:147) 'n voordelige ontmoeting tussen literêre en wetenskaplike elemente. Die verhalings van 'n lewe groei uit die verbinding tussen wat hy as “'n verhoogde persepsie” beskryf, die besef van daardie persepsie in die literêre projeksie en die dramatiese ontplooiing van 'n persoonlikheid-in-aksie. Die geestelike handeling wat hierdie verhoogde persepsie moontlik maak, karakteriseer moderne lewensbeskrywing toenemend. Die daarstelling van 'n lewe groei uit 'n verbintenis met die onderwerp wat selfbewustelik ontwikkel word deur die biograaf as die *primum mobile* van sy onderneming (Kendall, 1965:147–148).

Terwyl die biograaf se insig in sy materiaal verbreed, word dit getransformeer van “onderwerpsaak” tot die onderwerp self: 'n “medeskepsel” waartoe die biograaf baie aangetrokke kan raak. Mark Schorer (in Kendall, 1965:148) noem dat, wanneer hierdie band tussen lewende en afgestorwe mens ontwikkel, dit gestalte kry in die verhouding tussen “kunstenaar” en “onderwerp”. Die biograaf het 'n verpligting teenoor die strewe na objektiwiteit. Terselfdertyd moet intuïsie en emosionele betrokkenheid getransponeer word in begrip en betrokkenheid van insig. Dit is hierdie primêre sielkundige worsteling wat die skepping van 'n biografie so 'n veeleisende taak maak. Dit is nie slegs die navorsing nie, nie slegs die “komposisie” daarvan nie, maar ook die vestiging van 'n lewegewende simbiotiese verhouding wat die ontkieming van 'n biografie kompliseer (Kendall, 1965:149).

### **1.3. Die metodologiese vraagstuk betreffende die lewensbeskrywing van Cillié**

Hierdie studie bied 'n besondere uitdaging met betrekking tot 'n betroubare weergawe en interpretasie van beskikbare dokumentêre gegewens rondom die lewe en werk van Gabriel Gideon Cillié. Koerant- en tydskrifpolemieë oor Cillié se sienings bevat reeds bepaalde “herskepte” elemente (vergelyk Carey, 1990:11).<sup>10</sup> Ook is sy nalatenskap binne 'n baie spesifieke tydvak van die Afrikaner se kulturele ontwikkeling geplaas. Beskikbare gegewens moet gevolglik op 'n betroubare wyse geïnterpreteer word aan die hand van primêre bronne soos beskikbaar gestel in die genoemde versameling, asook getoets word aan opinies van Cillié se oorlewende tydgenote, en aan dié van familie en kennisse. Binne redelike perke moet kritiek daarop gelug word.

---

<sup>10</sup> Vergelyk 1.2.2.

Soos reeds gesuggereer, is die probleem van seleksie en dié van objektiwiteit in hierdie studie dus ten nouste aan mekaar verbonde. Aangesien Cillié in die eerste plek 'n wiskundige en sterrekundige was wat musiek as 'n liefhebbery beoefen het en wat, met die uitsondering van orrellesse tydens sy oorsese studies, geen formele musiekopleiding ontvang het nie, word hy deur sommige musici nie as 'n outoriteit op musikale en kerkmusikale gebied beskou nie, en kan sy bydrae op hierdie terrein moontlik gedevalueer word. Hierbenewens moet daar in gedagte gehou word dat Cillié 'n leidende en rigtinggewende rol gespeel het in 'n tydvak waarin daar min vakkundiges was wat bydraes op hierdie gebiede kon lewer, en dat sy standpunte dus dikwels onvoorwaardelik aanvaar is. 'n Krities-waarderende beskouing van sy bydrae is dus aangewese.

'n Ondersoek na die lewe en werk van Gabriel Gideon Cillié is enersyds 'n huldeblyk aan 'n man wat op vele terreine die Suid-Afrikaanse kerkmusiek- en kultuurgeskiedenis verryk het, en andersyds 'n boekstaving van sy standpunte betreffende kerk- en volksmusiek wat dalk as 'n belangrike verwysingsbron kan dien. Die rekonstruksie van sy bydrae in 'n tydvak waarin talle dualismes rondom kerkmusiek en die Suid-Afrikaner se kultuur-eie na vore tree, bied 'n waardevolle terugblik op die historiese konteks waarin hierdie vraagstukke beslag gekry het. In hierdie opsig steun die huidige navorsing op so 'n wyd as moontlike versameling van primêre en sekondêre bronne, waarvan 'n aansienlike aantal deur Cillié self daargestel is. Omdat daar egter tot dusver geen ander groterskaalse studie oor Cillié bestaan nie, of gepubliseerde bronne beskikbaar is nie, is alle dokumentêre gegewens wat in die Cillié versameling aangetref is, as belangrik beskou, en is dit in hierdie studie as sulks

aangewend. Dit beteken dat daar waarde geheg is aan alle optekening van gegewens rondom sy lewe en werk, en dat persoonlike mededelings deur vriende, kennise of familie van Cillié deurgaans in berekening gebring is.

Die navorsing steun op die volgende werkwyses:

- 'n studie van Cillié se eie publikasies, asook relevante verwante literatuur;
- die ontginning van korrespondensie, joernale, Cillié se jeugherinneringe, koerant- en tydskrifpolemie, notules van vergaderings, partiture van sy werke en verwerkings daarvan, konsertprogramme en huldeblyke;
- die voer en optekening van onderhoude met voormalige kollegas en vakkundiges wat Cillié se bydrae op die terrein van die Suid-Afrikaanse kerkmusiek- en kultuurgeskiedenis kan belig;
- die optekening van anekdotes soos vertel deur sy familie; en
- besoeke aan die omgewings waar Cillié grootgeword het en waar hy as volwassene gelewe en gewerk het.

Insake die beskrywing van 'n lewe soos dié van Gabriel Gideon Cillié mag daar opgemerk word dat sy professionele en kulturele bydrae onlosmaaklik verweef is met sy biografiese gegewe. Ter wille van oorsigtelikheid word sy lewensloop in hierdie studie egter in die volgende hoofstuk apart weergegee, terwyl sy bydraes tot spesifieke kultuurhistoriese of kerkmusikale terreine in die daaropvolgende hoofstukke aan die beurt kom. Hoofstuk 3 fokus op sy bydrae tot die vestiging van 'n orrelkultuur binne die Gereformeerde kerklike gemeenskap, terwyl hoofstukke 4 en 5 onderskeidelik 'n oorsig bied oor sy aktiwiteite as koorleier en oor sy omvattende

invloed op die ontwikkeling van die Gereformeerde kerklied in ons land. Vervolgens word daar aandag geskenk aan spesifieke kultuurtake waaraan hy homself gewy het.

Die slothoofstuk poog om 'n opsommende terugblik te bied op die profiel wat by wyse van die voorafgaande oorsig saamgestel is: 'n tekening van Cillié as gesins- en kerkman, as vooraanstaande wetenskaplike en as bouer en bewaarder van die Afrikaanse kultuurerfenis. Die bylaes A en B poog om 'n optekening te bied van sy nalatenskap op die gebiede van gewyde musiek (Bylaag A) en volksmusiek asook oorspronklike sekulêre musiek (Bylaag B). Ofskoon die studie geen aanspraak maak op enige volledige behandeling van die onderwerp nie, moet daar wel melding gemaak word van die feit dat alle materiaal in die Cillié versameling met die oog op hierdie navorsing gekonsulteer is, en dat die lyste van Cillié se ongepubliseerde verwerkings van gewyde musiek asook oorspronklike komposisies soos opteken in Bylaag A volledig is.<sup>11</sup>

---

<sup>11</sup> Cillié het hierdie lyste persoonlik in 'n sakboekie opgeteken. Hierdie dokument is onlangs deur die Cillié familie aan my geskenk, en kon dus dien as verifikasie van die dokumentering soos in hierdie studie aangebied.

## HOOFSTUK 2

### Biografie

#### 2.1. Cillié se afkoms, kinderjare en huwelik

In die jaar van Uniewording en van Halley se komeet is Gabriel Gideon Cillié te Van Riebeeckstraat 36, Stellenbosch, gebore. Sy geboorte op 13 Julie 1910 – so saam met die koms van die komeet – is heel gepas, aangesien hy later as sterrekundige befaamd was (Redaksioneel, 1988a:iii). “Riël”, soos onder sy vriende bekend (De Villiers, 1964:9), was die derde van sewe kinders, onder wie ook professor Piet Cillié, eertydse voorsitter van die direksie van die Nasionale pers (Breytenbach, 1990:13) en hoofredakteur van *Die Burger* (Potgieter, 1982:3).

Cillié se vader was 'n gevierde opvoedkundige en kultuurleier. Gabriël Gideon Cillié (sr.) is op 10 September 1870 op die plaas Rhebokskloof in die Blouveld, Wellington, gebore. Sy stamvader, afkomstig van Frankryk, het hom in 1701 in Suid-Afrika gevestig. Nasate uit dieselfde familie was die voortrekker Sarel Cilliers en die digter Jan Cilliers. Die Universiteit van Stellenbosch se Opvoedkunde-gebou en die Hoërskool Cillié in Port Elizabeth is na Cillié (sr.) vernoem. Eredoktorsgrade is deur die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad aan hom toegeken. As oudstudent van die Victoria-kollege en die Universiteite van Edinburgh en Straatsburg, was hy skoolhoof op Cradock en Franschoek voordat hy in 1909 professor in Klassieke Tale aan die Victoria-kollege geword het. Vanaf 1913 tot en met sy aftrede in 1947 was hy

hoogleraar in Opvoedkunde. Gedurende die tydperk 1919 tot 1925 was Cillié (sr.) die eerste rektor van die Universiteit van Stellenbosch na universiteitswording in 1918. Cillié (sr.) het die aangename ondervinding te beurt geval dat, voordat hy as professor afgetree het, Cillié (jr.) as professor in Wiskunde saam met hom op die Senaat van die Universiteit gedien het (Du Toit, 1958:7–12). Hy is in 1958 op sewe-en-tagtigjarige leeftyd oorlede.<sup>1</sup>

Cillié se moeder, Maria Elizabeth van Niekerk (1878–1927), was afkomstig van Smithfield.<sup>2</sup> Voor haar troue was sy as onderwyseres verbonde aan die Hoërskool vir Seuns op Stellenbosch. Uit die huwelik is sewe kinders gebore, vyf seuns en twee dogters. Ses van hulle het aan die Universiteit van Stellenbosch gegradeer. Cillié se moeder het 'n groot rol in vroue-organisasies gespeel, maar was in die eerste instansie moeder (Du Toit, 1958:11). Sy was moontlik die grootste invloed in Cillié (jr.) se lewe. Met haar sterk persoonlikheid het sy hom gerig en gelei. Dit was ook sy wat hom ten opsigte van musiekonderrig aangemoedig het en by hom 'n liefde gekweek het vir die verhewe skoonheid van die Protestantse kerklied (Serfontein, 1964:864). In 1927 het die Cillié's 'n groot verlies gely toe mev. Cillié oorlede is; 'n geweldige slag vir Cillié (sr.) en die jong kinders waarvan die jongste maar ses jaar oud was (Du Toit, 1958:11).

---

<sup>1</sup> Geslagsregister, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>2</sup> Geslagsregister, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.





Figuur 1:<sup>3</sup> Die Cillié-familie in 1921 voor hul huis in Van Riebeeckstraat, Stellenbosch. Gabriel Gideon Cillié (jr.) verskyn in die voorste ry aan die regterkant.

Oor die opvoeding en liefde wat die Cillié-kindere van hul moeder ontvang het, skryf

Cillié (ongepubliseerde artikel a:2) as volg:

Sy was streng met ons kindere, en veral ons seuns moes dikwels deurloop vir ons misdrywe met lyfstraf. Maar dan het dit haar ook nie ontbreek aan liefdesbetoning nie, en as ou man herinner ek my nog die gevoel van veiligheid en troos wat ek as klein kind ondervind het in haar arms.

Toe ek 8 jaar oud was, was ek ernstig siek aan 'n geheimsinnige siekte. Ons huisdokter, dr. Neethling, bygestaan deur 'n paar spesialiste van Kaapstad, kon die siekte nie diagnoseer nie, en terwyl my koors deurentyd hoog was en daar vir my lewe gevrees was, het my moeder my vir etlike maande met die grootste sorg verpleeg. Ek glo nie die gedagte het ooit by haar opgekom om vir my of een van die ander kindere na 'n hospitaal te stuur nie.

Toe ek aan die herstel was, het ons predikant, ds. D.S. Botha, eendag besoek kom aflê, en na 'n gebed vir my gevra: “En soontjie, wie het vir jou gesond gemaak?” Waarop ek sonder aarseling geantwoord het: “My moeder”. Ek dink ds. Botha was seker 'n bietjie geskok, maar hy het ewe vriendelik daarop gewys dat sulke weldade die werk van die Here is.

Twee lesse wat Cillié (ongepubliseerde artikel a:2–3) van sy moeder geleer het, was dié van ordelikheid en netheid.

---

<sup>3</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

In 'n huis waar vader en moeder so baie buite pligte gehad het, en waar daar 7 kinders oor die vloer beweeg het, was dit nodig om stip te wees, en dat elkeen sy kant sou bring. Voor elke maaltyd, drie maal op 'n dag, is daar 'n klokkie gelui, en binne redelike tyd moes elke kind by sy stoel in die eetkamer staan. As een van ons getalm het, het my vader met die agterkant van die mes drie maal op die tafel geklop, en ons was daarvoor net so bang soos vir die riempie waarmee hy ons in sy studeerkamer gelooi het.

Ons het dan saam aangesit, en soggens en saans is die ete voorafgegaan deur huisgodsdien. Soggens het dit begin met die aanleer van 'n nuwe Psalm of Gesang, waarby moeder met haar sterk alt-stem gesorg het dat ons kleintjies die spoor nie byster raak nie. Na die sang het sy dan uit Conradie se Kinderbybel voorgelees en ons moes vrae oor die stukkie beantwoord. Die huisgodsdien is afgesluit deur 'n gebed van my vader, waarvoor elkeen by sy stoel gekniel het.

In ons huis was die reël dat elke kind soggens vóór brekfis sy eie bed opmaak, en moenie glo dat jy maar net kon toetrek nie. Die klapperhaar matras moes elke môre omgedraai word en van die onderlaken af moes elke kombes netjies lê, want gereeld het my moeder inspeksie gehou. Ook moes elke kind se rakke in die klerekas in orde gehou word, met al die kledingstukke in netjiese stapeltjies.

In 1937 het Cillié aan Hester Craig Murray van Stellenbosch verloof geraak. Sy was die jongste van nege kinders en haar vader, ds. John Murray, is in 1917 oorlede toe sy maar een jaar en vier maande oud was. Die weduwee Murray het na Stellenbosch verhuis met die hoofsaaklike doel om, ter wille van haar kinders, na aan die universiteit te wees. Elkeen van haar nege kinders kon hom of haar in 'n rigting bekwaam. Mevrouw Murray het loseerders ingeneem om by te dra tot die skamele predikantsweduwee-fonds. Elke kind moes die geld vir sy of haar geleerdheid self bekom en terugbetaal (Van der Merwe, 1979:5–6). Hester het haar as Huishoudkunde-onderwyseres bekwaam (Breytenbach, 1990:13). Op 7 Julie 1939 is die Cillié-egpaar getroud en twee seuns, Gabriel Gideon (16 Februarie 1944), soos sy vader 'n wiskundige van beroep, Petrus Johannes (28 Augustus 1949), 'n prokureur, asook ses kleinseuns is uit die huwelik gebore.<sup>4</sup>

---

<sup>4</sup> Geslagsregister, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.



Figuur 2:<sup>5</sup> Die Cillié-egpaar op hul huweliksdag op 7 Julie 1939.

Oor sy huwelik en gesin het Cillié aan De Villiers (1983:11–12) soos volg verhaal:

Dis vir my swaar om oor my wonderlike huwelik te praat; dis so privaat en amper iets wat in die hemel is... maar, nietemin, sy't in Transvaal gaan skoolhou terwyl ek daar gewerk het en ons is middel 1939 getroud... Nou't ons twee seuns, Riël en Pieter (die dokter het gesê ons moet dankbaar wees dat ons wel die twee het)... en ons ses kleinseuns is ons kosbaarste besittings op aarde... Moet nou nie vir my lag nie... hier voor my lê die manuskrip van 'n storie wat Oupa Gawie vir hulle geskryf het: “Rits, die swaeltjie wat sy eie kop gevolg het”... Die Pretoriase en Durbanvillese groeple sal elk 'n fotokopie kry.

As ek daarvoor nadink hoe Hettie my deur my lewe ondersteun het en wat sy nie alles moes opoffer nie! Toe Flip en Johan en Pieter hul onderskeie Stellenbosch-kore oorgeneem het, het Hettie elkeen se vrou gewaarsku: “Nou word jy 'n koorweduwee...” Selfs die kinders het gekla: “ Ons ken amper nie ons pa nie”... en wat kon ek nou eintlik daaraan doen? Dikwels het sy darem saamgetoer... maar in die kwartaal moes sy maar feitlik elke dag, tussen die oefeninge in, met 'n haastige ete regstaan...

Mev. Cillié het aan talle vroueverenigings behoort, in Cillié se kore gesing en soos reeds genoem, waar moontlik, hom op sy konserttoere vergesel (Van der Merwe, 1979:7). Sy is op 10 Augustus 1990 oorlede en te Stellenbosch begrawe.<sup>6</sup>

---

<sup>5</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>6</sup> Begrafnisbrief, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

## **2.2. Akademiese loopbaan**

### **2.2.1. Skoolloopbaan**

Cillié het sy skoolopleiding op vierjarige ouderdom aan die Bloemhof Laerskool begin. Daarna was hy van Standaard 2 tot matriek 'n leerling aan die Hoër Jongenskool in Stellenbosch (Redaksioneel, 1988a:iii). Hy het Matriek op vyftienjarige ouderdom aan die Hoër Jongenskool (tans Paul Roos Gimnasium) geslaag en was altyd die jongste in sy klas. Nietemin was hy altyd onder die toppresterders (Breytenbach, 1990:13). Sy vakke het bestaan uit Afrikaans (op daardie stadium pas as amptelike taal erken), Engels, Wiskunde, Chemie, Latyn en Grieks. Sy skoolhoof, die legendariese Paul Roos, het by geleentheid soos volg oor dié leerling geskryf: “ I certainly consider him one of the best boys our school has produced in Mathematics and Science... as a tennis player I think he has decidedly a future” (Olivier, 2002:2).

Vroeg in sy lewe reeds het Cillié 'n besondere belangstelling in die Wiskunde getoon:

...Van my laerskooldae af was ek lief vir syfers en berekeninge...vir die sogenaamde ‘probleemkaartjies’... later, in Paul Roos-Gimnasium, het ek twee uitmuntende Wiskunde-onderwysers gehad: mnr. Gawie Pretorius en dan, veral, oom Bill Alheit. Sy meetkunde-metodiek, naamlik die gebruik van ‘gedifferensieërde’ onderwys (jare voordat dit amptelike beleid geword het) waarvolgens 'n paar van ons toegelaat was om vooruit op ons eie te werk, het by my 'n diepe belangstelling in daardie vak ontken (Cillié in De Villiers, 1983:5).

### **2.2.2. Studie aan die Universiteit van Stellenbosch**

Na Matriek is Cillié in 1926 na die Universiteit van Stellenbosch waar hy hom ingeskryf het vir die B.Sc.-graad met Wiskunde en Fisika as hoofvakke (Smith, 1981:5–6). In die Analise- en Algebra-gedeelte van sy Wiskundekursus is Cillié onderrig deur die beroemde prof. Ebbie Stegmann, wie se “selfwerkmetode” en sy aandrag dat elke probleem vanaf grondbeginsels gedoen moes word, 'n permanente en diepgaande indruk op Cillié gelaat het. Die Meetkunde en Trigonometrie-gedeelte het hy van 'n Skot, 'n prof. McKenzie, ontvang. Onder sy leiding het Cillié deeglike opleiding ondergaan in onder meer die teorie van keëlsnitte en later, in sy vierde jaar, in Nie-Euklidiese Meetkunde, 'n kennis wat vir hom later baie waardevol was in sy navorsing oor die Sterrekunde. In Fisika het nog 'n Skot, prof. Morrison, hom touwys gemaak oor hoe om sy nuutverworwe wiskundige tegnieke toe te pas om sodoende die geheimenisse van die teoretiese fisika te ontrafel (De Villiers, 1986:12). Binne vier jaar het hy die grade B.Sc. (1928) en M.Sc. (1929) (beide met lof) verwerf (Breytenbach, 1990:13 en Cillié, 1968a:1).

### **2.2.3. Studie aan die Universiteit van Oxford**

In 1929, op negentienjarige ouderdom, is die Rhodes-beurs aan Cillié toegeken. Hierdie beurs is jaarliks, volgens die testament van Cecil John Rhodes, aan 'n uitstaande leerling van die Paul Roos Gimnasium toegeken (Du Plessis in Smith, 1981:6). Cillié (in De Villiers, 1983:5) vertel:

Ek was gelukkig genoeg om 'n Rhodes-beurs te verower (bo my klasmaat, Gideon Roos, wat dit eintlik moes gekry het... maar hy het, na een jaar op universiteit, van kursus verander en dit het miskien teen hom getel).

Nadat hy sy M.Sc.-graad verwerf het, is Cillié per skip na Engeland om in Januarie 1930 aan Hertford-kollege, Oxford, te studeer:

Ek het gegaan met die idee om 'n navorsingstudent van die astro-fisikus, prof. Milne, te word... maar daar was 'n paar aanvanklike hekkies waarvoor ek eers moes kom... In daardie wagtydperk het ek 'n kwartaal lank 'n musiekkursus geloop en toe ek aanvaar is, het ek met my doktorale studies begin... Eintlik was dit op twee temas gebaseer: Die interne opbou van die sterre (wat te doen het met gewigtige materie) en die veel meer wasige planetêre newels en hul uitstraling... hier, dus, die aaneenskakeling van my wiskunde met die sterrekunde (Cillié in De Villiers, 1983:5–6).

Milne het die mening gehuldig dat die groot Cambridge-sterrekundige, Eddington, se wiskundige model vir die toestandsvergelykings van 'n ster verbeter kan word. Dit was 'n groot geskilpunt in daardie dae en Milne het aan Cillié die opdrag gegee om die fynere wiskundige details van sy verbeterde teorie uit te werk. Hierdie studie het onder meer 'n geweldige aantal numeriese berekeninge vereis. Elektroniese rekenaars sou eers drie dekades later hulle verskyning maak en Cillié moes al sy berekeninge met behulp van 'n meganiese draairekenaartjie doen. In daardie tyd het die beroemde fisikus, Fermi, met behulp van statistiese metodes 'n groot deurbraak op hierdie gebied gemaak en is die geldigheid van Milne en Cillié se werk grootliks bevestig (De Villiers, 1986:12).

Gedurende sy studie in Oxford het Cillié akademies groot baat gevind by prof. Milne se gereelde “Collequia”, waar besoekers van die formaat van Albert Einstein soms opgetree het (Cillié in De Villiers, 1983:5–6):

Dinsdagaande het ons in die professor se kollege-kamers ‘Colloquium’ (sic.) gehou... Die wêreld se beroemdste wiskundige, Albert Einstein, (toe reeds 'n vlugteling uit Duitsland) het vir een maand elke jaar by ons groepie ingesit en ons op sy stil manier beïndruk met sy ongelooflike wye kennis van elke tak van die teoretiese fisika... Dit was verstommend... ons het met mekaar gewedywer wie hom eerste een van ons gasheer se sigarette kon aanbied wat hy dan oopgebreek en in sy pyp gestop het (Cillié in De Villiers, 1983:5–6).

Die navorsingstudente moes dikwels self verslag doen oor nuwe publikasies en só het Cillié opdrag van Milne ontvang om die Hollandse sterrekundige, Zanstra, se nuutste werk te bestudeer en voor te dra. Hierdie teorie het gegaan oor die berekening van die temperatuur van planetêre newels se sentrale sterre. Cillié is hierdeur sodanig gestimuleer dat hy uiteindelik sy eie betekenisvolle bydraes tot Zanstra se teorie gelewer het en dit daarna ingewerk het as die tweede gedeelte van sy proefskrif (De Villiers, 1986:12).

Tydens sy studie onder prof. Milne het laasgenoemde 'n beurs verwerf om na Berlyn te gaan en het Cillié verlof van die universiteitsowerhede ontvang om hom te vergesel. In Berlyn het hy weer die geleentheid gekry om Einstein in formele voordragte te hoor en persoonlik te ontmoet (Du Plessis in Smith, 1981:7). Hy moes hard werk, maar het sy doktorsgraad op die vroeë ouderdom van twee-en-twintig verwerf (Breytenbach, 1990:13). In Oxford is Cillié ook verkies as lid van die *Royal Astronomical Society*, een van die jongste lede in die geskiedenis van daardie deurlugtige vereniging (Olivier, 2002:3).

#### **2.2.4. Studie aan die Harvard Universiteit**

By 'n ete vir Rhodes-beurshouers het Cillié die sekretaris van die Harkness-fonds, die Amerikaanse ekwivalent van die Rhodes-beurs, ontmoet (Breytenbach, 1990:13). Nadat Cillié in Junie 1933 sy D.Phil.-graad in Astrofisika behaal het, is 'n “Commonwealth Fund Fellowship” as gevolg van hierdie kontak aan hom toegeken. In September 1933 het hy gevolglik na die Harvard Universiteit vertrek

(Cillié, 1968a:1), een van die voorste Amerikaanse Universiteite wat Sterrekunde aan betref (Breytenbach, 1990:13). Hier het Cillié aanvanklik onder leiding van Donald Menzel gewerk, die astrofikus wat in 1932 beroemdheid verwerf het met sy pragtige spektra van daardie jaar se algehele sonsverduistering. Gesamentlik het Menzel en Cillié 'n belangrike publikasie tot stand gebring. Daarna word hy medewerker van die beroemde baanbreker op die gebied van komete, Fred Whipple, die man wat in 1950 vir die “dirty snowball”-konsep van komete verantwoordelik was. Weereens was dit Cillié se aansienlike wiskundige aanleg wat hom in staat gestel het om, in opdrag van Whipple, al die elemente van die destyds nuut-ontdekte “Comet Whipple” se baan te bereken. (De Villiers, 1986:12–13). Whipple het by geleentheid 'n herdruk van een van sy artikels aan Cillié gestuur met die volgende inskripsie: “With my compliments to the best astrophysicist in the world, G.G. Cillié” (Olivier, 2002:3).<sup>7</sup>

### **2.2.5. Terugkeer na Suid-Afrika**

In 1935 wou Cillié na Suid-Afrika terugkeer. Dit was gedurende die jare van die Depressie en dit was uiters moeilik vir gegradueerdes om werk te kry. Danksy sy puik akademiese rekord het hy egter 'n pos as junior lektor in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand bekom (Breytenbach, 1990:13).

In 1938 het die hoof van die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria hom genooi om aansoek te doen om 'n pos as senior lektor (Breytenbach, 1990:13). Hierdie pos het hy vir ses maande bekleed (Cillié, 1968a:1).

---

<sup>7</sup> Vergelyk Bylaag C, dokument 3.



In April van daardie jaar het dit rugbaar geword dat die hoof van die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, prof. A.H. McKenzie, van plan was om af te tree (Smith, 1981:9). “Ek was verwaand, het aansoek gedoen... en die pos gekry”, vertel Cillié (Breytenbach, 1990:13). Vanaf 1 Julie 1939 is hy aangestel as hoogleraar in Wiskunde saam met prof. E.T. Stegmann (Smith, 1981:9). Saam het hulle vir sowat tweehonderd studente doseer (Breytenbach, 1990:13). In 1964 is Cillié verkies tot lid van die Universiteitsraad en het hy dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe geword (Olivier, 2002:5). Hy het op verskeie universiteitskommissies gedien, onder meer die Aanstellingskomitee, die Uitvoerende komitee (tydelik), die Eregradekomitee en verskeie ander fakulteitskomitees (Smith, 1981:13). Die pos as hoogleraar in Wiskunde het hy tot en met sy aftrede aan die einde van 1975 bekleed (Smith, 1981:9).

#### **2.2.6. Werksaamhede aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

In 1975 het Cillié uit diens van die Universiteit Stellenbosch getree, maar in werklikheid was dit die begin van nuwe werksaamhede. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het hom genooi om daar dosent in Kerkmusiek te word, aangesien die Departement van Musiek toe ook 'n Afdeling Kerkmusiek tot stand gebring het. Die voltydse personeel was Cillié en mev. Barbara Louw (Raubenheimer, 1985:18). In die tyd van Cillié en mev. Louw se samewerking (1977–1982) is die volgende belangrike mylpale bereik:

- 'n Drie-semesterkursus in Himnologie en Liturgie is as deel van die gewone orrelkursus vir alle orrelstudente aangebied, terwyl die Kerkorrelisdiploma wat verval het, heringestel is.
- Sedert die aanvang van die Teologiese Fakulteit aan die UOVS (1981) is 'n eenjarige kursus in Himnologie aan teologiese studente aangebied. Daar was ook 'n weeklikse sangsessie vir die studente van al vier teologiese jaargange.
- Die Musiekdepartement het opdrag ontvang om die harmonisering van die gesange-afdeling in die nuwe Koraalboek (1978) te hanteer. Die Afdeling Kerkmusiek was daarvoor verantwoordelik om die hele projek te koördineer en af te rond.
- In 1982 is een van Cillié se basiese opdragte afgehandel met die verskyning van sy magistrale publikasie *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?*<sup>8</sup>
- Die reeks *Liturgiese Orrelmusiek* is verder uitgebrei deur die verskyning van Bande 3 (1979) en 4 (1980), wat bestaan uit orrelverwerkings van bekende psalm- en gesangmelodieë.<sup>9</sup>
- Twee koorboeke het verskyn: *Kom loof die Heer, Deel 1* (1979) en 2 (1982).<sup>10</sup> Die koorverwerkings van psalms en gesange wat daarin opgeneem is, is bedoel vir skool- en kerkkore.
- Talle kursusse vir orreliste, predikante en kerkrade is aangebied, konferensies en verenigings is toegesprek en gemeentes is besoek (Raubenheimer, 1985:18).

---

<sup>8</sup> Vergelyk 1.1.2. en 5.6.

<sup>9</sup> Vergelyk Bylaag A, 2.1.

<sup>10</sup> Vergelyk Bylaag A, 1.2.

In Januarie 1983, nadat Cillié hierdie pos vir byna sewe jaar beklee het, het dr. Louwrens Strydom vir Cillié opgevolg as senior lektor in Kerkmusiek, hoof van die Afdeling Kerkmusiek en dosent in Himnologie (Raubenheimer, 1985:18; Breytenbach, 1990:13).



Figuur 3:<sup>11</sup> Dosente en studente verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Musiekdepartement (1978). Cillié en mev. Barbara Louw verskyn in die voorste ry onderskeidelik derde en vierde van links.

---

<sup>11</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

## 2.3. Musiekloopbaan

### 2.3.1. Vroegste musiekopleiding

Cillié was van kleintyd af 'n musiek liefhebber. Sy ouers, albei lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk, het hom streng godsdienstig grootgemaak. Soos vermeld onder 2.1. het Cillié grootgeword in 'n huis waar kuns, kultuur en musiek, en veral kerkmusiek, beoefen is (Smith, 1981:4). Hy was skaars vyf toe sy moeder hom reeds die grondbeginsels van notasie en klavierspel geleer het (Van der Merwe, 1979:2):

Presies wanneer ek as kind bewus geword het van musiek kan ek nie meer onthou nie. My oorlede moeder het eenmaal gesê dat toe ek nog 'n pap baba in die wieg was, het dit vir haar gelyk asof ek my oortjies spits as daar êrens in die huis gesing of musiek gemaak word.

In my kinderdae was daar nog nie iets soos 'n radio of 'n dra-radio nie, en ons kon ook nie 'n grammofoon bekostig nie. Al musiek wat ons in die huis gehad het, was wat ons self gemaak het. Ons het darem 'n klavier gehad en ons kinders moes van kleins af leer om klavier te speel (Cillié in 'n radio-onderhoud, 1981a: 1).

Sy eerste musiekonderwyseres ná sy moeder was mev. E. Louwrens, terwyl hy tydens sy hoërskooldae onderrig in harmonie ontvang het van mej. Martha Jannasch (Cillié, 1968a:1).

Cillié se moeder het 'n groot bewondering gehad vir prof. F.W. Jannasch (1883–1929), in wie se koor sy gesing het (Smith, 1981:5):

Iemand wat verskriklik baie beteken het vir my genot van musiek was ons orrelis op Stellenbosch, Friedrich Wilhelm Jannasch. Ek het altyd Sondae in die kerk geluister hoe hy die Psalms en Gesange harmoniseer, en kon dan na kerk nie vinnig genoeg by die huis kom om te kyk of ek hulle nét so op die klavier kon harmoniseer nie (Cillié in 'n radio-onderhoud, 1981a:1).

Prof. Jannasch was destyds hoof van die Konservatorium op Stellenbosch (Serfontein, 1964:864). Cillié se musiekloopbaan het vanaf Standerd 7 (Smith, 1981:5) met studie van orrelspel en musiekteorie onder prof. Jannasch ontplooi en onder die invloed van dr. Con de Villiers, Stephen Eyssen en ander rigting gekry (Hartman, 1965:1). As leerling van prof. Jannasch kom hy uit 'n strenge skool met eerbied vir en kennis van Gereformeerde kerkmusiek, dié wat volgens Calvyn “poids et majesté” moet besit. Cillié het sy lewe lank die Protestantse kerkmusiek bestudeer en as toetssteen die werke van J.S. Bach aanvaar (De Villiers, 1964:9–10):

... Een wintersmiddag, toe die reënwolke swaar gehang het oor die Stellenbosse berge, het ek op die orrelgalery 'n ontdekking gemaak wat vir my meteens 'n vergesig gegee het oor die wonderwêreld van musiek. Een van my eksamenstukke was uit 'n bundel van Bach se orrelwerke. Ek blaai toe so deur die boek, en probeer so hier en daar, en met dié kom ek af op die baie beroemde Tokkate in D-mineur. Tot op daardie oomblik het ek nog nooit daarvan gehoor nie. Maar selfs my uiters gebrekkige lees-weergawe van die werk het my meegevoer. Hier was nou ware orrelmusiek. Later sou ek kennis maak met groter orrelwerke, maar die vergesig wat die Tokkate in d-mineur vir my daardie Saterdagmiddag op die orrelgalery gegee het, sal ek nooit vergeet nie (Cillié in 'n radio-onderhoud, 1981a:1).

Cillié het veel bygedra om die Bach-kultuur in Suid-Afrika te bevorder. Hy is binne die tydvak van sy bydrae beskou as “'n uitmuntende kenner van Bach se liturgiese musiek en van die koraal”, “die volkslied in diens van kerkmusiek” (De Villiers, 1964: 9–10).



Figuur 4:<sup>12</sup> Cillié, bygestaan deur prof. Reino Ottermann, lê namens die Stellenbosse Konservatorium 'n krans op die graf van F.W. Jannasch tydens die herdenking van die 90ste bestaansjaar van die konservatorium.

### 2.3.2. Latere musiekopleiding en koorsang

Tydens Cillié se akademiese studie en sy navorsingswerk in Engeland en Amerika, het hy ook op die gebied van musiek verder studeer, sodat hy 'n bekwame orrelis geword het en hom ook ten opsigte van komposisie bekwaam het (Hartman, 1965:1).

In 1929, die jaar waarin hy sy M.Sc.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang het, was hy en 'n medestudent, E.H. Söhnge, orreliste van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, aangesien prof. Jannasch vir die grootste deel van

---

<sup>12</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

die jaar siek was. Gedurende sy studentejare op Stellenbosch het hy ook in prof. Jannasch se kerkkoor gesing (Smith, 1981:6).

Ook tydens sy oorsese studie het Cillié steeds sy musikale bedrywighede voortgesit (Breytenbach, 1990:13). Hy was lid van die Bach-koor in Oxford (dirigent: dr. C. Harris) en 'n koorlid van die baie aktiewe mannekoor, die *Harvard Glee Club* onder leiding van die dirigent G. Wallace Woodworth (Cillié, 1968a:1). Belangrike werke wat die Oxford-koor gedurende hierdie tyd uitgevoer het, was onder meer die *Mattheus-passie* van Bach en die *Requiem* van Johannes Brahms. Werke wat deur die *Harvard Glee Club* uitgevoer is, sluit onder meer in die *Mis in b mineur* van Bach en die Negende Simfonie van Beethoven. Tydens sy oorsese studies was hy 'n orrelstudent van B.C. Allchin, wat aan die *Royal College of Music* verbonde was (Malan, 1980:266).

Gedurende die tydperk wat Cillié verbonde was aan die Universiteit van die Witwatersrand, was hy assistent-orrelis in die Braamfontein Gereformeerde Gemeente en ook 'n lid van dié gemeente se kerkkoor (Smith, 1981:9).

#### **2.4 Buitelandse besoeke**

Benewens sy oorsese studie, het Cillié ook 'n aantal buitelandse besoeke onderneem. Gedurende 1955 is die Cillié's as toerouers saam met die Afikaanse Studentebond-toergroep na Europa (Van der Merwe, 1979:7). Tydens hierdie toer is onder meer Nederland, Wes-Duitsland, Oostenryk, Switserland, Frankryk en Vlaandere besoek.



Die groep van twee-en-twintig het bestaan uit studente van alle Afrikaans-medium inrigtings vir hoër onderwys. Hulle het konserte gehou en 'n program, saamgestel deur Schalk Theron, (later direkteur van SUKOVVS), is uitgevoer. Die program was 'n musikale voorstelling van die geskiedenis van Suid-Afrika (Smith, 1981:13).



Figuur 5:<sup>13</sup> Die Afrikaanse Studentebond-toergroep van 1955 tydens 'n opname vir die Vlaamse Televisie.

Gedurende 1961–62 het Cillié langverlof geneem, waartydens hy en sy vrou na Amerika is. Daar het hy weer te Harvard verdere navorsing in sterrekunde gedoen. Terwyl hulle vir vyf maande in Cambridge, Massachusetts, gewoon het, kon hy ook die Internasionale Sterrekundige Vereniging (I.A.U.) se kongres in San Francisco bywoon (Smith, 1981:13).

---

<sup>13</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.



Weens die kultuurverdrag wat daar tussen Suid-Afrika en België bestaan het, is Cillié in 1969 na België waar hy Belgiese universiteite besoek en lesings gegee het (Smith, 1981:13). In 1973 het hy weereens die Internasionale Sterrekundige Vereniging se kongres bygewoon wat plaasgevind het in Sydney, Australië, vanaf 21 tot 23 Augustus 1973. Gedurende dieselfde jaar het Cillié, deur bemiddeling van die W.N.N.R., ook Pole besoek, aangesien dit daardie jaar die vyfhonderdjarige geboortedagviering van die vader van die moderne sterrekunde, Nicolaus Copernicus (1473–1543) was (Smith, 1981:14).



Figuur 6:<sup>14</sup> Prof. en mev. Cillié voor die Carslaw-gebou op die kampus van die Universiteit van Sydney tydens die Internasionale Sterrekundige Vereniging se kongres.

In 1975 het Cillié die driehonderdjarige feesviering van Greenwich Sterrewag in Engeland bygewoon en was hy en sy vrou ook vir 'n naweek na België (Smith, 1981:14).

---

<sup>14</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

## 2.5. Sterrekunde

Ten spyte van hierdie bedrywighede staan sy werk as astro-fisikus en dosent nie stil nie. In die sestigerjare doen hy veral navorsing oor die stabiliteit van 'n spesifieke komete-wolk en publiseer talle wetenskaplike artikels.

Cillié tree op as leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Vyftiende Algemene Vergadering van die Internasionale Sterrekundige Vereniging in Sydney (1973). Hy skryf populêre boeke en artikels (ook vir kinders) oor die sterrekunde en gee radiopraatjies oor die onderwerp. In 1958 stel hy 'n lys van 1200 Afrikaanse sterrekunde-terme saam, wat later uitloop op die Sterrekundewoordeboek (1966) wat in 1990 hersien is – met Cillié, op tagtigjarige leeftyd, steeds daarby betrokke (Olivier, 2002:5).

## 2.6. Toekennings

Cillié se omvattende bydrae tot die kultuurlewe van die Afrikaanse gemeenskap is by wyse van die volgende toekennings erken:

- 'n Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is in 1964 aan hom toegeken vir sy werk op die gebied van kerkmusiek (Redaksioneel, 1964b:6).<sup>15</sup>

---

<sup>15</sup> Verwys na Bylaag C, dokument 2.



Figuur 7:<sup>16</sup> Die erepenning vir musiek word deur mev. W. Kempen aan Cillié oorhandig.

- Cillié het in 1960 'n oorkonde van die FAK ontvang vir sy besondere bydrae ter bevordering van Afrikaanse Kerkmusiek (Cillié, 1968a:4).
- In 1982 is die Pieter van Drimmelen-medalje vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur aan hom toegeken (Lombaard, 1982:i).<sup>17</sup>
- Op 21 Maart 1985 het hy die Dekorasie vir Voortreflike diens van staatspresident P.W. Botha ontvang (Breytenbach, 1990:13).
- 'n Eredoktorsgraad, D.Phil. (honoris causa), is op 14 September 1985 deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aan hom toegeken (Redaksioneel, 1985:10).

---

<sup>16</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>17</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.



Figuur 8:<sup>18</sup> Cillié, prof. B. Kok, eertydse kanselier van die Universiteit van Oranje-Vrystaat, en die skrywer Etienne Leroux tydens die gradeplegtigheid van 15 September 1985 waartydens Cillié en Leroux eredoktorsgrade ontvang het.

- In 1985 is erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging aan hom toegeken (Olivier, 1985: 1–2).<sup>19</sup>
- Cillié het tydens die FAK se jaarvergadering op 15 Julie 1985 'n toekening vir besondere kultuurprestasie ontvang.<sup>20</sup>

---

<sup>18</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>19</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>20</sup> Inskrywing op foto in plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.



Figuur 9:<sup>21</sup> Mnr. Dirkie de Villiers oorhandig die toekenning vir besondere kultuurprestasie aan Cillié tydens die 1985-jaarvergadering van die FAK.

- Die Bolandse tak van die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond het in 1986 erelidmaatskap aan hom toegeken (Louw, 1986:i).<sup>22</sup>
- Cillié het die Erepresidentskap vir 1986 van die Rapportryerskorps ontvang (Schwartz, 1985:i).<sup>23</sup>
- Spesiale erekleure is deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken (Redaksioneel, 1988b:i).<sup>24</sup>
- 'n Oorkonde en goue penning is in 1985 deur die Universiteit van Stellenbosch se Klub van Oud-Studenteraadsvoorsitters aan hom oorhandig (Van der Westhuizen, 1999:18).

<sup>21</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>22</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>23</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>24</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

- Cillié ontvang in 1987 'n oorkonde van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging uit erkenning vir sy groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse Koorsangkuns (Van der Westhuizen, 1999:18).
- Lewenslange lidmaatskap is in 1992 deur die Kaapse Orrelgilde aan hom toegeken (Van der Westhuizen, 1999:18).
- 'n Eredoktorsgraad, D.Phil., is op 2 April 1993 deur die Universiteit van die Stellenbosch aan hom toegeken.<sup>25</sup>

## **2.7. Prominente posisies deur Cillié beklee**

Cillié se bydrae tot die kultuurbewaring in ons land word ook weerspieël in die leiersposte wat hy in verskeie komitees en kommissies beklee het:

- Vir tien jaar, 1971–1981, was hy Raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Olivier, 2002:5).
- Cillié het vanaf 1946 tot 1979 op die Musiekkommissie van die FAK gedien en was vir 6 jaar voorsitter van die organisasie (Olivier, 2002:5).
- Hy het gedien op die Senaat van die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Port-Elizabeth en was lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch (Olivier, 2002:5).

---

<sup>25</sup> Deur H.P. van der Westhuizen meegedeel tydens 'n onderhoud gevoer op 26 September 2006.

## 2.8. Cillié se afsterwe

In Maart 1998 is Cillié onderweg na sy seun in Durbanville ernstig beseer toe sy motor op die Koelenhof-pad buite die dorp omgeslaan het. Sy motor het verskeie kere gerol en teen 'n boom tot stilstand gekom. Na die ongeluk is Cillié aan 'n asemhalingsmasjien gekoppel. Hy het 'n longbesering opgedoen, nege van sy ribbes is gebreek en hy moes weens inwendige bloeding 'n bloedoortapping kry (Redaksioneel, 1998:2).

Na sy ontslag uit die hospitaal is Cillié vir twee jaar in die Odeon Towers-Versorgingsoord in die Strand versorg. Gedurende hierdie tyd het sy gesondheid verder verswak. Gabriel Gideon Cillié sterf op 15 Junie 2000 (Ferreira, 2000:2).

In 'n huldeblyk gelewer tydens die dankdiens vanuit die NG Moederkerk, Stellenbosch, het die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Andreas van Wyk, gesê: “Die hele Suid-Afrika, wetenskaplike wêreld, Afrikaanssprekende gemeenskap en veral die Universiteit van Stellenbosch is veel armer met die afsterwe van prof. Gawie Cillié. Sy gawes as dosent was legendaries. Hy kon mense inspireer en sy kennis op 'n nie-prekerige manier aan jong mense oordra” (Ferreira, 2000:2).

Die dankdiens is gelei deur dr. Clifford Heys wat uit Psalm 8 voorgelees het. Die diens is ingelui met die sing van Psalm 84 (Hoe lieflik is u wonings, Heer), wat volgens Heys elke Sondag voor kerk in die Cillié-woning gesing is (Ferreira, 2000:2). Cillié is in die Papegaaiberg begraafplaas ter ruste gelê (Ferreira, 2000:2). Hy is op

daardie stadium oorleef deur sy jongste broer, Sybrand, twee seuns en vyf kleinseuns (Redaksioneel, 2000:2).

Binne die tydvak van sy lewe was Gabriel Gideon Cillié 'n deskundige op die gebied van die wiskunde en sterrekunde. Daarbenewens het hy ook op die terrein van kerkmusiek en as koorleier, as komponis en verwerker, as orrelis, as kultuurleier en as geleentheidspreker presteer en was sy arbeid invloedryk en vormend. Ook op die persoonlike vlak, as kollega, vriend en gesinsman, het Cillié met groot onderskeiding en integriteit geleef – 'n veelsydigheid wat volgens De Villiers (1983:5) tot “bykans ongekende hoë vlakke gevoer is”.



## **HOOFSTUK 3**

### **Cillié as orrelis en orrelbou-adviseur**

As diepgelowige was dit 'n noodwendige uitvloeisel dat Cillié sy liefde vir musiek as orrelis en deur kerkmusiek sou utoefen. Alhoewel Cillié in die eerste plek 'n natuurwetenskaplike was, was dit sy liefde vir die Protestantse kerklied wat daartoe bygedra het dat hy 'n uiters betekenisvolle bydrae tot die kerkmusiekgeskiedenis van Suid-Afrika gelewer het.<sup>1</sup> In 'n tydvak toe daar min persone was wat leiding kon neem op die terrein van kerkmusiek, het Cillié vanuit sy agtergrond as orrelleerling van prof. F.W. Jannasch en B.C. Allchin en ook as waarnemende studente-orrelis van die Moedergemeente op Stellenbosch, homself ná sy studies spoedig as bekwame orrelis en invloedryke raadgewer op die gebied van orrelboukunde gevestig.<sup>2</sup>

#### **3.1. Aanstelling as orrelis van die NG Moedergemeente, Stellenbosch (1939–1964)**

Volgens Serfontein (1964:864) het 'n ds. Du Toit, destydse skriba van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, in Desember 1939 aan die voordeur van die huis in Minseriestraat geklop. Toe Cillié oopmaak, is 'n bos sleutels sonder enige seremonie aan hom oorhandig en is hy kortaf meegedeel dat hy voortaan die orrel van die Moedergemeente moes bespeel. Dit was die begin van 'n toegewyde loopbaan as orrelis en invloedryke raadgewer in kerklike kringe ten opsigte van kerkmusiek.

---

<sup>1</sup> Vergelyk 1.1.2.

<sup>2</sup> Vergelyk 2.3.1. en 2.3.2.



Figuur10:<sup>3</sup> Cillié by die speeltafel van die orrel in die NG Moedergemeente, Stellenbosch.

In retrospeksie is dit vandag duidelik dat Cillié, in sy hoedanigheid as orrelis van Stellenbosch se Moedergemeente, bestem was om die rigtinggewende werk van sy eertydse leermeester, prof. F.W. Jannasch, voort te sit. Die belangrikheid en tydigheid van hierdie bydrae is veral beduidend in die lig van die periode van insinking ten opsigte van die Gereformeerde kerkmusiek wat gedurende die dertigerjare van die vorige eeu ingetree het. McLachlan (1964:3) wys daarop dat opleiding vir orreliste binne die konteks van die Gereformeerde liturgie op daardie stadium feitlik nie in Suid-Afrika bestaan het nie en dat die gebruik van musikaal minderwaardige kerkliedere merendeels sonder teenkanting toegelaat is. Cillié is allerweë beskou as een van die eerste en invloedrykste figure wat walgegooi het toe kerkmusiek gedreig

---

<sup>3</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

het om in sentimentaliteit en onwaardigheid te verval (Redaksioneel, 1964b:6). In sy huldigingswoord by die oorhandiging van 'n erepenning vir Cillié se bydrae tot kerkmusiek in 1964, sê dr. Anton Hartman (1965:2): “Sy invloed op dié terrein was baie sterk, want hy het verstaan hoe om ons mense op 'n simpatieke manier te oortuig, sonder om hulle die harnas in te jaag”.<sup>4</sup>

Reeds binne sy eerste jare as kerkorrelis het die positiewe leiding wat van Cillié uitgegaan het, op wyer terrein weerklank gevind. Deur middel van praktiese en teoretiese werk het Cillié 'n leidende figuur op die terrein van kerkmusiek in Suid-Afrika geword (McLachlan, 1964:4–5). Hierdie bekendheid het daartoe aanleiding gegee dat Cillié toenemend deur gemeentes geraadpleeg is as adviseur by die bou en herbouing van orrels.

### **3.2. Cillié as adviseur by die ontwerp en herbouing van orrels**

In talle kerke dwarsdeur Suid-Afrika is daar vandag orrels wat deur Cillié ontwerp en in die meeste gevalle ook ingewy is. Hierdie bydrae het hy kosteloos gelewer in 'n tyd toe daar min ander persone in die land was wat bevoeg was om leiding in hierdie verband te gee (McLachlan, 1964:6).

Die eerste gemeente wat Cillié genader het vir die opstelling van 'n disposisie, was dié van Kakamas. Volgens Smith (1981:12) het Cillié later vertel dat hy hier een van

---

<sup>4</sup> 'n Erepennig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is in 1964 aan Cillié toegeken vir sy werk op die gebied van kerkmusiek (Redaksioneel, 1964b:6); vergelyk 2.6.

die “groot foute” van sy lewe gemaak het. Hy het aan die predikant van die gemeente, 'n ds. Shaw, gevra om sy betrokkenheid by orrelbou nie aan ander predikante rugbaar te maak nie, aangesien hy nie tyd het “om met orrels ook te werk nie”. Ds. Shaw het hierdie versoek egter nie gerespekteer nie, met die gevolg dat Cillié voortaan op groot skaal deur gemeentes insake orrelbou genader is. Cillié het meesal 'n disposisie opgestel met kommentaar daarby.

Die Vrystaatse orrelbouer, Jan Elsenaar (2006:1), noem dat Cillié dikwels saam met die firma Cooper, Gill en Tomkins gewerk het en dat genoemde firma hul orrels van veral Laukhuff (Duitsland) ingevoer het.<sup>5</sup> As voorbeeld kan die orrel in Bloemfontein-Wilgehof genoem word, wat in 1959 uit Duitsland ingevoer is. Estetiese vormgewing was in daardie jare nie belangrik nie en die orrel is agter 'n pypgordyn opgestel. Verdere voorbeelde van Laukhuff-orrels waarby Cillié betrokke was, is in die Nederduits Gereformeerde Kerk, De Aar-Noord en die Gereformeerde Kerk, De Aar.

Cillié het ook dikwels saam met die Suid-Afrikaanse Orrelbouers-firma gewerk. Laasgenoemde firma was in die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu in 'n samewerkings-ooreenkoms met die Duitse firma, Walcker.<sup>6</sup> As voorbeeld noem Elsenaar (2006:1) die orrel in Bethlehem-Môreilig Gemeente wat gedeeltelik in Suid-Afrika en gedeeltelik in Duitsland gemaak is. Al die metaaltype is ingevoer, terwyl die houttype in Suid-Afrika gemaak is. Die tongregisters is van Palmer uit Engeland.

---

<sup>5</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>6</sup> Verdere voorbeelde van SAOB / Walcker-orrels waarby Cillié betrokke was, staan in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Hennenman en die Nederduits Gereformeerde Kerk, Ladybrand-Noord.

Laasgenoemde het 'n veel ronder toon as die Duitse tongregisters en Cillié het die klank van die Engelse tongregisters verkies (Smith, 1981:12).

In hierdie opsig kan daar met reg kritiek gelewer word op die konsekwentheid van Cillié se standpunte. Hy het homself dikwels uitgespreek teen die sentimentele aard van die Engelse kerklied.<sup>7</sup> Daarteenoor het hy die Duitse Protestante kerklied as suiwerste draer van die Gereformeerde kerkleer verkondig.<sup>8</sup> Die feit dat die Engelse orrelklank nie by Protestantse kerksang pas nie, is 'n diskrepansie in Cillié se standpunt wat moeilik regverdigbaar is.

Elsenaar (2006:1) noem dat Cillié ook waardevolle werk ten opsigte van nuutgebooue orrels gedoen het. Sedert die laat sestigerjare het die Suid-Afrikaanse Orrelbouers-firma heeltemal selfstandig begin funksioneer en is alle onderdele in Suid-Afrika vervaardig. Voorbeelde van nuutgebooue orrels vanuit hierdie era waarby Cillié betrokke was, is die orrel in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Kroonstad-Wes, wat vroeg in die tagtigerjare gebou is, asook die orrel in die Nederduits Gereformeerde Gemeente, Welkom-Wespark (1981).

Cillié se betrokkenheid by die herbouing van orrels word egter nie altyd in 'n positiewe lig beskou nie. Die firmas Cooper, Gill en Tomkins, R. Muller, asook die Suid-Afrikaanse Orrelbouers, het in die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu heelwat uitsonderlik mooi instrumente gemoderniseer, wat dikwels beteken het dat pragtige historiese orrels dramaties aangepas is na die wense van die bepaalde tyd

---

<sup>7</sup> Vergelyk 5.2.4 en 5.5.1.

<sup>8</sup> Vergelyk 5.2.3.

(Elsenaar, 2006:1). 'n Voorbeeld van 'n sodanige geval waarby Cillié betrokke was, is die orrel in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Hopetown. Die pyporrel is in 1965 van die ou na die nuwe kerkgebou verskuif. Die orrel is herbou en vergroot en slegs 'n aantal van die oorspronklike registers is in die nuwe konsep opgeneem. Volgens Elsenaar het 'n besondere instrument hierdeur verlore gegaan. 'n Verdere voorbeeld is die orrel in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Richmond, waar die pyporrel in 1954 herbou en vergroot is. Oorspronklike registers het behoue gebly, dog in 'n heel nuwe konsep. Ook in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Wepener, is die orrel in 1963 herbou en vergroot en het slegs enkele historiese registers behoue gebly. By al die genoemde voorbeelde was die Suid-Afrikaanse Orrelbouers met Cillié as raadgewer, betrokke (Elsenaar, 2006:2).

Cillié was egter ook betrokke by instrumente wat vandag nog in geheel oorspronklik is. 'n Voorbeeld hiervan is die orrel in die Nederduits Gereformeerde Kerk, Marquard (Elsenaar, 2006:2).

Cillié se grootste “orreldaad” staan in die NG Moedergemeente op Stellenbosch. Vir baie jare het Cillié hom beywer vir fondse vir 'n nuwe orrel in die Moederkerk (McLachlan, 1964:6). Sy karige vergoeding as orrelis is ook in dié fonds gestort. Uiteindelik is sy ideaal verwesenlik met die installering en inwyding van 'n drie-manuaal-instrument in die Moederkerk in November 1953 (Serfontein, 1964:865).

Samevattend noem Elsenaar (2006:2) dat Cillié wel onder invloed van die “moderniserings-geneighede” was, maar dat hy tog daarin 'n bydrae gelewer het dat

historiese orrelpype binne 'n nuwe konsep behoue kon bly. Dit beteken wel dat die klankkarakter van die instrumente waarby hy betrokke was, oorwegend Engels-Romanties was.<sup>9</sup> Tog het hy by herbouings altyd 'n mikstuur toegevoeg, maar van 'n lae samestelling wat nie te skerp was nie. Elsenaar kom tot die slotsom dat Cillié nie van tongregisters met 'n bruisende karakter gehou het nie, maar eerder 'n ronde klankpalet verkies het.

---

<sup>9</sup> Vergelyk vroeëre verwysing na hierdie diskrepansie in Cillié se standpunte.

- **Gemeentes waarby Cillié as adviseur opgetree het**

Die aantal gemeentes waarby Cillié as adviseur ten opsigte van orrelbou opgetree het, is so talryk dat die gegewens hieronder by wyse van tabelvorm verskaf word:<sup>10</sup>

<b>Gemeente (NG Kerk, behalwe in gevalle waar anders vermeld)</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron<sup>11</sup></b>
Aberdeen	1964	Raadgewer by herbou van orrel		Van der Nest (1964:i).
Adelaide	1950	Raad by aankoop		Pepler (1950:i-ii).
Agter-Paarl	1968	Raad by installer van orrel	4 Mei 1969	Van Zyl (1968:i-ii).
Albertina	1961	Raad by herstel van orrel		Van Zyl (1961:i-ii).
Alexandria	1963	Raad by elektrifikasie en modernisering	Uitvoering April 1966	Cillié (1963a:i-ii).
Ashton	1976	Foute wat herstel moet word opgemerk tydens orreluitvoering	Uitvoering 8 Februarie 1976	Myburgh (1976:i).
Aucklandpark	1960	Raad aangaande nuwe orrel	4 November 1962	Cillié (1960a:i). Cillié (1962d:i).
Augrabies	1969	Aanbou van orrel		Bronkhorst (1969:i).
Barrydale	1963	Raad ten opsigte van orrelbou	6 Maart 1965	Cillié (1963:i). <sup>12</sup> Cillié (1965a:i-ii).
Beaufort-Wes	1963	Raad by herbou van orrel	21 November 1965	Van As (1963:i). Program van orrelinwyding, 21 November 1965:i-iv.

<sup>10</sup> 'n Totaal van 204 orrels word in die lys aangedui.

<sup>11</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>12</sup> D.P. Cillié.



<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Beaufort-Wes, Gamka-Oos	1952	Raad ten opsigte van orrelbou	4 Desember 1954	Du Preez (1952:i). Program van orrelinwyding, 4 Desember 1954:1–12.
Bedford, Glen Lynden	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Thom (1956:i).
Bellville, Vredelust	1957	Raad ten opsigte van orrelbou	27–28 Julie 1957	Cillié (1957f:i). Program van orrelinwyding, 27–28 Julie 1957:i–viii.
Bellville, Welgemoed	1974	Raad ten opsigte van orrelbou	1 Augustus 1976	Moolman (1974:i). Potgieter (1976:i).
Belville Strandweg	1968	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1968e:i).
Bethlehem, Môreliq	1953	Raad ten opsigte van orrelbou		Botha (1953:i).
Bethlehem, Panorama	1972	Bevindinge en aanbevelings t.o.v. 2 orrelspesifikasies		Reyneke (1972:i).
Bloemfontein, Universitas Hospitaal Kapel	1978	Raad ten opsigte van orrelbou		Botha (1978:i).
Bloemfontein, Wilgehof (Hospitaal-park)	1959	Raad ten opsigte van orrelbou	13–15 November 1959 Inwyding van nuwe kerk: 21–23 Februarie 1964	Program van orrelinwyding, 13–15 November 1959:i–x. Program van orrelinwyding, 21–23 Februarie 1964:i–x.
Boksburgpark	1970	Raad ten opsigte van orrelbou	5 Augustus 1972	Murray (1970:i–iii). Program van orrelinwyding, 5 Augustus 1972:i–iv.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Bonnievale	1953	Hulp met keuse van orrelspesifikasie	20 Maart 1954	Angermann (1953a:i-ii). Program van orrelinwyding, 20 Maart 1954:i-iii.
Bothaville-Noord	1960	Raad om nie pyporrel met elektroniese orrel te vervang		Cillié (1960b:i-ii).
Brackenfell, Kruispad	1967	Raad ten opsigte van orrelbou	25-26 April 1970	Cillié (1967:i). Program van orrelinwyding, 25-26 April 1970:i-iii.
Britstown	1962		26 Mei 1962	Terblanche (1962:i).
Calitzdorp	1963	Raad ten opsigte van orrelbou	By inwyding gespeel. Datum onbekend.	Cillié (1963b:i). Cillié (1964c:i).
Calvinia	1962	Raad ten opsigte van orrelbou	12-13 Junie 1965	Mynhardt (1962:i). Program van inwyding, 12-13 Junie 1965:i-vii.
Cambridge	1953	Raad ten opsigte van orrelbou		Loubser (1953:i-ii).
Carletonville	1965	Raad t.o.v. aanvaarding van disposisie		Lückhoff (1965:i-ii).
Ceres	1951	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1951:i-ii).
Ceres NG Sending-gemeente	Onbekend	Raad ten opsigte van orrelbou	20 April 1957	Program van inwyding, 20 April 1957:i-iv.
Ceres, Op-die-Berg	1963	Raad ten opsigte van orrelbou		Hurter (1963:i-ii).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Citrusdal	1942 1971	Raad t.o.v. voorgestelde disposisie deur Coopers, Gill en Tomkins	7 Februarie 1942	Program van inwyding, 7 Februarie 1942:1–7. Cillié (1971a:i).
Claremont NG Sendingkerk	1962		16 Desember 1962	Booyesen (1962:i).
Cookhouse, Visrivier- vallei	1960	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1960c:i).
Crawford, Die Vlakte	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Van der Westhuizen (1956:i).
Darling	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1957b:i).
De Aar Gerefor- meerde Kerk	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Bronkhorst (1959:i).
De Aar-Noord	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	21 Julie 1956	Lesch (1954:i). Program van inwyding, 21 Julie 1956: 1–13.
De Doorns	1951	Raad ten opsigte van orrelbou	22 Februarie 1953	Blomerus (1951:i). Program van inwyding, 22 Februarie 1953:i–iv.
Despatch	1960	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1960d:i–iv).
Douglas	1955	Raad ten opsigte van orrelbou	11 Mei 1956	Botha (1955:i). Botha (1956:1–3).
Drieankerbaai	1961	Raad ten opsigte van orrelbou	2 Desember 1962	Cillié (1961a:i). Program van inwyding, 2 Desember 1962:i–iv.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Durban, Fynnland	1962	Raad t.o.v. huur van orrel		Cillié (1962c:i).
Durban-Suid	1966	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Rooyen (1966:i).
Eendekuil	1961	Raad ten opsigte van orrelbou	17 Junie 1962	Cillié (1961b:i). Program van inwyding, 17 Junie 1962: 1–8.
Estcourt	1956	Raad t.o.v. aankoop van orrel		Cillié (1956h:i).
Eshowe	1961	Raad ten opsigte van orrelbou		Kriek (1961:i).
Florida	1972	Raad ten opsigte van orrelbou		Du Toit (1972:i).
Franschoek	1958	Raad ten opsigte van orrelbou	18 Oktober 1959	Cillié (1958a:i). Program van inwyding, 18 Oktober 1959: i–iv.
Fraserburg	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Retief (1955:i).
Fraserburg NG Sending-gemeente	1961	Raad t.o.v. aankoop van orrel		Human (1961:i).
George, Die Vleie	1964	Raad t.o.v. aankoop van 'n tweedehandse orrel		Ellis (1964:i–ii).
George, Karatara	1960	Raad ten opsigte van orrelbou		Bronkhorst (1960:i).
George, Outeniqua-land Sinkabrug	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1956b:i).
George-Suid	1957	Raad ten opsigte van orrelbou	29 November 1959	Cillié (1957c:i). Program van inwyding, 29 November 1959: 1–16.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Gezina	1964	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Niekerk (1964b:i).
Goodwood	1964	Raad ten opsigte van orrelbou	5 Maart 1967	Cillié (1964b:i). Program van inwyding, 5 Maart 1967:i.
Graafwater	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	Maart 1956	Van Lill (1954:i). Van Lill (1956:i).
Grabouw	1959	Raad ten opsigte van orrelbou	10–11 Desember 1960	Cillié (1959a:i) Program van inwyding, 10–11 Desember 1960:i–iv.
Grahamstad			12 Junie 1954	Program van inwyding, 12 Junie 1954: 1–4.
Greylingstad	1960	Raad ten opsigte van orrelbou		Smith (1960:i–ii).
Greyton	1952	Raad ten opsigte van orrelbou	15 Augustus 1953	Ackerman (1952:i). Program van inwyding, 15 Augustus 1953:i–iv.
Groot Brakrivier	1953	Raad ten opsigte van orrelbou	11 Desember 1954	Cooper, Gill en Tomkins (1953:i). Cillié (1954:i).
Grootfontein	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Brunette (1965:i).
Hennenman	1950	Raad ten opsigte van orrelbou	7 Junie 1979	Pienaar (1950:i). Cillié (1979f:i).
Herold	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	3–4 September 1955	Van Dyk (1954:i). Van Dyk (1955:i).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Hoedspruit, Kampersrus	1969	Raad t.o.v. aankoop van elektroniese transistor-orrel		De Lange (1969:i).
Hopetown	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1965b:i).
Humansdorp-Oos	1978	Raad ten opsigte van orrelbou		Steyn (1978:i).
Johannesburg, Westdene Nederduits Hervormde / Gereformeerde Gemeente	1953	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Rooyen (1953:i).
Joubertina	1964	Raad ten opsigte van orrelbou	5 Junie 1966	Rothmann (1964:2). Cillié (1966a:i).
Kaapstad Groote Kerk	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	1 Desember 1957	Groote Kerk (skriba) (1954:i). Troskie (1992:51).
Kaapstad Kerkentrum, Sinodesaal	1966	Raad ten opsigte van orrelbou		Roos (1966:i).
Kakamas	1946	Raad ten opsigte van orrelbou	25 September 1948	Cooper, Gill en Tomkins (1946:i). Program van inwyding, 25 September 1948:i.
Kakamas, Marchand	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Meyer (1955:i-iv).
Keetmanshoop	1973	Raad ten opsigte van orrelbou		Nel (1973:i-ii).
Keimoes	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Visser (1959:i-ii).
Kempton Kruin	1977	Raad ten opsigte van orrelbou	Datum onbekend	Schoeman (1977:i). Bruwer (1978:i).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Kestell	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Luckhoff (1955:i-ii).
Kimberley, Diamantveld	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Badenhorst (1956:i-ii).
Kimberley-Noord	1952	Raad ten opsigte van orrelbou	Optrede Augustus 1978	Van der Merwe (1952:i). Bredenkamp (1978:i).
King Williams Town	1972	Raad ten opsigte van orrelbou	8 September 1972	Cillié (1972d:i). Program van inwyding, 12 Julie:1-4.
Klerksdorp, Meiringspark	1979	Raad ten opsigte van orrelbou		Nel (1979:i).
Klerksdorp, Skoonspruit	1948	Raad ten opsigte van orrelbou		Latsky (1948:i).
Klipplaats Suidheuwels	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Wyk (1957:i).
Kraaifontein	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1956c:i).
Kroonstad-Wes	1980	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Pletzen (1980:i).
Kuruman	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	12 Mei 1956	Louw (1954:i). Cillié (1956d:i). Program van inwyding, 12 Mei 1956: i-iv.
Kuruman, Die Oog	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Oberholster (1956:i-ii).
Ladybrand-Noord	1954	Raad ten opsigte van orrelbou		Lubbe (1954:i).
Lambertsbaai	1964	Raad ten opsigte van orrelbou	19 Maart 1966	Bronkhorst (1964:i). Program van inwyding, 19 Maart 1966:i-iv.
Langebaanweg	1969	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1969d:i).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Leonardville, S.W.A.	1956	Raad ten opsigte van orrelbou	5–6 Julie 1958	Cillié (1956e:i). Cillié (1958b:i).
Loeriesfontein	1949	Raad ten opsigte van orrelbou		Muller, R (Eindms. Bpk). (1949: i–ii).
Louisvale	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Rothman (1955:i–ii).
Luipaardsvlei			Optrede 13 Desember 1959	Cillié (1959b:i).
Lutzville	1953	Raad ten opsigte van orrelbou	16 Maart 1957	De Kock (1953:i). Program van inwyding, 16 Maart 1957:i–iv.
Marquard	1978	Raad ten opsigte van orrelbou		Du Preez (1978:i).
Middelburg, K.P.	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1958c:i).
Molteno	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Terblanché (1956:i).
Moorreesburg	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1965c:i–iii).
Mosselbaai	1948	Raad ten opsigte van orrelbou	25 Maart 1950	Vermaak (1948:i). Program van inwyding, 25 Maart 1950:1–16.
Mosselbaai-Suid	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Pepler (1959:i).
Nylstroom, Waterberg	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Martinson (1955:i–iv).
Observatory	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1958d:i).
Odendaalsrus-Oos	1956	Raad ten opsigte van orrelbou	20 Julie 1957	Mouton (1956:i). Program van inwyding, 20 Julie 1957: i–ii.



<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Olifantshoek	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1959c:i).
Oos-Londen, Buffelsrivier,	1972	Raad ten opsigte van orrelbou	8 Desember 1973	Smith (1972:i). Program van inwyding, 8 Desember 1973:i-ii.
Otjiwarongo	1950	Raad ten opsigte van orrelbou	20 Julie 1957	Gagiano (1950:i). Program van inwyding, 20 Julie 1957: i-v.
Oudtshoorn-Noord	1960	Raad ten opsigte van orrelbou		Liebenberg (1960:i).
Oudtshoorn-Wes	1951	Raad ten opsigte van orrelbou	18 Julie 1952	Van der Walt (1951:i-ii).
Paarl, Drakenstein	1963	Raad ten opsigte van orrelbou	1 Maart 1964	Cillié (1963c:i-ii). Program van inwyding, 1 Maart 1964: 1-10.
Paarl, Noorder-Paarl			Koor- en orreluitvoering, 23 Oktober 1942	Program van koor- en orreluitvoering, 23 Oktober 1942:i-iv.
Paarl, Noorder-Paarl			Uitvoering by heringebruik-neming van orrel, 18 Maart 1973.	Program van orrelinwyding, 18 Maart 1973:i-ii.
Paarl, Strooidak	1973	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1973b:i-vi).
Paarl Vallei	1971	Raad ten opsigte van orrelbou		De Ridder (1971:i-iii).
Parow-Oos			Orreluitvoering 1 Februarie 1959	Program van orreluitvoering, 1 Februarie 1959:i.
Parow-Suid	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Fourie (1959:i).
Paterson	1952	Raad ten opsigte van orrelbou		Kruger (1952:i).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Pearston	1978	Raad ten opsigte van orrelbou		Van der Merwe (1978:i).
Petrus Steyn	1946	Raad ten opsigte van orrelbou		Steyn (1946:i-ii).
Petrusville			Optrede tydens konferensie 20 April 1980	Du Preez (1980:i).
Philadelphia	1969	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1969c:i).
Philipstown	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Niekerk (1956:i-ii).
Piketberg			27-28 Augustus 1955	Program van orrelinwyding, 27-28 Augustus 1955:1-4.
Pofadder	1976	Raad ten opsigte van orrelbou		Van der Merwe (1976:i).
Pongola	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Du Plessis (1958:i-iii).
Port-Elizabeth, Moederkerk			Optrede 28 Maart 1953	Program van orrelinwyding, 28 Maart 1953:i.
Port-Elizabeth, Nooitgedacht			Optrede 6 Mei 1961	Cillié (1960e:i). Program van orrelinwyding, 4-7 Mei 1961:i-iv.
Port-Elizabeth, Kensington	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Conradie (1957:i).
Port-Elizabeth, Parkheuvel	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		De Wit (1955:i).
Port-Elizabeth, Sidwell	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Scheepers (1956:i).
Pretoria, Suid-Oos	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1956f:i).
Pretoria, Lynneast	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Barkhuizen (1965:i-ii).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Pretoria, Rietfontein-Noord	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Loon (1955:i-ii).
Pretoria, Rietfontein-Suid	1964	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Niekerk (1964a:i-ii).
Pretoria, Universiteits-oord	1964	Raad ten opsigte van orrelbou		Schoeman (1964:i).
Pretoria, Wonderboom-Suid	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Theron (1957:i).
Prins Albert			5 Februarie 1955	Luttig (1954:i-iii).
Queenstown	1954	Raad ten opsigte van orrelbou		Crafford (1954:i).
Redelinghuys	1952	Raad ten opsigte van orrelbou	30 Augustus 1952	Van Rooyen (1952:i-iii). Program van orrelinwyding, 30 Augustus 1952:i-iv.
Reitz-Wes	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Muntingh (1957:i).
Richmond	1954	Raad ten opsigte van orrelbou	Uitvoering 28 April 1956	Le Grange (1954:i). Cillié (1956g:i).
Riebeeck-Kasteel	1971	Raad ten opsigte van orrelbou	Orreluitvoering tydens Eeufeesviering: 13 Oktober 1963 Inwyding van herstelde orrel: 25 Maart 1973	Cillié (1971b:i-ii). Program van orreluitvoering, 13 Oktober 1963:i-iii. Program van inwyding, 25 Maart 1973: i-iii.
Rietbron	1968	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1968f:i).

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Riversdal-Wes	1955	Raad ten opsigte van orrelbou	16 Februarie 1957	Rode (1955:i–iii). Program van orrelinwyding, 16 Februarie 1957:i–iv.
Rustenburg-Noord	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Du Toit (1956:i).
Sasolburg-Suid	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Heerden (1958:i).
Schweizer-Reneke-Noord		Raad ten opsigte van orrelbou	Praatjie gelewer by inwyding: 8 Augustus 1981	Program van orrelinwyding, 8 Augustus 1981:ii.
Simondium Kerk		Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1963d:i).
Simonstad (Vloot)	1964	Raad ten opsigte van orrelbou	14 Junie 1964	Louw (1964:i).
Somerset-Oos	1948	Raad ten opsigte van orrelbou		Gill (1948a:i).
Somerset-Wes	1961	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1961c:i).
Sondagsrivier-Suid	1963	Raad ten opsigte van orrelbou		Steyn (1963:i).
Springs, Strubenvale	1961	Raad ten opsigte van orrelbou		Hough (1961:i).
Springbok	1955	Raad i.v.m. nuwe registers		Potgieter (1955:i).
Standerton	1954	Raad ten opsigte van orrelbou		Swart (1954:i–ii).
Stellenbosch	1953	Raad ten opsigte van orrelbou	17 September 1955	Williams (1953:i). Program van orrelinwyding, 17 September 1955:i–viii.
Stellenbosch, Moeder-gemeente	1948	Raad ten opsigte van orrelbou	Tydens inwyding is Ps. 24 van Cillié uitgevoer. 1 November 1953	Gill (1948b:i). Program van orrelinwyding, 1 November 1953:1–7.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Stellenbosch, Nuwe Kerk			Koor- en orreluitvoering 13 September 1941	Program van koor- en orreluitvoering, 13 September 1941:i–iii.
Stellenbosch-Noord			14 September 1958: i	Cillié (1958e:i–iv).
Steytlerville	1957	Raad ten opsigte van orrelbou	30 Oktober 1966	Cooper, Gill en Tomkins (1957:1–6). Cillié (1966b:i).
Stilbaai-Wes	1956	Raad ten opsigte van orrelbou		Retief (1956:i).
Strand	1948	Raad ten opsigte van orrelbou		Gill (1948c:i–ii).
Strand	1948	Raad ten opsigte van orrelbou	18 Maart 1950	Cillié (1948:i–ii). Program van orrelinwyding, 18 Maart 1950:i–iv.
Strydenburg	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Schutte (1965:i–ii).
Suidkus, Natal	1972	Raad ten opsigte van orrelbou		Du Toit (1972:i).
Sutherland			Sang- en orreluitvoering 15 Oktober 1949	Program van sang- en orreluitvoering, 15 Oktober 1949:i–iii.
Swartland-Noord	1965	Raad ten opsigte van orrelbou	5 Mei 1968	Cillié (1965d:i). Cillié (1968d:i).
Swellendam			Praatjie by kwarteeufees 3–6 Mei 1973	Program van kwarteeufees, 3–6 Mei 1973:i–viii.
Tiervlei-Wes			18 September 1963	Program van orrelinwyding, 18 September 1963:i–iv.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Tsitzikamma	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Coetzee (1955:i-ii).
Tsumeb-Suid	1970	Raad ten opsigte van orrelbou		Steenkamp (1970:i).
Tulbach	1971	Raad ten opsigte van orrelbou	30 September 1973	Cillié (1971c:i). Lambrechts (1973:i).
Tulbach Sending-gemeente	1963	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Solms (1963:i).
Uitenhage, De Mist	1969	Raad ten opsigte van orrelbou	31 Oktober–November 1970	Greef (1969:i). Heunis (1970:i).
Uitenhage-Noord	1962	Raad ten opsigte van orrelbou	25 Augustus 1962	Haarhoff (1962:i). Scoombie (1962:i).
Uitenhage-Oos			Junie 1960	Friis (1960:i).
Upington	Jan. 1964 Des. 1973	Raad ten opsigte van orrelbou	Orrel- en kooruitvoering: 15 April 1962 Inwyding: 27 Maart 1977	Steyn (1962:i). Steyn (1964:i). Steyn (1973:i). Program van orrelinwyding, 27 Maart 1977:i-iii.
Upington-Noord	1959	Raad ten opsigte van orrelbou		Theron (1959:i).
Upington-Wes			7 Junie 1981	Lacock (1980:i).
Vanstadens-rivier	1973	Raad ten opsigte van orrelbou		Van der Merwe (1973:i-viii).
Velddrift	1955	Raad ten opsigte van orrelbou	12 November 1955	Angerman (1955:i). Program van orrelinwyding, 12 November 1955:i-iv.

<b>Gemeente</b>	<b>Jaar</b>	<b>Raadgewer by orrelbou</b>	<b>Orrelis tydens inwyding van orrel</b>	<b>Bron</b>
Vereniging, Peacehaven Nederduits Hervormde / Gereformeerde Kerk	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1957d:i).
Vereniging, Unitaspark	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Spies (1955:i-iii).
Villiersdorp Sendingkerk	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Henning (1958:i-ii).
Vishoek	1965	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Rooyen (1965:i).
Vosburg	1962	Raad ten opsigte van orrelbou		Theunissen (1962:i-ii).
Vredenburg	1967	Raad ten opsigte van orrelbou		Allen (1967:i).
Vredendal	1949	Raad ten opsigte van orrelbou	14–17 Augustus 1952	Basson (1949:i-ii). Program van orrelinwyding, 14–17 Augustus 1952:i-iv.
Vryheid	1980	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1980c:i-ii).
Vryheid-Suid	1954	Raad ten opsigte van orrelbou		Loots (1954:i).
Walvisbaai	1964	Raad ten opsigte van orrelbou		De Villiers (1964:i).
Welkom, Dagbreek	1957	Raad ten opsigte van orrelbou		Van Rensburg (1957:i-iii).
Welkom, Wespark	1981	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1981c:i-ii).
Wellington-Noord	1958	Raad ten opsigte van orrelbou		Zimmer (1958:i).
Wepener	1963	Raad ten opsigte van orrelbou		Smuts (1963:i-ii).
Williston	1955	Raad ten opsigte van orrelbou	13 Oktober 1957	Cillié (1955:i). Cillié (1957e:i).
Windhoek	1962	Raad ten opsigte van orrelbou	25 April 1964	Steenkamp (1962:i-ii). Le Roux (1964:i).

Gemeente	Jaar	Raadgewer by orrelbou	Orrelis tydens inwyding van orrel	Bron
Windhoek, Suiderhof	1971	Raad ten opsigte van orrelbou		Brunette (1971:i).
Windhoek-Wes	1955	Raad ten opsigte van orrelbou		Hugo (1955:i).
Witrivier	1971	Raad ten opsigte van orrelbou		Cillié (1971d:i).
Worcester-Oos	Opknapping 1966	Raad ten opsigte van orrelbou	Orrelinwyding: 19–20 September 1953	Program van orrelinwyding, 19–20 September 1953:i–viii. Hugo (1966:i).
Worcester-vallei	1953		17–18 Julie 1954	Angermann (1953:1–3). Program van orrelinwyding, 17–18 Julie 1954:i–ix.

### 3.3. Cillié as orrelis by spesiale geleenthede

Cillié het by vele gedenkwaardighede as orrelis opgetree. Die belangrikste hiervan sluit in die inhuldigings van staatspresident J.J. Fouché (10 April 1968)<sup>13</sup> en N. Diederichs (19 April 1975).<sup>14</sup> Voorts was hy ook orrelis by die staatsbegrafnisse van mev. Steyn, weduwee van president M.T. Steyn in Bloemfontein, dié van dr. D.F. Malan in Stellenbosch (McLachlan, 1964:6), die staatsbegrafnis van

<sup>13</sup> Program van inhuldiging, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>14</sup> Brief van danksegging 5 Mei 1975, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch. Vergelyk Bylaag C, dokument 4.



dr. T.E. Dönges 15 Januarie 1968)<sup>15</sup> in die Groote Kerk in Kaapstad, asook dié van dr. N. Diederichs (26 Augustus 1978) in die Tweetoringkerk in Bloemfontein.<sup>16</sup>

### 3.4. Repertorium

Die volgende repertorium-lys is saamgestel uit programme van geleenthede waar Cillié as orrelis opgetree het:

Werk <sup>17</sup>	Komponis	Bron <sup>18</sup>
“Aria” uit <i>Rinaldo</i>	Händel	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Aandlied	Crookes	Program van orrelinwyding, NG Gemeente, Bonnievale, 20 Maart 1954:i–iii.
Aandlied	Crookes	Program van orrelinwyding, NG. Gemeente Velddrift, 12 November 1955:i–iv.
Aandstilte	Galbraith	Program van orrelinwyding, NG Gemeente De Doorns, 22 Februarie 1953:i–iv.
Andante	Händel	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Greyton, 15–16 Augustus 1953: i–iv.

<sup>15</sup> Begrafnisbrief, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>16</sup> Begrafnisbrief, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>17</sup> Die titels van die uitgevoerde werke verskyn soos aangetoon in die programme wat as bronne gebruik is. In sommige gevalle is die volledige titel aangedui, terwyl daar in ander gevalle slegs die psalm- of gesangnommer vermeld is.

<sup>18</sup> Verwys na Bylaag E vir lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>	<b>Bron</b>
Andante Cantabile	Tchaikovsky	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Arioso	Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Die hoë God sy lof en eer (Allein Gott in der Höh' sei Her)	Zachow	Program van orrelinwyding, NG Sendinggemeente Ceres, 20–21 April 1957:i–iv.
Ek kom van bowe tyding bring	Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Redelinghuys, 30 Augustus 1952:i–iv.
Fantasie op “Kom Heilige Gees”	C. Harris	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Worcester-vallei, 17–18 Julie 1954:i–ix.
Feespsalm	Jannasch	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Kuruman, 12–13 Mei 1956:i–iv.
Finlandia	Sibelius	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Noorder-Paarl, 23 Oktober 1942:i–iv.
Gesang III (Dit is die Dag)	Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Worcester-Oos, 19–20 September 1953: i–viii.
Gesang 32	Krebs	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i–iii.
Gesang 62	Krebs	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Paarl Drakenstein, 1 Maart 1964:1–10.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>	<b>Bron</b>
Gesang 79 (O God, ons wil U immermeer)		Program van orrelinwyding, NG Gemeente Velddrift, 12 November 1955:i-iv.
Gesang 89 (Liewe Jesus, sien ons saam)	Karg-Elert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Velddrift, 12 November 1955:i-iv.
Gesang 100 (O God, ons wil U immermeer)	Walther	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Eendekuil, 16-17 Junie 1962:1-8.
Gesang 121 (O Hoof bedek met Wonde)	Hassler-Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Grahamstad, 12 Junie 1954:1-4.
Gesang 152 ('n Vaste burg is onse God)	Baumert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Beaufort-Wes, Gamka-Oos, 4-5 Desember 1954: 1-12.
Gesang 152 ('n Vaste burg is onse God)	Luther-Pachelbel	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Grahamstad, 12 Junie 1954:1-4.
Groot Koor	Grey	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1-7.
Groot Koor	Dubris	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1-7.
Groot Koor	Guilmant	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Noorder-Paarl, 23 Oktober 1942:i-iv.
Heilig, heilig, heilig	Dykes-Calvert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Grahamstad, 12 Junie 1954:1-4.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>	<b>Bron</b>
Hou Christus self sy kerk in stand	Pachelbel	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Port-Elizabeth, Nooitgedacht, 6 Mei 1961:i-iv.
Ierse Volkswysie	Toonsetting: Lomore	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1-7.
Jesus, bron van al my vreugde	Bach	Program van orrelinwyding, NG Sendinggemeente Ceres, 20-21 April 1957:i-iv.
Kerslied	Daquin	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i-iii.
Kerslied	D'Adam	Program van orrelinwyding, NG Sendinggemeente Ceres, 20 - 21 April 1957:i-iv.
Keur-psalm	Buxtehude	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Greyton, 15-16 Augustus 1953:i-iv.
Klokkespel	Wolstenholme	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Noorder-Paarl, 23 Oktober 1942:i-iv.
Kom almal dank die Heer	Karg-Elert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i-iii.
Laat die Heer, die Almagtige	Kennaway	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Velddrift, 12 November 1955:i-iv.
Lentelied	Grey	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1-7.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>	<b>Bron</b>
Lentewindjie	Sanderson	Program van orrelinwyding, NG Sendinggemeente Ceres, 20–21 April 1957:i–iv.
Lied van die Engele	Grey	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Liewe Jesus, sien ons saam	Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Redelinghuys, 30 Augustus 1952:i–iv.
Marialied	Schubert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
'n Vaste Burg is onse God	Buxtehude	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Velddrift, 12 November 1955:i–iv.
O heilryk' Woord, wie kan dit vat? (Vom Himmel Hoch da komm ich her)	Bach	Program van orrelinwyding, NG Sendinggemeente Ceres, 20–21 April 1957:i–iv.
O mens, beweën jou sonde groot	Greiter-Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Drieankerbaai, 2 Desember 1962:i–iv.
Psalm	Faure	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Psalm 42 (Soos 'n hert)	Pachelbel	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Grahamstad, 12 Junie 1954:1–4.
Psalm 68	Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i–iii.
Psalm 124	Willan	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Eendekuil, 16–17 Junie 1962:1–8.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>	<b>Bron</b>
Psalm 142	Willan	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i–iii.
Rigaudon	Lully	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Greyton, 15–16 Augustus 1953: i–iv.
Serenade	Pierné	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Noorder-Paarl, 23 Oktober 1942:i–iv.
Sonsopgang	Karg-Elert	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Redelinghuys, 30 Augustus 1952:i–iv.
Suite Gothique	Boëllmann	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.
Toccat	Boëllmann	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Bonnievale, 20 Maart 1954:i–iii.
Toccat in F	J.S. Bach	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Noorder-Paarl, 23 Oktober 1942:i–iv.
Trompetwysie	Clarke	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Aucklandpark, 4 November 1962:i–iii.
Trompetwysie	Purcell	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Bonnievale, 20 Maart 1954:i–iii.
Tussenspel	Hollins	Program van orrelinwyding, NG Gemeente Citrusdal, 7 Februarie 1942:1–7.

Volgens die bekende koorleier en orrelis, Deon Lamprecht, moet die spesifieke orrelwerke wat Cillié tydens orreluitvoerings aangebied het, teen die musikale agtergrond van 'n bepaalde tydvak geëvalueer word (Lamprecht, 2006:1).<sup>19</sup> Daar is reeds verwys na die agteruitgang in kerkmusiek gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu, asook ontoereikende opleiding van orreliste.<sup>20</sup> 'n Verdere belangrike faktor is dat die stand van orrelbou gedurende dieselfde periode nie 'n aanmoediging vir die stilistiese verklanking van orrelwerke was nie. Daar was 'n voorkeur vir meer beskeie tongregisters en orrels is agter 'n pypgordyn geplaas – dikwels binne 'n geslote ruimte wat meegebring het dat die orrelklank nie behoorlik in die kerk geprojekteer kon word nie.<sup>21</sup> Voorts het die erfenis van die negentiende-eeuse Romantiese orrel selfs teen die middel van die twintigste eeu steeds 'n groot invloed uitgeoefen. Die klankmoontlikhede van hierdie orrels het dus ook 'n rol gespeel in die keuse van orrelwerke wat hierop uitgevoer kon word.

Op grond van die voorafgaande lys van orrelwerke wat Cillié tydens uitvoerings aangebied het, vestig Lamprecht (2006:1) die aandag daarop dat spesifieke voorkeure van musiek 'n groot rol gespeel het. Dit was die periode toe orrelverwerkings van dele uit simfonieë, operas en ander werke van komponiste uit die Romantiese periode oorheers het. 'n Stewiger begrip van koraalgebonde kerkmusiek vir die erediens het eers teen die laaste helfte van die twintigste eeu ontwikkel. Selfs in die hede is dit nog nie 'n algemene verskynsel nie.

---

<sup>19</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>20</sup> Vergelyk 3.1.

<sup>21</sup> Vergelyk 3.2.

Slegs ongeveer 'n derde van Cillié se aangetoonde repertorium vir uitvoerings kan as werke van bewese orrelkomponiste beskou word (Lamprecht, 2006:1). Die betekenis van komponiste soos Crookes, Galbraith, Harris, Baumert, Grey, Dubris, Dykes-Calvert, Wolstenholme, Kennaway, Sanderson, Willan en Hollins het reeds vir meer as vyftig jaar grootliks verdwyn. Die meerderheid van huidige internasionale konsertorreliste se programme bevat ook nie meer verwerkings van komposisies van Tsjaikofski, Sibelius, D'Adam, Schubert, Fauré en Lully nie. Dit sou egter onvanpas wees om tendense uit vorige periodes sonder meer te kritiseer. Vir die bepaalde tydperk het hierdie werke die nut gehad om die orrel as instrument lewendig te hou en het dit die basis gevorm waarvolgens meer puristiese konsertprogramme kon ontwikkel.

Teen hierdie agtergrond is dit, volgens Lamprecht (2006:2), merkwaardig dat Cillié wel 'n besondere bydrae gelewer het deur die publiek aan suiwer orrelkomposisies bekend te stel. Die aangetoonde werke van Zachow, J.S. Bach, Krebs, Karg-Elert, Walther, Pachelbel, Guilman, Daquin, Buxtehude en Boëllmann kwalifiseer tans steeds as geslaagde keuses vir uitvoerings. Dit is besonder interessant dat die oorgrote meerderheid van die gekose werke deur hierdie orrelkomponiste op koraalmelodieë gebaseer is – met ander woorde, in wese kerkmusiek volgens die suiwer betragtinge aard daarvan. Cillié het dus nie net orreluitvoerings as sodanig in stand gehou nie. Hy het ook daarin die standpunt uitgeleef dat kerkmusiek nie net goed genoeg is vir gebruik tydens eredienste nie, maar dat dit ook geskik is vir gebruik in uitvoerings. Dit is 'n faset van orreluitvoerings wat deur huidige konsertorreliste nagevolg behoort te word, omdat orrelprogramme, volgens Lamprecht, meesal deur konsertmusiek



oorheers word. Cillié se standpunt dui egter daarop dat die groot skat van koraalgebonde orrelwerke waardig genoeg is om hul plek langs konsertmusiek in te neem.

Die programme wat Cillié vir orreluitvoerings saamgestel het, moet verder in die lig van sy standpunt ten opsigte van die taak van die pyporrel en die vereistes vir kerkmusiek verstaan word.<sup>22</sup> Die pyporrel se belangrikste funksie bly steeds die ondersteuning van die gemeente, en die aandrang op koraalgebonde orrelmusiek vir die erediens is steeds die gereformeerde suiwer beskouing in hierdie verband.

### **3.5. Cillié se siening oor verskillende tipes orrels**

Cillié (1980b:15) identifiseer die herkoms van vroeë orrels in Suid-Afrika as afkomstig uit Duitsland, Engeland en Amerika. Die belangrikste eis wat gestel word, is dat 'n kerkorrel gemeentesang behoorlik moet kan ondersteun en vir hierdie doeleinde moet dit 'n redelike vol klank besit, wat die kerkgebou kan vul. Hiervoor word ook 'n goeie bas – dus 16' pype vir die pedaal – en die helderheid van 'n mikstuur of twee vereis. Waar die orrel gebruik word vir voor-, tussen- en naspele, moet dit ook 'n bevredigende klankverskeidenheid hê en was Cillié van mening dat die meeste orrels uit die vorige eeu nie baie geskik was vir die uitvoering van goeie kerkmusiek nie. Sedert die veertigerjare het orrelfirmas in ons land begin om steeds meer van die onderdele plaaslik te vervaardig en het orrels met verloop van tyd tog

---

<sup>22</sup> Vergelyk 3.5.

beter aan hulle doel beantwoord. Die pneumatiese aksie is plaaslik sedert ongeveer 1930 deur elektromagnetiese aksie vervang, wat vinniger was en groter gerief by die vinnige wisseling van registers tot gevolg gehad het.

In meer onlangse orrels bespeur Cillié (1980b:16) 'n sterk neiging terug na die meganiese aksie van die Barokorrel, veral onder jonger orreliste. Cillié het egter bedenkinge gehad oor die kennis en ondervinding van plaaslike orrelbouers en of hulle oor die regte materiale beskik het om meganiese orrels te bou. Nog 'n kwelvraag wat Cillié in hierdie verband gehad het, raak die bruikbaarheid van die Barokorrel. Hy gee toe dat Barokorrelmusiek op sy beste klink op 'n Barokorrel, selfs al sou dit in die twintigste eeu vervaardig wees.<sup>23</sup>

... Maar wat van orrelmusiek wat ná die agtiende eeu geskryf is? En dan: die Barokorrel is nooit gebruik om destyds die gemeentesang te begelei nie. Hoe pas dit in ons kerke waar sangbegeleiding die hoofsaak van die orrel is?

In verband met elektroniese orrels noem Cillié (1973a:2–3) dat die klank van die pyporrel al vir eeue bestaan.<sup>24</sup> Hy wys daarop dat elektroniese orrelklank nie so 'n lang geskiedenis het nie en dat dit deurentyd gedaanteverwisselings ondergaan namate die tegnologie ontwikkel. Aangaande elektroniese orrels, spreek Cillié hom soos volg uit:

Dis 'n betroubare maar ingewikkelde stuk elektroniese apparaat. Ek het nog nie gehoor van 'n elektroniese apparaat van 25 jaar gelede wat vandag nog met tevredenheid gebruik word nie... Ek reken nie ek maak my skuldig aan oordrywing as ek sê dat 'n elektroniese orrel wat vandag aangekoop word oor 30 jaar so verouderd sal wees wat sy klank betref – om van die verkrygbaarheid van spaardele nie eens te praat nie – dat dit nog net geskik sal wees vir 'n museum.

---

<sup>23</sup> Vergelyk kritiek in 3.2.

<sup>24</sup> Vergelyk Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

### 3.6. Cillié se siening oor die taak van die orrelis

Cillié (1980b:15) noem dat elke orrelis, selfs al sou hy of sy maar 'n oppervlakkige studie van die liturgie en die betekenis van die erediens maak, dadelik tot die gevolgtrekking behoort te kom dat orrelmusiek geen betekenis het nie en selfs 'n steurnis kan wees as dit nie ten nouste aansluit by die res van die liturgie nie:

Daarom is koraalvoorspele of koraalvariasies op die liedere van die dag die ideale musiek om te laat opklink in die kerk. Dit moet ook so uitgevoer word dat die gemiddelde kerkganger die lied moet kan herken, want uiteindelik moet dit die woorde van die lied wees wat hom aangryp, en nie die melodie of sy inkleding nie, hoewel laasgenoemde sal help. In die erediens gaan dit nie om die musiek nie, maar om die Woord. Ons orreliste het 'n geweldige opvoedingstaak in hierdie verband. Ons moet eerstens die grote gros van kerkgangers oortuig dat strelende 'unterhaltungs'-musiek nie tuishoort in die kerk nie.

Die optrede van die predikant is volgens hom (Cillié, 1980b:18) bepalend vir die verloop van die erediens, maar hy beklemtoon die belang van 'n harmonieuse samewerking tussen predikant en orrelis:

Die optrede van die orrelis (met sy koor) bepaal tot 'n groot mate die gehalte en krag van die lofuiting tydens die erediens. Dit kan nie tot sy volle reg kom waar daar verskille of geskille tussen die orrelis aan die een kant en die predikant en / of kerkraad aan die ander kant is nie. Trouens die orrelis moet na my mening 'n meelewende lidmaat van sy gemeente wees, en ten volle deelneem aan die gemeentelike aktiwiteite.

Orrelisskap word as 'n verhewe roeping en nie as 'n beroep beskou nie; 'n roeping wat met toewyding en nederigheid vervul moet word (Cillié, 1980b:19).

In sy termyn van vyf-en-twintig jaar het Cillié met elf predikante saamgewerk. Oor hierdie verhouding skryf Conradie (1964:10–11):

... dit was 'n wonderlike ondervinding en voorreg om in daardie verhouding tot hom te staan. Ons het dadelik in hom raak gesien 'n besondere vakman op 'n gebied wat hy uit liefhebbery verower het; ons het in hom te doen gehad met 'n innige-vrome gelowige, met 'n lojale kerkman wat veral 'n fyn aanvoeling gehad het vir ons gereformeerde erfenis, en ons het altyd weer ondervind dat hy 'n ware gentleman was.

Conradie (1964:11) illustreer Cillié se verhouding tot sy leraars deur die volgende voorbeeld:

... dit was met die inwyding van ons orrel op 1 November 1953. Aan my is die onmoontlike taak opgedra om na die groot inwydingsdiens 'n spesiale diens vir kinders te hou. Dr. Cillié het dadelik aangevoel dat so iets bokant my vuurmaakplek was en baie taktvol aangebied om feitlik die preek vir my te lewer – voor die orrel. Hy het vir my die pragtige Ps. 150 gegee – waar die verskillende musiekinstrumente, wat almal deur die orrel kon weergegee word – as't ware in aksie gesien kan word. Al wat ek moes doen was om die musiekinstrumente – in die psalm – aan te kondig, en hy het hulle op die orrel gedemonstreer. Onnodig om te sê: dit was die beste kinderpreek wat ek (?) ooit gelewer het.

Ten spyte van die kritiek uitgespreek dat Cillié, as voorstander van die Protestantse kerklied, hierdie musiek in 'n Engels-Romantiese klankkleur wou verklank, asook die feit dat hy as raadgewer by die herbouing van orrels dikwels afgewyk het van die aangewese Barok-ideaal, tesame met die genoemde kritiek teen sekere populêre tendense met betrekking tot sy keuse van orrelrepertorium, lê die besondere betekenis van Cillié se bydrae tot die ontwikkeling van orrelbou en orrelmusiek daarin dat hy hom nie van die heersende voorkeure ten opsigte van musiek in sy tyd verwyder het nie. Daarmee saam het hy tog die publiek en gemeentes van die standaard orrelrepertorium bewus gemaak. Ook was die gekombineerde produk van sy geskifte, sy werk as orreladviseur, as kerk- en konsertorrelis, asook sy voorbeeld en toewyding, rigtinggewend vir 'n totale proses van ontwikkeling waarvan hy op beduidende wyse deel was.

## **HOOFSTUK 4**

### **Cillié as koorleier**

As leier van die Universiteitskoor van Stellenbosch en die kerkkoor van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, en as stigter van die Kweekskoolkoor en die Stellenbosse Studentesangfeeste, het Cillié diep spore in die Suid-Afrikaanse koorkultuur getrap. Benewens die musikale belewenisse wat onder sy leiding ervaar is, respekteer gewese koorlede hom vir die voorbeeld van “eenvoudige, opregte godsvrug”, wat geblyk het uit “selflose dienswilligheid, getrouheid en stiptelikheid” (McLachlan, 1964:4). Dat ook sy bydrae op hierdie gebied binne die konteks van 'n bepaalde tydperk verstaan moet word, blyk duidelik uit die volgende stelling van Dirkie de Villiers (1964:10):

'n Hele aantal koorleiers is deur Cillié opgelei en op die gebied van koorleiding het hy 'n skool gevorm. Sy styl is dié van klassieke eenvoud wat die groot gebaar verafsku. Dr. Cillié is 'n Bolander en die Bolander is vernaam van aanvoeling, en die groot gebaar laat hom krielig word.

Die onderstaande uiteensetting bied 'n oorsig oor Cillié se aktiwiteite ten opsigte van die onderskeie kore of koorsang-ondernemings waarby hy betrokke was.

#### **4.1. Die kerkkoor van die NG Moedergemeente, Stellenbosch**

Vanaf die uittrede van prof. F.W. Jannasch as orrelis en koorleier van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, het daar vanaf 1929 tot en met 1940 in Stellenbosch geen volwaardige kerkkoor bestaan nie. Al die studente wat gedurende daardie tydperk op

Stellenbosch studeer het, moes gevolglik die inspirasie en voorbeeld van koorsang tydens die eredienste ontbeer. Toe die kerkraad Cillié in 1940 as orrelis benoem het, was daar daarom die uitdruklike versoek dat hy hom ook moes beywer vir die stigting van 'n kerkkoor. Aan hierdie versoek is nog in dieselfde jaar voldoen en is die koor tot en met Cillié se uittrede in 1964 in stand gehou (McLachlan, 1964:3).

Oor al hierdie jare heen het die koor in Stellenbosch en omgewing uitmuntende diens in belang van die kerklied gelewer (McLachlan, 1964:3). Nie alleen is daar gereeld by eredienste opgetree nie, maar deur talle uitvoerings oor die radio en op omliggende dorpe is daar ook 'n waardige voorbeeld uitgedra ten opsigte van die standaard van voordrag en keuse van musiek (McLachlan, 1964:3). Tydens die luisterryke naweek van 27 tot 29 Oktober 1944, toe die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek feestelik in gebruik geneem is, was Cillié met sy kerkkoor die spil waarom die musikale bedrywighede gedraai het. Hierdie Stellenbosse gewyde sangfees van psalms en gesange is gedurende die eerste helfte van 1945 ook in Kaapstad en Parow herhaal (McLachlan, 1964:5).

Die optrede van die kerkkoor in Stellenbosch en omgewing het 'n geweldige invloed uitgeoefen. Mense het vir die eerste keer – of by vernuwing – bewus geword van Bach se Lydensmusiek, van die eenvoud en waardige skoonheid van die Geneefse psalms en die Protestantse koraalmelodieë, asook van die onuitputbare skat van musiek vir Advent en Kersfees (McLachlan, 1964:5). Algaande is 'n repertorium uit die erkende oratoria en passies opgebou en in 1944 is die grootste gedeelte van die *Messias* van Händel

uitgevoer. In die jare daarna het uitvoerings gevolg van die *Elia* van Mendelssohn en die *Mattheus-passie* en *Kersfees-oratorium* van Bach (Serfontein, 1964:864). In Augustus 1945 het die koor uitvoerings van Stephen Eyssen se *Bybelkantate*, die eerste werk van sy soort deur 'n Suid-Afrikaanse komponis, in Kaapstad en Stellenbosch aangebied (McLachlan, 1964:5).



Figuur 11:<sup>1</sup> Die Kerkkoor van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, tydens 'n uitvoering van Cillié se Psalm 89-kantate op 7 Junie 1964.

---

<sup>1</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

## 4.2. Die Stellenbosse Universiteitskoor

Vanaf 1940 tot 1954 was Cillié die dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor (McLachlan, 1964:6). Hy moes die koor, wat ná die dood van sy stigter, mnr. William Morris, ophou bestaan het, op versoek van die studente weer op die been bring (Breytenbach, 1990:13). Aanvanklik is daar weekliks vir die blote genot van samesang vergader; nietemin het lede met groot sukses as gemengde, mans- en dameskore aan kunswedstryde op Stellenbosch en in Kaapstad deelgeneem (Redaksioneel, 1986:14). As tweede dirigent het Cillié die koor vir vyftien jaar lank gelei, totdat prof. Philip McLachlan by hom oorgeneem het (Breytenbach, 1990:13). Cillié het die Universiteitskoor opgebou tot 'n instelling wat landswye bekendheid verwerf het. In hierdie hoedanigheid was hy ook die “vader” van die studentesangfeeste wat in 1946 begin is en wat op daardie stadium een van die mees gewaardeerde kultuurondernemings in Suid-Afrika was (McLachlan, 1964:6).

By twee uitstaande mylpale in Stellenbosch se musieklewe was Cillié andermaal die middelpunt: die uitvoering saam met Kaapstad se Stadsorkes van Brahms se *Requiem* in September 1949, asook Beethoven se *Koorsimfonie* in 1952 tydens die Van Riebeeckfees. Vir albei hierdie geleenthede het hy 'n koor van nagenoeg tweehonderd-en-vyftig stemme op die been gebring en afgerig (McLachlan, 1964:6). Cillié het ook met die gevierde komponis-dirigent, Albert Coates, saamgewerk in 'n Afrikaanse weergawe van Humperdinck se *Hänsel und Gretel* op Stellenbosch (1951).



Hierdie vennootskap is voortgesit met die instudering en uitvoering van die wêreldpremière van Coates se *Tafelberg se kleet*, die eerste volwaardige Afrikaanse opera, wat tydens die Van Riebeeck Drie Eeue-fees in Kaapstad uitgevoer is (Redaksioneel, 1986:14).



Figuur 12:<sup>2</sup> Uitvoering van Brahms se *Requiem* saam met Kaapstad se Stadsorkes (1949).

---

<sup>2</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

Die volgende skema toon voorbeelde van Cillié se repertorium-keuse vir die Universiteitskoor.<sup>3</sup>

Werk <sup>4</sup>	Komponis	Bron <sup>5</sup>
Kom neem jul harpe (Uit <i>Die Skepping</i> )	Haydn (Afr. verw: C. de Villiers)	Program van uitvoering, 23 Oktober 1942:i-iv.
Zet Open Uwe Poorten	Jannasch	
Die Heer Is Myn Sterkte	Jannasch	
De Heer Is Myn Herder	Jannasch	
Zingt Bly! Wy Staan Getroost	Jannasch	
Zie Daar, Dit Is Het Lam Gods	Jannasch	
'Liefd' In U is Al ons Leven	Mozart	
Die "Onse Vader"		
Waardig is die Lam (Uit <i>Die Messias</i> )	Händel (Afr. verw: E. Louwrens)	
Te Deum	Jannasch	Program van uitvoering, 31 Oktober tot 1 November 1953:1-7.
Laat Israel op die Heer vertrou	M.L. de Villiers	
Verheerlik God	M.C. Roode	
Koraal	Dirkie de Villiers	
Psalm 23	Walter Swanson	
Psalm 24	G.G. Cillié	
O alle volke	D.J. Roode	

<sup>3</sup> Verwys na 4.3. vir 'n bespreking van Cillié se koorrepertorium.

<sup>4</sup> Slegs hierdie twee programme kon in die Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, opgespoor word. Die titels van die uitgevoerde koorwerke verskyn soos in die programme wat as bronne gebruik is.

<sup>5</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

Prof. Elize Botha skryf in 'n brief van medelye gedateer 13 Julie 2000 aan die Cillié-kindere en -kleinkindere:<sup>6</sup>

Nog steeds kan ek saamsing aan die groot operakore wat hy ons laat instudeer het (dit was die dae van 'n groot, robuuste Universiteitskore!). Maar veral kan ek hart en gemoed verhef aan die kerkmusiek wat ek in sy kerkkore geleer het. En dan musiek wat ek andersins nooit sou gehoor het nie: Prof. Jannasch se komposisies waarvoor hy soveel eerbied gehad het. Hy het 'n rykdom aan my Universiteitsjare gegee wat ewe dierend is as dié van my ou groot leermeesters in die wêreld van die lettere.

### 4.3. Die Stellenbosse Kweekskoolkore

Volgens Kleynhans (1964:14) het die volgende beriggie uit die pen van prof. G.B.A. Gerdener in *Die Kerkbode* van 22 Mei 1946 verskyn:

In die jongste tyd het ons studente 'n nuwe onderneming die lewe ingeloods, te wete die stigting van 'n Kweekskool-Studentefonds. Die bedoeling van die fonds is om behoeftige studente met lenings te help. Uit eie sak het die studente iets meer as 44 pond bygedra tot die fonds en skikkings word tans getref om die Wintervakansie 'n aantal plekke te besoek met 'n program van musiek en voordrage ten einde die genoemde fonds te sterk en terselfdertyd beter bekendheid te verwerf. 'n Kore onder leiding van dr. Riël Cillié, wat ook die toergroep sal vergesel, beloof 'n aantreklike item op die voorgestelde program te wees.

Voorts haal Kleynhans (1964:14) ds. A.J. van der Merwe, Moderator van die Kaaplandse Sinode, uit dieselfde uitgawe van *Die Kerkbode* as volg aan: “Die verbinding van dr. Cillié se naam aan hierdie kore waarborg reeds die gehalte van sy voordrag”.

Ook die volgende terugblik wat in daardie jaar se *Polumnia* verskyn het, spreek van die waardering en respek waarmee Cillié se bydrae in hierdie verband bejeën is:<sup>7</sup>

---

<sup>6</sup> Prof. Elize Botha is die Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch. Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>7</sup> Die *Polumnia* was die jaarblad van die Kweekskool, Universiteit Stellenbosch.

Die onvergeetlikste gebeurtenis van die jaar is seker die stigting van die Kweekskoolkoor wat onder leiding van prof. dr. G.G. Cillié (jr.) so 'n geslaagde konserttoer deur ons land onderneem het en oor 'n duisend pond ingesamel het vir die Kweekskoolstudentefonds wat ons vanjaar gestig het (Kleynhans, 1964:14).

Die koor se repertorium het bestaan uit psalms, gesange, lofliedere en ander liedere wat handel oor die kerklike jaar. Die hoofdoel daarvan was om mee te help tot die uitbreiding van die Evangelie en om gehore onder die indruk te bring van die krag van die Evangelie wat ook in die lied tot uiting kom (Oosthuizen, 1964:671).

Die goeie werk wat in 1964 deur die Kweekskoolkoor begin is, is in die jare daarna voortgesit. Toere na omliggende dorpe, na die Suidwestelike Distrikte, na die Vrystaat en na Transvaal, het gevolg (Kleynhans, 1964:14). Hierdeur is die Gereformeerde kerklied deur die lede van die Kweekskoolkoor oor die hele land uitgedra. By die inwyding van die Voortrekkermonument was die Kweekskoolkoor een van die glanspunte op die program (Serfontein, 1964:864).



Figuur 13:<sup>8</sup> Die Kweekskoolkoor tydens die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949.

Uit koorboeke wat Cillié vir die Kweekskoolkoor saamgestel het, is die volgende repertoriumlys verkry:<sup>9</sup>

Werk	Komponis
Deep river	Negro Spiritual
Die Heem'le Verkondig	Beethoven
Die Heem'le Verkondig	Haydn
Die Heer is my Herder	Hubert B. Klein
Eeuwen Geleden	Europese Kersliedjie
Ek wag op die Heer	Mendelssohn
Hef op die hart	Schubert
Heilig, Heilig, Heilig	Schubert
Herders op Bethlehems ope velde	Ou Vlaamse Kerslied

<sup>8</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>9</sup> Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch. Die titels van die uitgevoerde koorwerke verskyn soos in die programme wat as bronne gebruik is.

<b>Werk</b>	<b>Komponis</b>
Hoe lieflik is U woning	Hubert Klein
I've got a robe	Negro Spiritual
Kersfeesstuk	G.G. Cillié
Kerslied	Luther-Bach
Kom almal dank die Heer	Crüger-Bach
Kort kantate vir mannekoor	G.G. Cillié
Lied van die Herders	H. Jüngt
'n Vaste Burg is Onse God	Luther
O Hoof bedek met wonde	Hassler
O Vader wat woon in die Hemel	Koraal
Ons loof U, o God	G.G. Cillié
Onse Vader	Luther-Bach
Paaslied-Halleluja	Ou melodie
Psalm 103	Straatburgse Gesangboek
Psalm 121	Ou melodie
Psalm 146	Bäsler
Psalm 148	Joh. De Heer
Psalm 150	Ou melodie
Psalm 42	L. Bourgeois
Psalm 48	Koraal
Psalm 90	Jannasch
Skape wei tevrede, veilig	Bach
Steal away to Jesus	Negro Spiritual
Stille nag, heilige nag	J. Mohr
Swing low, sweet chariot	Negro Spiritual
Were you there?	Negro Spiritual

In 'n onderhoud met Corné van Pletzen, tans koorleier van die Vrystaatse Universiteitskoor, word daar daarop gewys dat sekere mode-tendense ook in die keuse van 'n koorrepertorium ter sprake is.<sup>10</sup> Dit was dan ook die geval in Cillié se program-samestelling. Die volgende tendense word bespeur:

- 'n Navolging van die Romanties-Engelse neiging om koorgedeeltes uit oratoria en kantates te sing. As voorbeeld hiervan kan genoem word “Waardig is die Lam” uit *Die Messias* (Händel) en “Skape wei tevrede, veilig” (Bach).
- Die program het hoofsaaklik uit gewyde werke bestaan.
- 'n Sterk nasionalistiese gevoel was daarvoor verantwoordelik dat werke meesal in Afrikaans gesing is. Die vertalings “Waardig is die Lam” (Händel), “Liefd' in U is Al ons Leven” (Mozart), “Die Heem'le Verkondig” (Beethoven), “Die Heem'le Verkondig” (Haydn), “Skape wei tevrede, veilig” (Bach) en “Hef op die hart” en “Heilig, Heilig, Heilig” (Schubert) dien as voorbeelde hiervan.
- In aansluiting by bogenoemde nasionalistiese ingesteldheid, is 'n groot gedeelte van die program gewy aan werke van Suid-Afrikaanse komponiste soos M.L. de Villiers, M.C. Roode, Dirkie de Villiers en D.J. Roode.

Van Pletzen wys voorts daarop dat, anders as in die hedendaagse koorkultuur waar “deursigtige kamerkoorsang” die uitgangspunt is, daar eerder 'n massakoor-gevoel aan die orde van die dag was.

---

<sup>10</sup> Onderhoud gevoer op 22 Augustus 2006.

#### 4.4. Cillié en die Stellenbosse Studentesangfees

Toe die banieropskrif ‘Studentesangfees 1946’ vroeg in September, na moeitevolle klouterpogings, van boom tot boom (geelgroen met vars lentebotsels) oor die straat voor die ‘Conserve’ aangebring is, was dit die aanvang van 'n era in ons Stellenbosse studentelewe (Booyens, 1971:iv–v).<sup>11</sup>

Die eerste Sangfees is op 13 September 1946 in die stadsaal gehou onder die gesamentlike beskerming van die Universiteit en die Studenteraad, gereël deur 'n komitee waarvan Cillié deel uitgemaak het. Drie gesamentlike kore (altesaam tien koshuiskore) het aan die program deelgeneem, waaronder ook die Universiteitskoor, onder leiding van Cillié. Die eerste Sangfees was 'n welluidende sukses en E-MOL, die destydse musiekkritikus van Die Burger, het as volg hieroor berig:

Ek het nie gedink dat so iets in Suid-Afrika moontlik is nie. Om driehonderd-en-vyftig studente aan die sing te kry – nie studenteliedere, ‘Sarie Marais’ of ‘Wat maak oom Kallie daar?’ nie, maar Bach, Wagner, Verdi, Bizet ens. – is inderdaad 'n prestasie... Ek wil Stellenbosch gelukwens met iets wat seker nie op so 'n groot skaal in Suid-Afrika aangedurf is nie (Booyens, 1971:iv–v).<sup>12</sup>

---

<sup>11</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>12</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.





Figuur 14:<sup>13</sup> 'n Sangfeesrepetisie gedurende die 1950's.

By al sy universiteitsverpligtinge het Cillié soms vyf kooroefeninge op een dag gehad. Sy seun Riël vertel in 'n onderhoud met Olivier (2002:4–5) dat sy vader stiptelik om 13:00 te voet vanaf sy kantoor by die huis opgedaag het. Om 13:15 is die middagete geëet en terselfdertyd na die nuusuitsending geluister. Daarna is daar 'n kwartuurtjie skuins gelê voordat hy stiptelik om 14:00 weer kantoor toe sou stap. Prof. H.B. Thom, eertydse rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het een aand by die soveelste Sangfeeskonsert aan Cillié se vader gevra hoe sy seun daarin slaag om so by te hou met alles. Flink was die antwoord van nóg 'n skerp Cillié-intellek: “Dis beter om deur te slyt as om deur te roes!” (Olivier, 2002:4–5).

---

<sup>13</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

Ten spyte daarvan dat Cillié, soos reeds genoem, 'n totaal ander benadering gehad het as wat vandag in studentekore nagestreef word, kan Cillié se bydrae om koorsang as kultuuraktiwiteit aan die Universiteit van Stellenbosch te vestig, moeilik na waarde geskat word. Dit het die weg gebaan vir latere dirigente van genoemde Universiteitskoor wat uitsonderlike werk op die gebied van koorsang gelewer het – bydraes wat ook mettertyd by ander universiteite 'n invloed uitgeoefen het.

## **HOOFTUK 5**

### **Cillié se bydrae ten opsigte van Gereformeerde kerkmusiek in Suid-Afrika**

In hierdie hoofstuk word daar getrag om Cillié se bydrae insake die breër ontwikkeling van Gereformeerde kerkmusiek in ons land op oorsigtelike wyse te beskryf, asook sy invloed op die totstandkoming van sangbundels van die Afrikaanse Gereformeerde kerke gedurende die aantal dekades waarbinne sy invloed uitgeoefen is. Hierdie bespreking word aangebied in die konteks van bepaalde historiese ontwikkelinge binne die Gereformeerde kerkmusiek in Suid-Afrika. Die toeligting steun tot 'n groot mate op Cillié se eie dokumentering van die genoemde historiese verloop.

#### **5.1. Historiese aanloop tot die Eerste Gesangboek in Afrikaans<sup>1</sup>**

Die ontwikkelinge aangaande die Gereformeerde kerklied binne die Afrikaanse Gereformeerde kerke het 'n komplekse geskiedenis, waartoe 'n verskeidenheid van historiese faktore bygedra het. Die invloed vanuit die Europese Gereformeerde tradisie was 'n sterk vormende faktor, met name dié vanuit die Nederlandse Gereformeerde en Hervormde kerke. Gevolglik is daar in die Afrikaanse Gereformeerde kerke aanvanklik ook in Nederlands gesing. Tot en met die middel van die negentiende eeu is Geneefse

---

<sup>1</sup> *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943), E.G. Malherbe (Voorsitter).

melodieë vanuit die Nederlandse psalmberyming van 1755 gebruik. Die gesange is ontleen aan die 192 *Evangelische Gezangen* wat deur die Nederlandse Hervormde Kerk in 1803–1805 saamgestel is (Cillié, 1979a:1).

Reeds op hierdie stadium het daar egter stemme in die Afrikaanse Gereformeerde kerk begin opgaan, wat die vernuwing van die kerklied bepleit het. Die deeglike onderrig wat kinders op skool gekry het in die sing van psalms en gesange, asook die feit dat dit 'n redelik algemene gebruik was om by huisgodsdienste van die liedere te sing, kon nie verhoed dat daar by baie lidmate 'n weerstand ontstaan het teen sommige van die melodieë nie. Hierdie weerstand het daartoe gelei dat aan die sogenaamde “liederwysies” voorkeur gegee is. Daar is ook uit die digbundels van Willem Sluyter en Jacob Groenewegen tuis gesing, hoewel hierdie boeke geen genoteerde musiek bevat het nie (Cillié, ongepubliseerde diktaat:51–52).

Die hooforsaak waarom daar gedurende die negentiende eeu besware geopper is teen die amptelike kerklike bundel, was omdat die ou kerkmodi, waarin veral die psalms in die sestende eeu gekomponeer is, in onbruik geraak en vreemd op die oor geval het. Ook is die liedere sonder geesdrif gesing, vanweë die feit dat niemand meer die lewendige ritmes van die melodieë geken het nie en die liedere gevolglik in lang, uitgerekte nootwaardes gesing is (Cillié, ongepubliseerde diktaat:51–52).

In 1883 het daar 'n bundel onder die titel *Halleluja! Psalmen en Gezangen der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika. Ten dienste van School en Huisgesin* verskyn. Die Halleluja het 27 psalmmelodieë en 22 gesangmelodieë bevat waarvan 13 psalmmelodieë (deur J.S. de Villiers) en 10 gesangmelodieë (deur Rocco de Villiers) “nuut” was (Cillié, ongepubliseerde diktaat:53).

In opdrag van die NG Kerk in Suid-Afrika het daar in 1895 'n Psalm- en Gesangboek verskyn waarvan S. de Lange van Stuttgart, Duitsland, die musiek versorg het. Cillié (ongepubliseerde diktaat:53) noem dat, ten spyte van die feit dat De Lange die ou psalmmelodieë se ritmes in “moderne” vorm verwerk en 'n aantal nuwe melodieë geskep het, die bundel nie tot 'n vernuwing in kerksang kon lei nie en gemeentes voortgegaan het om die psalms en gesange trekkerig en isoritmies te sing.

Op Stellenbosch het prof. F.W. Jannasch (1853–1930) vanaf ongeveer 1890 feitlik 'n alleenstryd gevoer teen die minderwaardige musiek wat die kerk wou binnedring deur bundels soos dié van Sankey (*Gospel and Sacred Solo's*, 1875), *Die Kinderharp* (1863, 1873, 1881, 1892), die *Zionsliederen* (1871) en *Die Halleluja* (1883, 1903, 1931, 1949, 1960) (Cillié, ongepubliseerde diktaat:54; Du Toit, 1983:42–52). Jannasch het die Nederduits Gereformeerde Kerk gevolglik probeer oortuig van die groot musikale skat geleë in die Geneefse psalmmelodieë. Hy het egter besef dat 'n nuwe waardering vir hierdie melodieë en 'n lus om hulle te sing, alleen sou ontstaan indien hulle met hulle oorspronklike ritmes gesing word.

In 1915 het die Sinode die volgende beskrywingspunt aanvaar:

De Synode benoemde eene Commissie ten einde zingbare wijzen te verkrijgen voor de nog vele onzingbare Psalmen en Gezangen in onze bundel (Cillié, ongepubliseerde diktaat:54).

Nuwe wysies is plaaslik sowel as uit die buiteland aangevra en is deur 'n drietal musici, by name F.W. Jannasch, P.K. de Villiers en A.C. van Velden, wat elk ook melodieë gelewer het, beoordeel. Die resultaat was dat daar in 1919, 1922 en 1926 "proefbundels" verskyn het en dat gemeentes begin het om sekere van die nuwe melodieë aan te leer (Cillié, ongepubliseerde diktaat:54).

Gepaardgaande met die vernuwing betreffende *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943), is die melodieë van die psalms taamlik ingrypend verander. Hoewel hulle op daardie stadium nie meer oral in gebruik was nie, is die Geneefse melodieë van 1562 nog altyd afgedruk in Afrikaanse Gereformeerde Psalm- en Gesangboeke. In die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek van 1937/1943 verskyn egter slegs 70 van die 125 ou Geneefse melodieë. Die ander is vervang, omdat hulle "onsingbaar" geag is, maar 'n hele aantal ook omdat Totius nie kans gesien het om die ou versmaat in sy Afrikaanse beryming te behou nie (Cillié, ongepubliseerde artikel e:5–6).

In hierdie opsig is dit nodig om kortliks stil te staan by die verskynsel van isometrie in die outentieke Geneefse melodieë, omdat dit so 'n beduidende invloed gehad het op Cillié se denke. Gereformeerde gemeentes in die sestiende eeu het die psalms waarskynlik ritmies gesing (Cillié 1962a:8). Die vierstemmige verwerkings van die psalms uit daardie tyd bevat die melodieë met note van ongelyke tydsduur. Bykomend tot sy melodiese

vindingrykheid, het Bourgeois byvoorbeeld in sy psalmmelodieë 'n ritmiese verskeidenheid geskep wat een van die groot aantreklikhede van die oorspronklike Psalmbundel was. Volgens Cillié (1962a:8) is hierdie ritmiese praktyk esteties meer boeiend as die ritmiese eentonigheid van latere versamelings van kerkliedere, veral dié wat gedurende die negentiende eeu in Engeland en Amerika ontstaan het. Bourgeois se aanwending van ritmiese afwisseling het volgens Cillié (1962a:8) ook die belangstelling van die intelligente sanger wakker gehou. Helaas het hierdie eienskap na sy mening vir die onintelligente kerksanger mettertyd 'n probleem geword, wat uiteindelik uitloop het op verwarring en chaos in die erediens:<sup>2</sup>

Gedurende die sewentiende eeu het dit byna algemene gebruik in Nederland geword om die psalms met ewe lang note te sing, en so het ons voorvaders hulle in Suid-Afrika ook gesing in die kerk en by huisgodsdienste. Waar daar oorspronklik lewende ritme in die melodie was, was daar nou net die doodsheid van reëlmatig lang-uitgerekte note. G'n wonder dat party mense praat van "musikale moord" nie, want hierdie gebruik sou met verloop van tyd, en het ook, daartoe bygedra om die psalmgesang in die Gereformeerde kerke so te sê dood te maak (Cillié, 1962a:8).

In die Franse Protestantse kerk is die note nie met gelyke waardes gesing nie (Cillié, 1944a:5). Die lengtes van die verskillende note moes inpas by die ritme van die Franse woorde. Vanweë die feit dat dit onmoontlik was om die oorspronklike Franse taalritme na Nederlands oor te dra, is die note as ewe lank aangegee. Aanvanklik is die melodieë in hierdie vorm uit Nederland oorgeneem vir gebruik binne die Afrikaanse Gereformeerde kerksang. Volgens Cillié (ongepubliseerde artikel b:13–14) het hierdie praktyk aanleiding gegee tot die gewoonte om die psalms en gesange in ons kerke baie langsaam te sing. Laasgenoemde kan as een van die belangrikste redes beskou word waarom die Geneefse

---

<sup>2</sup> Uiteraard is dit 'n misvatting dat Bourgeois se skryfstyl daarmee in verband gestaan het dat hy die intellektueel meer begaafde sanger wou boei; dit was 'n stilistiese konvensie van die tydperk.

melodieë in onguns geraak het en waarom baie mense eers liederwysies en later die musiek van die Engelse liederboeke begin aankleef het (Cillié, ongepubliseerde artikel b:13–14).

Dit is merkwaardig dat prof. F.W. Jannasch, as 'n buitestaander, raakgesien het dat die waardevolle Geneefse melodieë in ons kerk in ere herstel sou kon word, indien die melodieë iets van hulle oorspronklike lewe en krag terug kon kry. Jannasch het by die uitwerk van die ritmiese vorm van die ou melodieë nie in alle gevalle teruggegaan na die oorspronklike Geneefse vorms nie, maar het, waarskynlik in navolging van sekere oorsese pogings in die sewentiende en agtiende eeue, die melodieë in eweredige mate verdeel (Cillié, ongepubliseerde artikel b:13–14). In 1923 verskyn 'n bundeltjie met 36 psalms in Afrikaans, berym deur Totius en musikaal deur Jannasch versorg (Cillié, ongepubliseerde artikel c:2). Al die Geneefse psalmmelodieë wat daarin voorkom, is in gelyke nootwaardes afgedruk. Totius het in die inleiding tot die boek 'n kragtige pleidooi gelewer tot hierdie manier van sing.

Cillié (ongepubliseerde artikel c:2) is onseker oor die feit of die sing van gelyke nootwaardes na die verskyning van bogenoemde bundeltjie algemene gebruik in die Gereformeerde Kerk geword het. Toe hierdie saak egter ter sprake gekom het in die vergadering van die kommissie wat verantwoordelik was vir die versorging van die musiek van die Afrikaanse psalms, het slegs die afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerk sterk gepleit vir die oorspronklike ritmiese vorm van die psalms in half- en



kwartnoot-nootwaardes. Hulle het egter nie veel steun vir hul standpunt van die ander lede van die Kommissie gekry nie. Gevolglik het die Kommissie besluit dat die ou psalmmelodieë in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943) in gelyke nootwaardes sou verskyn. Hoe dit gebeur het dat die ou psalmmelodieë in ons Afrikaanse Psalm- en Gesangboek tog in half- en kwartnoot-nootwaardes gedruk is, is 'n saak waaroor heelwat verskil word. Pienaar (1946:77 en 79) noem byvoorbeeld dat, aangesien die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk 'n psalmtoonsetting in gelyke nootwaardes wou hê, bogenoemde geskilpunt daarop uitgeloop het dat die musiek van die Psalm- en Gesangboek van 1937/1943 hoofsaaklik in half- en kwartnoot-nootwaardes was, maar dié van die *Koraalboek* in gelyke nootwaardes.

Terselfdertyd het die aandrang om die Gesangboek in Afrikaans te vertaal, steeds sterker geword (Cillié, 1979a:1–2) en is daar dus besluit om die psalms en gesange in Afrikaans te vertaal (Cillié, 1979b:10). Hierdie besluit het gespruit uit die feit dat, met die koms van Afrikaans en met die taal se verowering van een vesting na die ander in ons volkslewe, die kerk en die kerklied noodwendig ook beïnvloed is (Cillié, 1979a:1–2). Die hersiening van die musiek en die vertaling van die teks kon daarom tegelyk afgehandel word (Cillié, 1979b:10). In 1937 het die Totius-beryming van die psalms verskyn en in 1943 die volledige Psalm- en Gesangboek in Afrikaans. Oral deur die land is *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943) met luisteryke feeste verwelkom. Cillié (1979a:3) noem dat, alhoewel daar met 'n tikkie weemoed afskeid geneem is van die bundel wat vir ons voorgeslagte 'n groot bron van troos en bemoediging tydens 'n

veelbewoë deel van ons geskiedenis was, dankbaarheid en vreugde oorheers het, omdat daar voortaan in die eie moedertaal gesing kon word.

## **5.2. Cillié se standpunte ten opsigte van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange (1937/1943)***

Teen die agtergrond van die gegewens soos onder die vorige afdeling geskets, kan Cillié se invloed aangaande daaropvolgende ontwikkelinge binne die Gereformeerde kerkmusiek vervolgens uiteengesit word. Met sy aanstelling as orrelis van die Moedergemeente in Stellenbosch in 1939 (Serfontein, 1964:864) het Cillié sy toetrede tot die terrein van die kerkmusiek in Suid-Afrika gemaak.<sup>3</sup> As invloedryke raadgewer in kerklike kringe het hy spoedig bepaalde standpunte rakende die 1937/1943-Psalm- en Gesangboek gehuldig. Hierdie gesigspunte sou later as belangrike rigtingaanduiders by die samestelling van hersiene Psalm- en Gesangboeke dien.

### **5.2.1. Die Afrikaanse beryming van die psalms**

Een van die vernaamste besware wat Cillié teen die Afrikaanse beryming van die 1937/1943-Psalm- en Gesangbundel geopper het, was teen verouderde taalpraktyke. Cillié (1978a:3) noem dat die taal sedert die omdigting van die psalms en gesange in Afrikaans vanaf die dertigerjare van die vorige eeu heelwat ontwikkel het en dat baie van

---

<sup>3</sup> Vergelyk 3.1.

die eertydse segswyses verouderd geraak het. Voorbeelde van sulke woordskeppings wat nie inslag gevind het nie, is die volgende:

“in gedagt’nis bring”	(Ps. 1)
“weervergelding”	(Ps. 1)
“heengewend”	(Ps. 27)
“wonderwoord” en “wondervuur”	(Ps. 105)
“swerwe in banningsoord en jammerstaat”	(Ps. 106)
“rein bevonkte”	(Ps. 98)
“weggejaag deur hemelluister”	(Ps. 107)

Cillié (1979c:1) ag dit gelukkig dat Totius in die meeste gevalle aan die Afrikaanse psalms dieselfde versmaat kon gee as wat die ou Nederlandse psalms gehad het, asook die feit dat gewilde en ander mooi melodieë uit die Geneefse Psalmboek van 1562 dus behou kon word by Afrikaanse tekste. Tog kon Totius nie oral daarin slaag om dieselfde versmaat as dié van die Nederlandse (en dus Franse) psalmberymings te behou nie, met die gevolg dat die Geneefse melodieë in hierdie gevalle nie kon pas by die Afrikaans nie (Cillié, 1969a:10).

### **5.2.2. Die tekste van die gesange**

Op letterkundige gronde het Cillié egter heelwat meer kritiek teen die tekste van die gesange gehad. Tekortkominge in hierdie verband is hoofsaaklik daaraan te wyte dat die gesange byna deurgaans letterlike vertalings van die *Evangelische Gezangen* van 1806 was. Voorts noem Cillié (1979c:1) dat genoemde prosedure 'n geleentheid om die versameling gesange uit te brei, asook die geleentheid om die klompie Duitse korale wat

volgens Cillié in afgewaterde vorms in die *Evangelische Gezangen* van 1806 opgeneem is in ere te herstel, belemmer het.

### **5.2.3. Die Geneefse psalmmelodieë**

Die invloed wat sy eertydse leermeester, F.W. Jannasch, asook sy moeder deur middel van hul liefde en waardering vir die Protestantse kerklied op hom uitgeoefen het, kan dwarsdeur Cillié se loopbaan as kerkmusikus waargeneem word. Vir Cillié moes die kerklied te alle tye beantwoord aan die eise van soberheid en eenvoud en moes dit diep ernstig en God-gerig wees. Juis om hierdie rede beskou Cillié die Geneefse melodieë as “ideale en onopvallende draers van die woorde van die psalms” (Cillié, ongepubliseerde artikel b:5).

Gedurende die negentiende eeu het daar egter herhaalde kere voorstelle voor die Kaapse Sinode gedien rakende die sogenoemde “onsingbaarheid” van baie van die Geneefse melodieë (Cillié, 1969a:8). Die problematiese aspekte wat hiertoe aanleiding gegee het, word in die volgende saamgevat:

- (i) Teenoor die kerkmodi wat gebruik is in die jare toe hierdie melodieë hulle ontstaan gehad het (1539–1562), word tans van majeur- en mineurtoonsoorte gebruik gemaak.
- (ii) Marot en Beza het by baie van hulle berymings van die psalms 'n redelike lang versvorm gekies.

- (iii) Aangesien herhalings nie altyd voorgekom het nie, was die melodie soms baie ingewikkeld (Cillié, 1969a:8).

Alhoewel spronge oor die algemeen vermy is en die melodie-omvang binne perke bly, soos bo vermeld, het die gewoonte mettertyd ontstaan om die psalms sleg en met ewe lang note te sing, in plaas van veerkragtig met kort en lang note soos hulle in die tyd van die Kerkhervorming uitgevoer is (Cillié, 1944b:41).

Cillié was dus bewus daarvan dat daar problematiese aspekte in die Geneefse melodieë aanwesig was, wat dit vir die gemiddelde lidmaat moeilik singbaar gemaak het. Tog het sy geloof in die krag van hierdie melodieë as draers van die Woord van God en sy onblusbare hoop dat hierdie liederes meer inslag by gemeentelidmate sou vind, hom sekere voorstelle aan die hand laat doen.

Vanweë die modale aard van die melodieë was die kerkmodi dwarsdeur die Middeleeue en tot na die tyd van die Kerkhervorming in die sestiende eeu, die grondslag van die kerkmelodieë (Cillié, ongepubliseerde artikel b: 10–11). Aangesien Klassieke en Romantiese musiek op slegs 2 toonreekse gebaseer is, nl. majeur en mineur, het die vroeë psalmmelodieë 'n groter verskeidenheid van karakter gebied. Die ouer liederes was bedoel was om eenstemmig, sonder enige begeleiding, gesing te word. Uit geskrifte soos dié van die digter Constantijn Huygens, blyk egter dat dié manier van psalmsang in die erediens mettertyd nie meer geslaagd was nie. Cillié (ongepubliseerde artikel b:10–11) meld egter

dat, solank as wat die gemeentes klein was, die sang sonder leiding kon slaag. Met 'n toename in getalle, en met die vergadering van gemeentes in groter ruimtes, het onbegeleide gemeentesang steeds meer problematies geword.

Ofskoon orrelbegeleiding op hierdie vraagstuk 'n antwoord kon bied, het dit weer die problematiek van die keuse van harmonisasie na vore gebring. Cillié (ongepubliseerde artikel b:10–11) noem dat orreliste in Nederland min of meer “stylgetrou” probeer bly het, met ander woorde in meerdere of mindere mate van modale harmonisering gebruik gemaak het, maar dat in Suid-Afrika melodieë volgens majeur- en mineurtoonlere geharmoniseer is. Alhoewel die immigrasie van 'n hele aantal goed opgeleide Hollandse orreliste na Suid-Afrika baie gedoen het vir die herlewing van die modale harmonieë, spreek Cillié die vrees uit dat 'n forsering van modale begeleiding moontlik die gemeentesang nadelig kon beïnvloed. Hy sluit by die suiwere beginselstandpunt in hierdie saak aan wanneer hy noem dat die psalms eenstemmig, ongeharmoniseerd en sonder begeleiding gesing behoort te word. Daarin is geen sprake van harmonie nie. Die oomblik wanneer die psalms geharmoniseer en met begeleiding gesing word, al geskied dit op welke wyse, word van die suiwer standpunt afgewyk. Deurslaggewend vir Cillié bly egter die vraag na die vorm waarin gemeentes die psalms die beste sing. Hy het geglo dat die ou kerkmodi eers algemene musiektaal moes word, voordat mense die streng modale toonaarde sou aanvaar (Cillié, ongepubliseerde artikel b:10–11). Aangaande die harmonisasie van die Geneefse psalmmelodieë doen Cillié (ongepubliseerde artikel b:15–16) aan die hand dat stroperige, chromatiese harmonieë vermy moet word.

'n Tweede aspek wat aandag verdien het en waarteen Cillié sterk standpunt ingeneem het, was die verwarring oor die ritmiese uitvoeringspraktyk van die Geneefse melodieë. Cillié (ongepubliseerde artikel b:16) het sterk daarvoor gepleit dat die ritmiese uitvoeringspraktyk in ongelyke nootwaardes dwarsdeur die Afrikaanse gereformeerde kerke aanvaar en beoefen sou word. Voorts was hy 'n voorstander daarvan dat die vorms wat vir die verskillende psalms aanvaar sou word, so na as moontlik aan die oorspronklike moes wees, sonder dat gemeentes met te veel ingewikkelde patrone gekonfronteer sou word. Ten gunste van die wisselende nootwaardes het Cillié (ongepubliseerde artikel c:8–10) daarop gewys dat “dit 'n mens in staat stel om meer verse in dieselfde tyd te sing, sonder dat die indruk van gejaagdheid geskep word”. Hy was daarvan oortuig dat mense die psalms veel hartliker en ook makliker kan sing met ongelyke nootwaardes en het ook gemeen dat die plegtigheid daardeur verhoog kon word.

Die werkbaarheid en standhoudendheid van Cillié se standpunte aangaande bogenoemde blyk duidelik uit die feit dat daar in die *Liedboek van die Kerk* (2001) heelwat Geneefse melodieë behoue gebly het, wat steeds met lus deur baie gemeentes gesing word. Enkele voorbeelde hiervan is Psalms 25, 66 en 42.

#### 5.2.4. Die musikale inhoud van die gesange

Cillié (1969a:11–12) noem dat die musikale verandering by die Evangeliese gesange met die vertaling in Afrikaans baie minder drasties was as by die psalms. Van die 192 liedere in die *Evangelische Gezangen* van 1806 is 75 psalms behou, maar vir hierdie 75 is net 31 verskillende psalmmelodieë gebruik (Cillié in Hamman, 1964:67). *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943) het ongeveer dieselfde aantal psalmmelodieë bevat; volgens Cillié die keur vanuit die Geneefse Psalmboek van 1562.

Cillié se grootste beswaar betreffende die gesange was teen 'n besluit van die Kommissie vir Gesangberyming om 'n aantal Engelse “hymns” in die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek op te neem. Teen hierdie “kultuur-vreemde, oppervlakkige wysies” het Cillié (1942:39) ten sterkste beswaar aangeteken:

Na aanleiding van 'n brief in *Die Kerkbode* van 22 Julie van die hand van Ds. D.F. de Beer, sekretaris van die Kommissie vir Gesangberyming, voel ek my daartoe gedwing om te protesteer teen die besluit van die kommissie om 'n aantal Engelse “hymns” in ons nuwe Afrikaanse Gesangboek op te neem, mits geskikte vertalings gevind kan word. Ons kerk het nog altyd daarin geslaag om ons Gesangboek vry te hou van kultuur-vreemde, oppervlakkige wysies, en hierdie besluit lyk na die dun end van 'n wig. As hierdie “populêre” wysies eers eenmaal offisiële status in ons Gesangboek gekry het, sal dit mettertyd ons hoogstaande Psalm- en Gesangwysies heeltemal uit ons erediens verdring...

De Beer (1942:22) het gereageer dat die liedere onder bespreking volgens hom, en die Berymingskommissie, nie verstaan was as allerlei “oppervlakkige” of “populêre” wysies, soos Cillié dit voorstel nie, maar wel as “geestelike liedere wat in haas alle Protestantse Kerke gesing word, wat weens inhoud en musiek tot groot seën was, en wat, soos die Transvaalse Sinode dit uitdruk, ‘in die gees van ons kerksang is’”. Wanneer die Engelse



“hymns” teenoor die liedere uit die Kerkhervorming gestel word, merk Cillié (1942:40) op dat eersgenoemde se wysies makliker is om te leer, maar dat, vanuit 'n musikale oogpunt, “hul skoonheid en geestelikheid van 'n week, sentimentele aard is”. Cillié betwyfel verder De Beer se siening dat hierdie liedere “eie” aan die Afrikaner kan raak deur hulle te vertaal en voer aan “dat ons eers ons Gereformeerde beskouings sal moet laat vaar voordat hulle eie aan die Afrikaanse kerkkultuur sal kan word”.

Ten spyte van enkele punte van kritiek, noem Cillié (in Loots, 1948:177) dat daar in die musiek van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943) 'n kosbare geestelike en kulturele skat vervat is. Dit bevat 'n aantal pragtige melodieë uit die Geneefse Psalmboek van 1562 (al is dit in die sogenoemde koraliese vorm); dit bevat die room van die korale uit die 16de, 17de en 18de eeue (al is die melodieë in die veranderde Nederlandse vorms); dit bevat ook die beste melodieë wat in Nederland gedurende die 19de eeu ontstaan het; daarbenewens is daar ook 'n paar Engelse kerkmelodieë en 'n aantal singbare Suid-Afrikaanse produkte. Die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek van 1937/1943 het, met enkele uitsonderings, al die waardevolle musiek van die *Evangelische Gezangen* (1806) behou (Cillié in Hamman, 1964:69).

#### **5.2.5. Nuwe melodieë by die psalms en gesange**

Cillié (ongepubliseerde artikel d:12–13) noem dat die 58 nuwe melodieë wat in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1937/1943 vir die eerste

keer amptelike status gekry het, hoofsaaklik die werk van Suid-Afrikaanse komponiste was, maar dat hierdie melodieë oor die algemeen van 'n veel laer gehalte was as die 68 melodieë uit die sestiende eeu. Die 26 melodieë deur eietydse komponiste, wat as gesange opgeneem is, dra oor die algemeen 'n baie sterk Engelse stempel (Cillié in Loots, 1948:176).

Vir Cillié (ongepubliseerde artikel d:13) lê die waarde van hierdie liedere egter daarin dat, indien daar ook rekening gehou word met die musikale ontwikkeling van die Afrikaanse Gereformeerde kerkvolk, die psalms op Geneefse melodieë wat nie meer gesing is nie, nou d.m.v. die nuwe melodieë weer 'n rol gespeel het in die godsdiensbeoefening.

Ook ander musici het heelwat kritiek gelewer op die gehalte van party van die eie skeppings in die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek (1937/1943), veral op dié van P.K. de Villiers, met name sy melodieë vir Psalms 2, 4, 18, 51, 130 en veral 147. Daar is gevoel dat, hoewel party van die melodieë maklik was om te memoriseer, daar ook 'n aantal was wat tot 'n mindere of meerdere mate nie in die Gereformeerde erediens tuishoort nie (Cillié, 1978a:4).

### **5.2.6. Verteenwoordigende rubrieke in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange (1937/ 1943)***

Cillié (1978a:5) noem dat, aangesien ons Afrikaanse gesange hoofsaaklik vertalings was van die *Evangelische Gezangen* (1806) en aangesien laasgenoemde oorhaastig saamgestel is, dit 'n mens nie verbaas dat ons Psalm- en Gesangboek van 1937/1943 'n ietwat “ongebalanseerde” liederboek was nie. Hy voel dat die bundel veral arm was aan kersliedere (9), lydensliedere (18) en liedere oor die Heilige Gees (Pinkster) (5). Tog noem Cillié (1947:16) dat dié Afrikaanse Psalm- en Gesangboek 'n aantal van die skoonste lydensmelodieë bevat wat ooit geskep is.

Cillié het as kerkmusikus reeds vanuit die staanspoor die kerklied beoordeel vanuit die funksie daarvan dat dit, naas die Bybel, draer van die Woord van God is. Alhoewel Cillié hom beywer het vir die behoud van die Geneefse melodieë, en wel in hulle oorspronklike vorm, was hy ook 'n voorstaander daarvan dat elke tydperk sy eie stempel op die kerkmusiek afdruk. Steeds moes dit egter geskied in terme van die eise van waardigheid en plegtigheid, deurleefdheid en egtheid, asook eenvoud, terwyl dit terselfdertyd esteties altyd van hoogstaande gehalte moes wees.

Opsommend kan Cillié se besware oor *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943) as volg weergegee word:

- die verouderde taalpraktyke;
- die letterlike vertalings uit die *Evangelische Gezangen*;
- die afgewaterde vorms waarin Duitse korale opgeneem is;
- die Geneefse psalmmelodieë wat in gelyke nootwaardes genoteer is;
- die opname van Engelse “hymns” in die Psalm- en Gesangboek;
- die gehalte van nuwe melodieë by die psalms;
- die minderwaardige gehalte van gesange deur Suid-Afrikaanse komponiste; en
- die feit dat sommige rubrieke (veral dié van Kersfees, die lydenstyd en liedere oor die Heilige Gees) nie goed genoeg verteenwoordig was nie.

Die “winste” wat hy aantoon, kan as volg opgesom word:

- die opname van pragtige melodieë uit die Geneefse Psalmboek (1562);
- die feit dat die room van korale uit die sestiende, sewentiende en agtiende eeue in die bundel vervat is; en
- die opname van die beste melodieë wat gedurende die negentiende eeu in Nederland ontstaan het.

### **5.3. Cillié se standpunte ten opsigte van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978)**

As lid van die kommissie vir die samestelling van die Gesangebundel van 1976/1978, was Cillié goed bekend met die uitgangspunte wat deur die kommissie daargestel is en kon hy vanuit sy eerstehandse ondervinding as gemeente-ordelias, asook teen die agtergrond van sy navorsing oor die ideale kerklied en vroeëre kerksangbundels, waardevolle bydraes tot die samestelling van die hesiene bundel lewer.

#### **5.3.1. Die beryming van die psalms**

Totius en die berymers van die gesange vir *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1937/1943 was nog sterk onder die invloed van Nederlands (Cillié, 1979c:2). Ongelukkig kon aan die tekste van die berymde psalms van Totius van 1937/1943 niks verander word in die nuwe boek nie, aangesien die Gereformeerde Kerk, wat die kopiereghouers van die psalmberyming is, nie verloop hiertoe wou toestaan nie (Cillié, 1977:487). Cillié (1983a:6–7) noem dat, by al die voortreflike gedigte wat Totius vir die kerkliedere geskep het, daar tog sommige was wat nie meer bevredig het nie. As voorbeelde haal hy die volgende uitdrukkings aan:

“Yd’le jonkheidslewe”	Ps. 25
“omring deur donkerhede”	Ps. 27
“skeppingsmagtig”, “wentelkringe”	Ps. 33
“tongehelde”, “tafelspotters” en “vreugdedaling”	Ps. 35

Tog ag Cillié dit moontlik sinvol dat die verlot tot hersiening geweier is in die lig daarvan dat die amptelike vertaling van die Bybelse Psalms die grondslag behoort te vorm van enige nuwe beryming. Laasgenoemde was nog nie beskikbaar nie. So 'n hersiening sou die verskyning van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978) na Cillié se mening met tien jaar of meer vertraag het. Psalmtekste van 1937/1943 met al hul voortreflikhede, maar ook gebreke, is gevolglik net so in die Psalm- en Gesangboek van 1976/1978 oorgedra (Cillié, 1977:487).

### **5.3.2. Die tekste van die gesange**

Cillié (1979a:4) noem dat die kommissie wat verantwoordelik was vir die hersiening van die gesange, aanvanklik sowat 45 van die gesangtekste uit die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangboek afgekeur het. As redes word genoem die onaanvaarbaarheid van die betrokke gesange op letterkundige en/of teologiese gronde, asook die feit dat hierdie tekste in die oë van die kommissie nie verbeter kon word nie. Voorts noem Cillié (1981b:22) dat die Afrikaanse Gereformeerde kerke in die gelukkige posisie was dat daar juis op daardie stadium drie predikant-skrywer-digters beskikbaar was vir die versorging van die tekste by die gesange, by name ds. Izak de Villiers, dr. Attie van der Colf en ds. Gerjo van der Merwe. Hierdie drie persone het grondtekste gelewer wat die basis gevorm het van verbeterde verse, en het ook nuwe vertalings en oorspronklike gedigte bygedra (Cillié, 1979c:4).

Cillié (1980a:7–12) bespeur die wanopvatting by ouer digters dat erediens-waardigheid taal-deftigheid vereis, dit wil sê hoë en lang woorde. Daarteenoor huldig hy die standpunt dat niks beter pas en meer waardig vir die erediens is as eenvoudige, sober taal nie. Hy vestig ook die aandag daarop dat, vanweë ons voorgangers uit die dertigerjare se opgewondenheid om in Afrikaans te kon sing, hulle nie daaraan gedink het om die fout wat in 1806 gemaak is, reg te stel nie (Cillié, 1981b:20–21). Die Nederlandse tekste vir die *Evangelische Gezangen* van 1806 was vertalings van minderwaardige Duitse gedigte en hierdie liedere is feitlik net so in Afrikaans vertaal. Hierdie fout is met *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978 tot 'n groot mate reggestel. Beroemde Duitse korale soos *Nun danket alle Gott* (Gesang 5), *O dass ich tausend Zungen hätte* (Gesange 15, 59, 228 en 320), *Lobe den Herren, den mächtigen König der Ehren* (Gesang 63 en 222) en nog talle kon nou in Afrikaans gesing word.

### **5.3.3. Die melodieë van die psalms**

Aan die hersiening van die melodieë het 'n kommissie van al drie die Afrikaanse kerke saamgewerk. Cillié (1978a:6) noem dat daar oor twee belangrike aspekte in hierdie verband groot eensgesindheid was:

- (i) Die ou Geneefse melodieë moes, wat hulle ritmiese vorm betref, so na as moontlik teruggebring word na die oorspronklike vorms.
- (ii) Baie van die “nuwe melodieë” wat in 1937/1943 in die Psalm- en Gesangboek opgeneem is, en wat nie waardig genoeg geag is vir die

erediens nie, moes deur musikaal meer hoogstaande melodieë vervang word.

Wat (i) betref, het die kommissie die beste beskikbare outoriteite geraadpleeg in verband met die oorspronklike ritmiese vorms van die Geneefse melodieë. Omdat die krag en karakter van 'n goeie melodie grootliks afhang van sy ritmiese struktuur, is die oorspronklike ritme in die meeste gevalle herstel, behalwe in enkele gevalle waar daar praktiese struikelblokke was. Vanuit 'n musikale oogpunt sien Cillié (1978a:6) dié herstel as 'n groot verbetering wat, volgens hom, mettertyd tot groter waardering van die musiek deur die gemeente sou lei.

Cillié (1981b:9) noem dat 132 melodieë uit die Gereformeerde musiekskat van die sestiende eeu geneem is. As daar in gedagte gehou word dat daar in die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangboek (1937/1943) maar net sowat 70 melodieë uit die sestiende eeu was, blyk dit dat daar in die 1976/1978-bundel 'n redelike swaai terug na die 16de-eeuse musiek was.

Die belangrikste verandering met betrekking tot die psalmmelodieë in die nuwe boek lê vir Cillié (1981b:10) nie soseer in die oorwegende aantal 16de-eeuse melodieë nie, maar eerder in die feit dat die oorspronklike ritmes daarvan herstel is. Die gesamentlike Musiekkommissie van die drie Afrikaanse kerke was dit ook met mekaar eens dat die oorspronklike ritmes van die ou Geneefse psalmmelodieë so ver moontlik herstel moes



word. Cillié (1978b:20) noem dat die interkerklike kommissie selfs 'n stap verder gegaan het in die herstel van die oorspronklike vorms van die Geneefse melodieë: daar is besluit dat die liedere afgedruk sou word met 'n vrye (maatlose) ritme wat nie veel van hulle oorspronklike vorm verskil het nie. Daar het by hom geen twyfel bestaan dat met hierdie stap die “skoonheid en krag” van die kosbare liedere uit ons Gereformeerde erfenis aansienlik verhoog sou wees nie. Hy sien die herstel van die ritmiese patrone van die ou psalmmelodieë daarin dat dit hierdie kosbare ou liedere opnuut laat lewe (Cillié, 1979d:11). Nie alleen sou die bekende liedere veel beter gesing kon word nie, maar van die sogenoemde “onsingbares” sou ook vir die deursnee-gemeentelede aanneemliker word. Ofskoon Cillié natuurlik nie die enigste kommissielid was wat hierdie veranderinge bepleit het nie, is dit duidelik dat sy invloed ten opsigte van die deurvoering daarvan onmiskenbaar is.

#### **5.3.4. Die opdrag van die hersieningskommissie**

Die kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduits Hervormde Kerk wat aan die hersiening van die gesange gewerk het, het duidelike opdragte gekry (Cillié, 1979b:11). Hieronder was die uitskakeling van ongeskikte liedere en die herstel van die Duitse korale, wat in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1937/1943 in afgewaterde vorms verskyn het. Ook moes daar toegesien word dat al die beste liedere uit die skat van die Christelike kerk in die nuwe Psalm- en Gesangboek opgeneem word. Eerstens was daar 'n deeglike keuring en hersiening van bestaande

liedere; daarna het 'n uitgebreide soektog na nuwe geskikte toevoegings gevolg. Laastens het die vertaling en her- of nuwe omdigting van die gekose tekste aan die beurt gekom (Cillié, 1978a:7).

Oorkoepelend moes in gedagte gehou word dat soveel as moontlik van die bestaande liedereskat van die Christelike kerk in die nuwe Psalm- en Gesangboek vervat moes wees en dat al die belangrike rubrieke soos onder andere Kersfees, Lydenstyd en Pinkster goed verteenwoordig sou wees. Verder was dit die hersieningskommissie se strewe om die nuwe gesange só te versorg dat hulle in die meeste gevalle in geheel opgegee kon word, wat die weglating van strofes van sekere van die bestaande gesange beteken het. Aan ouer lidmate het Cillié (1978a:7) die versekering gegee dat, veral wat die melodieë betref, alle waardevolle stof uit die Psalm- en Gesangboek van 1937/1943 ook in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978 sou verskyn.

Lede van die Gesangekommissie het altesaam oor 10 000 liedere uit bestaande bundels besin in hul soeke na nuwe materiaal vir die Psalm- en Gesangboek. Die resultaat hiervan was 'n vermeerdering van 193 na 353 gesange (Cillié, 1978a:9). As lid van die Gesangehersieningskommissie, noem Cillié (1983a:7) die volgende belangrike uitgangspunte wat gevolg is:

- (i) Bybelse suiwerheid.
- (ii) Nie sake of dinge word aangespreek nie, maar wel die Vader, die Seun of die Heilige Gees.

- (iii) 'n Alte gemeenskap met Jesus Christus – soos ons kry in die liedere van die piëtisme – moes vermy word.
- (iv) Die taal moes hedendaags en verstaanbaar wees.
- (v) Waar tekste uit die Nederlands, Duits, Engels, Frans of Latyn vertaal of verwerk is, moes die resultaat aanpas by hedendaagse Suid-Afrikaanse Gereformeerde opvattinge en by die Afrikanerkultuur.
- (vi) Die versameling moes genoegsaam voorbeelde bevat vir al die belangrike geleenthede van die kerklike jaar, vir kerklike feestye en vir kerklike aktiwiteite.
- (vii) Laastens moes die voltooide boek ook ekumeniese karakter vertoon, deur die opname, sover moontlik, van bekende, geskikte, Christelike kerklidere uit ander kerke en tye (Cillié, 1983a:7).

### **5.3.5. Nuwe bydraes deur Suid-Afrikaanse komponiste**

Wat die “eietydse” melodieë (1937/1943) aan betref, was daar eenstemmigheid daaroor dat 'n hele aantal van dié liedere vervang moes word deur musiek wat die erediens waardiger is (Cillié, 1979b:11). Cillié noem dat dit nie 'n maklike taak was nie. In enkele gevalle is die mooi melodieë van 1937/1943 behou. As voorbeelde word genoem Pss. 23, 33, 48 en 100 wat nie as so swak geag is nie en goed ingeburger was (Cillié, 1979b:11). 'n Interessante geval is die nuwe vorm van die “Hemelvaartpsalm” (Ps. 47), waar die mooi (ou) ritme, volgens Cillié, die jubeling van die Hemelvaart sterk beklemtoon. 'n

Moontlike teleurstelling is by kerkgangers voorsien weens die weglating van sommige psalmmelodieë, veral dié van Psalms 18 en 147. Cillié (1978a:7) spreek sy bedenkinge uit of die nuwe melodieë wat toe vir sekere psalms ingevoeg is, ooit sou “inslaan”. 'n Bron van kommer vir hom was die feit dat die kommissie, ter wille van musikale eenheid, in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978) “mooi” melodieë onder bestaande melodieë uit die sestiede eeu gaan soek het. As resultaat kon die baie veranderings moontlik musikale gehalte verkry, maar inboet aan singbaarheid. As uitsondering noem hy Ps. 147, waar die nuwe melodie vir hierdie teks – 'n komposisie deur Pieter van der Westhuizen – tegelyk “pakkend” en “waardig” is. Hierdie melodie het dié van P.K. de Villiers vervang wat, volgens Cillié (1979b:11), vanweë sy eentonige ritmiese patroon en “ligsinnige metodiese konstruksie” deur musici vir heropname verwerp is. Dit is interessant dat die melodieë van beide hierdie komponiste opgeneem is in die *Liedboek van die Kerk* (2001), dié van Van der Westhuizen as eerste melodie, terwyl dié van De Villiers as tweede melodie verskyn.

Betreffende die gesange noem Cillié (1979c:11–13) dat daar altesaam 16 melodieë van Suid-Afrikaanse komponiste in die nuwe Psalm- en Gesangboek verskyn. Wat hierdie bydraes aan betref, noem Cillié (1981b:25) dat hy oneerlik sou wees deur nie te erken dat hy teleurgesteld is met die “kwantiteit en kwaliteit” daarvan nie:

Dit is waar dat goeie kerkliedere nie “op bestelling” gemaak word nie. Dit lyk ook asof jou beste kerkmelodieë in tye van teenstand en swaarkry ontstaan. Huidige lands- en ekonomiese omstandighede, en veral die geestestoestande in ons Kerk, lyk nie ideaal vir die komponeer van groot kerkmusiek nie. Aan die ander kant kan die beskuldiging gemaak word dat ons Musiekkommissie nie genoeg moeite gedoen het om nuwe melodieë in die hande te kry nie. Miskien is hulle afgeskrik deur die ondervinding met die Psalmboek van 1937, toe die destydse kommissie soveel van die ou Geneefse melodieë te haastig afgekeur het, en links en regs

melodieë van eietydse komponiste aanvaar het, baie waarvan later onwaardige keuses geblyk het.

Cillié was egter van mening dat Arie van Namen se beryming van Ges. 249 ('n beryming van die bekende skrifgedeelte Jes. 55: 1–5 deur A.P. van der Colf) geredelik byval sou vind. Oor die drie melodieë wat Hubert du Plessis gekomponeer het, onder meer vir 'n nuwe beryming van die Geloofsbelydenis (Gesang 246) deur A.P. van der Colf, spreek Cillié (1978c:549) homself as volg uit:

Hoewel so 'n bietjie “anders” as ons gewone kerkmelodieë – dit bevat 'n hele paar toevallige note in die melodie – glo ek tog dat ons gemeentes, met 'n bietjie oefening, dit sal baasraak en so leer om daarvan te hou.

Cillié (1983b:7) gee toe dat daar te min melodieë uit die twintigste eeu in die Psalm- en Gesangboek van 1976/1978 is, maar noem dat die skuld daarvoor nie voor die deur van die samestellers gelê kan word nie, aangesien weinig geskikte melodieë in dié tyd geskep is.

Ten slotte kan Cillié (ongepubliseerde artikel f:6 ) se siening oor (negatiewe) kritiek teen *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978) deur die volgende saamgevat word:

Waar daar geregverdigde kritiek teen die AGB 1978 is, is dit goed dat dit uitgespreek word; dit moet net nie op onkunde en/of vooroordeel berus nie. Almal besef dat ons Gesangboek tot 'n mate mense-werk is en dus onderhewig aan gebreke. Almal weet ook dat dit nie vir altyd net so moet bly of sal bly nie. Hersiening en aanvulling moet een of ander tyd kom, en hoe meer gegronde riglyne daarvoor mag ontstaan, hoe voordeliger sal dit wees wanneer die werk aangepak word. Eintlik behoort die werk van hersiening en aanvulling deurlopend te wees, op 'n tentatiewe basis, met 'n werklike nuwe boek eenmaal elke 30 tot 50 jaar.

Maar ek wil tog daarvoor pleit dat mense die huidige boek deeglik moet leer ken, voordat hulle kritiek uitspreek. Met ons Gesangboek is dit tot 'n mate net soos met die Bybel: hoe beter 'n mens dit leer ken, hoe meer kom hy agter watter kosbare geestelike wapens dit bevat.

Die negatiewe aspekte in die 1976/1978-Psalmen- en Gesangbundel, soos deur Cillié beoordeel, kan kortliks as volg opgesom word:

- die feit dat die psalmtekste van 1937/1943 met al hul voortreflikhede, maar ook hul gebreke, net so in die 1978-bundel oorgedra is;
- die kwaliteit en kwantiteit van melodieë deur Suid-Afrikaanse komponiste.

As opsomming van die winste in *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978, noem Cillié (1981b:28–29) die volgende:<sup>4</sup>

- 'n verhewe eenheid by die psalmmusiek;
- groter verteenwoordiging van 16de-eeuse Geneefse melodieë;
- die Geneefse psalmmelodieë deurgaans in hulle oorspronklike, sprankelende ritmiese vorms;
- 'n aansienlike aanvulling van rubrieke by die gesange;
- 'n aansienlike verryking met die beste en bekende kerkliedere uit ander Christelike kerke;
- vertalings van die oorspronklike vorms van tradisionele liedere en die herstel van sekere van die melodieë. Verse is verbeter en nuwe vertalings en oorspronklike gedigte is by die gesange gebruik;
- tekste wat feitlik deurgaans beter vloei en die gemeente meer direk aanspreek as die ou tekste; en

---

<sup>4</sup> Benewens aspekte soos genoem in die gesiteerde bron, is hierdie opsomming aangevul uit die bespreking onder afdeling 5.3.

- die herstel van Duitse korale wat in die 1937/1943-Psalmen- en Gesangboek in afgewaterde vorms verskyn het.

Oorkoepelend meen Cillié (1979b:13) dat die vraagstuk waarmee 'n kerk volgens die Gereformeerde tradisie behoort te worstel elke keer wanneer 'n Psalm- en Gesangboek hersien moet word, die volgende is: “Het ons met die vernuwing nader of verder van die Calvinistiese ideaal van die Gereformeerde kerklied beweeg?”.

Wat die gesange aan betref, kan daar beweer word dat die musikale inhoud van die bundel versterk is deur die insluiting van 'n beduidende aantal melodieë uit Duitse (hoofsaaklik Lutherse) bronne. Cillié (1979b:13) het egter voorbehoud gehad oor die Engelse bydrae. Ofskoon nie so talryk nie, het hy gemeen dat hierdie liedere sonder twyfel baie gebruik word, maar nietemin “so 'n bietjie vreemd staan” teenoor die egte Gereformeerde kerklied. Hy bestempel die insluiting van hierdie musiek egter as 'n wins, omdat die ideale Psalm- en Gesangboek van enige kerk verteenwoordigend behoort te wees van die beste seleksie van liedere van alle Christelike kerke – vanuit die hede en verlede. Hy was daarom daarvan oortuig dat *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978 uitmuntend daarin geslaag het om vir die Afrikaanse Gereformeerde kerke 'n waardevolle en nuttige versameling daar te stel (Cillié, 1979b:13).

## 5.4. Cillié se betrokkenheid by die *Liedboek van die Kerk* (2001)

### 5.4.1. Redes vir die hersiening

Met die opklink van die eerste geluide rakende die hersiening van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978, was baie lidmate beswaard omdat hulle van mening was dat die herberyming irrelevant en onnodig was. Weereens het Cillié (1983c:3) leiding geneem deur hierop gerusstellend te reageer:<sup>5</sup>

As die Afrikaanse kerke môre sou ooreenkom om die Psalms opnuut te berym ten einde party van Totius se verse te vervang, sou dit minstens nog 20 jaar duur voordat die volgende gesangboek op die mark sal kom.

Cillié (1982a:3) noem egter ook dat enige kerk wat nie wil stagneer nie, van tyd tot tyd moet kyk na die inhoud van sy gesange. In hierdie opsig redeneer hy dat hersiening en aanvulling altyd nodig sal wees, “want die taal verander en nuwe (of ou) liedere klop aan die deur om ingelaat te word”. Daar word gewys op die moontlikheid dat daar bestaande liedere kan wees wat binne 'n bepaalde geloofsgemeenskap nie inslag gevind het nie, en dus weggelaat kan word. Hersiening moet nie te dikwels plaasvind nie en behoort slegs onderneem te word as dit nodig blyk te wees. Cillié (ongepubliseerde artikel e:1) ag dit nietemin nodig dat elke geslag die geleentheid moet kry om 'n bydrae te lewer tot wat die kerk in die toekoms gaan sing:

Oor hoe die ideale singboek vir ons kerk daar moet uitsien, sal lidmate – selfs ‘kenners’ verskil. Elke geslag van gelowiges ondervind 'n behoefte om sy eie ervaring van sy godsdiens in gewyde liedere uit te druk (Cillié, 1987:12).

---

<sup>5</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.



Ofskoon die gesigspunte hierbo gesitêr positief staan teenoor die samestelling van die *Liedboek van die Kerk* (2001), moet wel daarop gelet word dat, in die lig van meer onlangse standpunte oor die Afrikaanse Gereformeerde kerklied, Cillié se sienings oor die algemeen minder akkommodêrend was as dié van himnoloë soos byvoorbeeld Elsabé Kloppers en (wyle) Louwrens Strydom. Hierdie studie is nie himnologies van aard nie en die terrein van die himnologiese debatvoering val dus buite die skopus daarvan. Nietemin kan genoem word dat, onder die talle publikasies vanuit hierdie twee kerkmusici se hand, Strydom (1994) uitgesonder kan word as verteenwoordigend van 'n teologies-gefundeerde begroning vir eietydse kerksang, en wat 'n besondere openheid teenoor meer eietydse tendense en ander kerklike tradisies toon, terwyl Kloppers (2005) 'n selfs meer inklusiewe ekumenies-liturgiese benadering bepleit.

#### **5.4.2. Melodieë deur Cillié ingestuur vir voorlegging aan die Psalmkommissie<sup>6</sup>**

In antwoord op die eerste aanvraag na toonsettings vir die nuwe psalmberymings het Cillié melodieë ingestuur vir Psalms 15, 24, 87 en 101, en in antwoord op die tweede aanvraag, melodieë vir Psalms 13, 26 en 59 (Prinsloo, 1996b:1–2).

---

<sup>6</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme. Alle notules en korrespondensie met die Psalmkommissie word in genoemde Bylaag aangedui.

- **Voorlegging van Cillié se toonsettings van Psalms 15 en 101 aan die sinodale vergaderings<sup>7</sup>**

In die notule voorgehou aan die vergadering van die Afrikaanse Psalmkommissie gehou op 9 en 10 Augustus 1994, is aangeteken dat die toestemming van Cillié verkry moet word om sy melodieë vir Psalms 15 en 101 aan die onderskeie sinodale vergaderings voor te lê (Prinsloo, 1994a:2). In 'n skrywe, gedateer 23 Augustus 1994, word Cillié deur ds. W.P. Prinsloo (sekretaris van die Psalmkommissie) in kennis gestel dat sy melodieë vir die nuwe Psalms 15 en 101 deur die Afrikaanse Psalmkommissie aanvaar is en word skriftelike toestemming gevra dat die melodieë voorgelê mag word by die Algemene Sinodes van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke, asook die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Prinsloo, 1994b:i).

- **Aanbeveling en goedkeuring van Cillié se melodie vir Psalms 24 en 13 (39)<sup>8</sup>**

Op 13 Maart 1996 lê die kommissie 'n aantal gekeurde melodieë vir Psalms 3, 5, 24, 59, 114 en 126 voor en word Cillié se melodie vir Psalm 24 aanvaar (Prinsloo, 1996a:1). In 'n skrywe deur Albert Troskie aan die musici op die Psalmkommissie, gedateer 3 Julie 1996, vra Troskie (1996a:i) of 'n harmonisasie van Cillié se Psalm 24-melodie verkry kan word. Op 24 April 1996 rig Cillié 'n skrywe aan Troskie rakende 'n aanbeveling deur die

---

<sup>7</sup> Verwys na Bylaag D, musiekvoorbeelde 1 en 2.

<sup>8</sup> Verwys na Bylaag D, musiekvoorbeelde 3 en 4.

musiekkommissie aan die Breë Kommissie aangaande 'n wysiging van die nootwaardes in die laaste reël. Hiermee het Cillié saamgestem. Ten opsigte van 'n voorstel deur lede van die Breë Kommissie dat die twee kwartnote in die eerste reël deur 'n halfnoot vervang moes word om dit sodoende meer singbaar te maak, pleit Cillié dat sodanige wysiging nie aangebring moet word nie, aangesien hy van mening was dat dit die melodie sou verswak (Cillié, 1996:i). Troskie (1996b:i) ondersteun Cillié hierin, wanneer hy noem dat dit volgens hom ook onaanvaarbaar sou wees as die hele eerste reël dan net uit halwenote sou bestaan. Cillié en Troskie se argumente ten gunste van die ritmiese verskeidenheid is deur die Breë Kommissie aanvaar en die melodie is dus gevolglik in sy oorspronklike vorm, sonder genoemde wysiging, in die *Liedboek van die Kerk* (2001) opgeneem.

Die notule voorgehou aan die vergadering van die Afrikaanse Psalmkommissie gehou op 3 en 4 Maart 1997, berig dat die musiekkommissie die volgende melodieë en harmonisasies laat druk het vir verspreiding in gemeentes: Psalms 3, 5, 15, 24 (Cillié), 59, 101 (114), 126 en 131. Cillié se melodie vir Psalm 13 is vir goedkeuring voorgelê en deur die vergadering aanvaar (Prinsloo, 1997a:2). In 'n skrywe, gedateer 11 Maart 1997, word Cillié deur ds. W.P. Prinsloo hiervan in kennis gestel en word sy skriftelike toestemming gevra vir die gebruik van die melodie deur belangstellende gemeentes in die meewerkende kerke (Prinsloo, 1997b:i).

- **Ander melodieë deur Cillié ingestuur**

Cillié het ook melodieë vir Psalms 16, 20, 26, 29, 59, 87, 126 en 139 ingestuur (Prinsloo, 1996b:1–2). In 'n skrywe, gedateer 14 Oktober 1994, stel Cillié voor dat, in die geval van Psalm 59<sup>9</sup>, strofe 4, reël 4, 'n geringe wysiging in die teks aangebring word. In stede van “U wat as vesting vir my dien” stel hy voor “U wat vir my as vesting dien”. Cillié (1994:i) is van mening dat sodanige wysiging die vloei van die betrokke reël meer in lyn bring met die vierde reëls van al die ander strofes, aangesien die aksent dan op die “ves”- van “vesting”, in plaas van op die “vir” val.

#### **5.4.3. 'n Bespreking van die melodieë deur Cillié wat opgeneem is in die *Liedboek van die Kerk* (2001)**

By wyse van 'n musikale evaluering van die bogemelde melodieë identifiseer Nicol Viljoen dat daar in almal tipiese melodiese wendings aanwesig is.<sup>10</sup> Volgens hom is Cillié se melodieë geskryf in navolging van 'n sestiende-eeuse Geneefse styl. Sekere frases herinner ook sterk aan bestaande Geneefse melodieë. As voorbeeld word verwys na Cillié se melodie vir Psalm 13, wat merkbare ooreenkomste toon met die Geneefse melodieë van Psalms 18 en 130. Opvallend is ook die ooreenkomste tussen die laaste frases van Cillié se Psalm 15-melodie en dié van die Geneefse melodie by Psalm 145. Die

---

<sup>9</sup> Verwys na Bylaag D, musiekvoorbeeld 5.

<sup>10</sup> Onderhoud gevoer op 26 Oktober 2006.

tweede frase van sy Psalm 24-melodie kom in alle opsigte ooreen met die vierde frase van die Geneefse melodie by Psalm 84. Cillié se melodieë is dus saamgestel uit bekende “styl-stereotipes”. Alhoewel dit ontleen is aan bestaande melodieë, noem Viljoen dat dit tog geloofwaardig klink. Die melodieë is toeganklik, die omvang is binne die stemvermoë van die gemiddelde sanger en die ritmiese verloop is eenvoudig. Voorts slaag Cillié daarin om 'n bepaalde historisiteit in sy melodieë te vervat, deurdat die Geneefse praktyk daardeur bewaar word.

Viljoen het egter meer kritiek ten opsigte van Cillié se harmonisasies. Oor die algemeen is die harmonieë konvensioneel en in 'n agtiende- en negentiende-eeuse styl gedoen, wat teenstrydig is met die sestende-eeuse styl waarin die melodieë gekomponeer is. Daar is 'n effense “lompheid” in die keuse van harmonie en Viljoen noem dat, alhoewel dit korrek en “volgens die teksboeke is”, dit kunsmatig oorkom, veral die gebruik van dominant-vierklanke. Die balans in soberheid word effens deur die akkoordkeuses verstoer.

## 5.5. Cillié se standpunte ten opsigte van die Halleluja-bundels<sup>11</sup>

### 5.5.1. Die Sankey-lied: Voorloper tot die informele geestelike lied

Cillié het nie slegs 'n beduidende rol gespeel ten opsigte van die ontwikkeling van die hoogstaande Gereformeerde kerklied in ons land nie, maar het hom ook deurlopend beywer vir 'n verantwoorde besinning betreffende meer informele geestelike liedere. Ook in hierdie opsig het hy definitiewe, uitgesproke idees gehad. Insake die polemieë oor die halleluja-liedere noem Cillié (1972a:818–819) byvoorbeeld dat hy die term “Sankey-lied” voorstaan, eerder as die gebruiklike “halleluja-lied”, aangesien dié liedere in *Die Halleluja* wat by lidmate so gewild geraak het, vertalings is van Sankey-liedere. Alhoewel nie almal deur Sankey gekomponeer nie, was dit hy wat hierdie liedere gewild gemaak en met groot seën by sy opwekkingsdienste gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Engeland en Amerika gebruik het. Cillié beskryf die deursnee Sankey-lied as “eenvoudig, maklik om te leer en onmiddellik pakkend, hoewel sonder groot diepte”. Voorts word hierdie liedere gesien as baie geskik vir gebruik by massabyeenkomste, “veral van mense wat geen beter geestelike liedere ken nie”.

---

<sup>11</sup> Halleluja-bundels het in 1883, 1903, 1931, 1949 en 1960 verskyn, met talle herdrukke waarin geringe wysigings aangebring is.

Hy ag dié musiek van 'n swak gehalte en ongeskik vir gebruik in die erediens. Op 'n vraag of 'n kompromis bereik kon word oor die gebruik van Sankey-liedere in die kerk, antwoord Cillié (1972a:818–819) as volg:

I.v.m. die gebruik van Sankey-liedere in die kerk sal daar m.i. altyd gegronde verskil van mening wees. Teenoor die musikale gebreke waarvan die orrelis en andere bewus is, sal daar diegene wees wat getuig van groot seën wat hulle ondervind het by die gebruik van die liedere. 'n Vergelyk, waar daar verskille is, moet tussen predikant en orrelis bewerkstellig word. Botsing of dwang op enige vlak oor hierdie tere saak moet tot elke prys vermy word.

### **5.5.2. Cillié se siening ten opsigte van die sing van halleluja-liedere**

Ten opsigte van die sing van halleluja-liedere voer Cillié (1972b:425) aan dat die Pinkstertyd vir baie NG Kerk-lidmate 'n deel van die kerkjaar is wat vanselfsprekend gekoppel word aan die sing van halleluja-liedere. Hy gee toe dat, indien daar vandag weer byeenkomste gemik op massabekering van kerkloses moet wees, die “Sankey-lied”, of 'n moderne vorm daarvan, 'n meer geskikte middel as die psalm of gesang uit vervloë dae sou wees. Waar ons Pinksterbyeenkomste, volgens hom, egter eerder daarop gemik is om die geestelike lewe van ons gewone kerklidmate te versterk, het hy gevoel dat die simpatieke gebruik van die Gesangboek – ook tydens Pinkster – moeilik oortref kon word (Cillié, 1972b:425).

Cillié (1972b:425) glo dat Pinkster die tyd is waarin ons meer bepaald die werk van die Heilige Gees in gedagtenis bring en met die oog hierop en na aanleiding van die bekering

van die sondaar, is daar volgens hom behoefte aan liedere oor die volgende onderwerpe: skuldbelydenis (boeteliedere), verlossing, dankbaarheid en toewyding.

### **5.5.3. Die opname van halleluja-liedere in die Psalm- en Gesangboeke van 1937/1943 en 1976/1978**

Op 'n konferensie in die Paarl gehou in Mei 1946, het Cillié die stryd aangeknoop om die halleluja-liedere in die kerk en Sondagskool te vervang met psalms en gesange (Swanepoel, 1954:105). Hy het dit as 'n bedenklike toestand beskou dat die amptelike sangbundel geskik geag is vir die erediens, terwyl *Die Halleluja* gereserveer is vir die spesiale diens, die Sondagskool, die skool en die vereniging. Hy bepleit die instelling van één sangbundel wat 'n kombinasie behels van liedere vanuit die Halleluja-bundel by die Psalm- en Gesangboek.

As probleem het hy voorsien dat voorstanders van *Die Halleluja* daarop sou aandring dat alle geliefde hallelujas in die Psalm- en Gesangboek opgeneem moes word, ongeag hulle gehalte, terwyl die sogenaamde teenstanders van die Halleluja-bundel nooit sou instem dat soveel minderwaardige liedere vir kerklike gebruik geskik geag sou word nie. Cillié het in daardie stadium reeds die hersiening van *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1937/1943 as 'n noodsaaklike taak gesien. Om te verseker dat minderwaardige kerklidere nie 'n totale greep op die kerksang sou kry nie, het hy aan die hand gedoen dat die keuring van die teks en die musiek by so 'n hersiening aan aparte



kommissies opgedra word, met dien verstande dat 'n lied in die bundel opgeneem word alleenlik wanneer die woorde goedgekeur word deur die tekskommissie en die musiek afsonderlik deur die musiekkommissie waardig geag is (Cillié in Loots, 1964:70–71).

Cillié (1978d:1)<sup>12</sup> noem dat een van die algemene opdragte aan die kommissie wat *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* van 1976/1978 moes hersien, daarin geleë was dat daar gesorg moes word dat die uiteindelijke versameling van gesange verteenwoordigend sou wees van die beste en geskikste liederes uit die Christelike kerk van alle eeue. Na die oordeel van die musiekkommissie was daar ongeveer 60 tot 70 liederes uit die nuutste Halleluja-bundel wat vir opname oorweeg kon word. Met geringe uitsondering is die betrokke melodieë onveranderd opgeneem, maar in sommige gevalle is die harmoniese inkleding gewysig en na Cillié se oordeel heelwat verbeter.

Wat die tekste aan betref, noem Cillié (1978d:1–2)<sup>13</sup> dat 'n hele aantal van die liederes eers “kerkkleres” moes kry, voordat hulle in die Psalm- en Gesangboek opgeneem kon word. In 'n vergelyking tussen die ou halleluja-tekste en die nuwe tekste, sien Cillié 'n groot verbetering in laasgenoemde. As voorbeeld word genoem die ou kinderlied *Jesus min my, salig lot*, “met sy – vir die klein kind – onbegryplike aanvang”. Dié lied verskyn by Gesang 270 en begin met die woorde “Here Jesus, ek is klein, swak, onkundig en onrein”. Waar die hallelujalied met die woorde “Ja, Jesus min my, ek weet dit uit die

---

<sup>12</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

<sup>13</sup> Verwys na Bylaag E vir 'n lys van korrespondensie, notules en konsertprogramme.

Woord van God” geëindig het, eindig elke strofe in die 1976/1978-Psalm- en Gesangbundel met die gebed: “O Jesus neem my, o Jesus lei my, o Jesus sterk my en vorm my tot u eer”. Cillié (1986:7) gee toe dat daar dalk een of twee geskikte halleluja-liedere oor die hoof gesien is, maar ag die meeste van dié liedere “wat die mense graag sou wou hê”, as ongeskik vir erediensgebruik.

#### **5.5.4. Cillié se hydrae ten opsigte van die Halleluja-bundels**

In 1949 is *Die Halleluja: Psalms, Gesange en Ander liedere vir Huis, Dag- en Sondagskool en Jeugverenigings* uitgegee. Cillié was 'n lid van die Kommissie vir Kerkmusiek en Sang aan wie die Kaapse sinode van 1945 opdrag gegee het om die bestaande *Nuwe Halleluja* deeglik te ondersoek en te keur. Aanvanklik is die melodieë van 200 liedere afgekeur. Hierdie besluit het tot groot meningsverskil onder die lede gelei. Enersyds is daar gewys op die swak gehalte en die minderwaardigheid van baie melodieë; andersyds is aangevoer dat die melodieë ingeburger geraak het en baie geliefd by lidmate van die kerk is. Die resultaat was dat die breë kommissie ongeveer 100 van genoemde 200 melodieë verwerp het, maar aangesien die woorde van die oorgrote meerderheid daarvan vir die nuwe bundel behoue moes bly, is oorspronklike nuwe melodieë voorsien. Die bundel is aangevul deur 'n aantal kerkliedere van hoë gehalte uit Duitse en Engelse bronne en die harmonisasies van baie liedere is verbeter. Cillié se taak was om aandag te skenk aan die ritmiese notasie van die psalms (Du Toit, 1983:48–49).

In 1960 het die derde, verbeterde uitgawe van *Die Halleluja* van 1949 verskyn. Die bundel het onveranderd gebly in die sin dat geen enkele melodie wat in die vorige uitgawe verskyn het, weggelaat is nie. Dit is egter uitgebrei deur die toevoeging van ou, gewilde melodieë as alternatiewe wysies by 'n aantal liedere en harmonisasies, wat volgens kenners onspeelbaar was, en is deur beproefde, vereenvoudigde harmonisasies vervang (Du Toit, 1983:50).

#### **5.6. Die publikasie *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* (1982)**

Soos reeds genoem onder 1.1.2. en 3.1., het Cillié deur sy openbare lesings en sy geskrifte in tydskrifte en dagblaaië 'n onberekenbare rol gespeel ten opsigte van Gereformeerde kerkmusiek in Suid-Afrika. Dit was egter deur sy publikasie *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* dat Cillié, ná 'n leeftyd se navorsing oor hierdie onderwerp, 'n monumentale werk oor die herkoms van die Afrikaanse gesange die lig laat sien het.

Toe Cillié aan die begin van 1977 aangestel is as dosent in Kerkmusiek in die Departement van Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, was een van sy opdragte 'n publikasie wat die agtergrond van die gesange bespreek.<sup>14</sup> Omdat die liedere verteenwoordigend is van die Christelike kerk sedert sy ontstaan tot op die huidige, het die studie hom in aanraking gebring met 'n groot verskeidenheid digters en komponiste

---

<sup>14</sup> Vergelyk 2.2.6.

en moes hy kennis neem van geestelike en teologiese strominge om die liedere ten volle te begryp (Cillié, 1982c:7). By elk van die 353 gesange word die naam van 'n persoon gegee wat na Cillié se beste wete verantwoordelik was vir die Afrikaanse teks, hetsy as hersiener, vertaler, of oorspronklike digter en in sekere gevalle word meer as een naam verskaf.

In die eerste deel word 'n bondige, dog feityke oorsig gegee van die geskiedenis en ontwikkeling van die gewyde en kerklied van die Bybelse tyd af, deur die vroeë kerk heen, die Middeleeue, laat-Middeleeue en Kerkhervorming tot by die verskyning van die Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek van 1937/1943 en daarna die Psalm- en Gesangeboek van 1976/1978 (Botha, 1983:8).

Strydom (1983:33) evalueer die historiese gedeelte as bondig, maar baie insiggewend vir persone vir wie die geskiedenis van die kerklied deur die eeue tot op hede onbekend is. Volgens Strydom gaan die hoofstuk oor die Bybel en musiek egter mank aan teologiese begroting en is dit jammer dat daar enkele teologies-aanvegbare stellings gemaak word:

Dit is tog nie waar dat die Skrif 'n afwysende houding inneem teenoor die beeldhoukuns (of dan enige ander kunsvorm) nie. Dit is nie die bedoeling van die tweede gebod nie (p11). Wat maak ons dan met die gerubs wat op God se bevel op die versoendeksel van die ark aangebring is (Ex 25: 17–22)? Ek dink dit hou gevare in om die goddelike oorsprong van die 150 Ou Testamentiese Psalms te wil aflees uit die universaliteit waarmee hulle die mensdom aanspreek (p14). Dán het alles wat die mensdom universeel aanspreek 'n goddelike oorsprong – en dit kan tog nie! Die goddelike inspirasie van die Skrif / Psalms is slegs 'n saak van en vir die geloof.

Ten opsigte van die Nuwe Testament ag Strydom (1983:33) dit as 'n leemte dat die rol wat die evangelis Lukas gespeel het om vir die kerk van die eeue van sy belangrikste

ekumeniese liedere in sy Evangelie deur te gee, nie vermeld word nie. Strydom gee toe dat die genoemde tekortkominge baie te doen het met die “beknoptheid” waarmee die historiese stof aangebied word, maar hy sou 'n meer tendensieuse en minder atomistiese werkswyse wou sien.

Voorts is Strydom (1983:35) van mening dat daar soms te veel ruimte aan minder belangrike gebeure en feite afgestaan is. Hier word genoem die lang aanhalings oor Luther se hoë waardering van musiek. Strydom vra na 'n meer diepsinnige en omvattende hantering van dinge wat wesenlik van belang was in die ontwikkeling van die kerklied, soos die rol van die geestelike volkslied as spontane geloofsuiting, die piëtisme en rasionalisme om enkele voorbeelde te noem. Volgens Strydom sou sodanige hantering ook lig vanuit die geskiedenis kon werp op huidige probleme betreffende die kerklied.

In die tweede deel van hierdie publikasie word volledige besonderhede oor die 353 gesange in die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek van 1976/1978 gevind. Onder die nommer van die lied en die eerste reël van die teks, word 'n identifikasie van die melodie gegee. In die geval van die Duitse en Engelse melodieë is dit die name wat aan die melodieë in Duitse en Engelse versamelings respektiewelik gegee word. Cillié (1982c: 45) noem dat dit orreliste sal help om gepaste koraalverwerkings in buitelandse versamelings op te spoor. Dan volg kruisverwysings na ander liedere in die Psalm- en Gesangboek van 1976/1978 wat op dieselfde melodie gesing word. Oorspronklike digters, vertalers en komponiste se name en datums – sover bekend – word verskaf. Die besprekings van die teks en die melodie by elke lied bevat soms biografiese

besonderhede van die digters, vertalers of bewerkers en van die komponiste en / of persone wat die melodieë aangepas het (Cillié, 1982c:45). Vir Strydom (1983:35) is die groot waarde van die boek geleë in Deel II:

By die bespreking van die oorsprong van die tekste en melodieë word 'n magdom uiters belangrike, nuttige en interessante gegewens op 'n baie onderhoudende wyse aangebied. Die meeste daarvan lees soos 'n storie! Pittige mededelings maak die skeppers van (selfs ou) kerkliedere vir die leser tot mense van vlees en bloed (vergelyk byvoorbeeld die gegewens oor S S Wesley by Ges 333). In die 493 bladsye wat hierdie deel beslaan, kry ons gesange (bekendes en onbekendes) vir 'n mens nuwe betekenis en word 'n nuwe liefde daarvoor gebore. Dit is net jammer dat die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse medewerkers tot die gesange bietjie afgeskeep word in die opsig dat daar weinig biografiese materiaal oor hulle gegee word. Die groot hoeveelheid gegewens wat die skrywer aan die leser gee, spreek deurgaans van diepgaande navorsing, wetenskaplike deeglikheid en feitelike juistheid.

Onder die opskrif “Uitvoering” het Cillié (1982c:45) by elke gesang aanduidings geplaas om die onervare orrelis van hulp te wees “en te verhoed dat hy in die groef verval om al sy liedere en strofes in die erediens op dieselfde manier te speel”. Strydom (1983:35) beskou hierdie aantekeninge as waardevol, indien 'n mens in gedagte hou dat dit 'n uiters relatiewe en subjektiewe saak is, waarby aspekte soos die betrokke orrelis, die besondere kerkgebou, die beskikbare instrument, asook die bepaalde gemeente en erediens-situasie ter sprake is.

Die publikasie is deur Botha (1983:8) as volg geresenseer:

Die boek kan sonder vrees vir teëspraak beskryf word as nog 'n pionierspublikasie in Afrikaans. Vir die vakgebied Himnologie as sodanig, vir studente in die praktiese teologie en die kerkmusiek, vir leraar, orrelis, sangleier, ja ook vir die meelewende kerklidmaat, is hierdie boek van groot waarde – en vir prof. Gawie Cillié 'n persoonlike monument.

Ten spyte van bepaalde kritiese voorbehoud en die feit dat Cillié se sienings betreffende die Afrikaanse Gereformeerde kerklied oor die algemeen minder akkommoderend en

enger was as standpunte wat tans heers, het hy deur middel van sy openbare lesings, sy geskrifte in tydskrifte en dagblaaie, asook talle publikasies, 'n belangrike rol ten opsigte van die ontwikkeling van die Gereformeerde kerkmusiekgeskiedenis in Suid-Afrika gespeel. Sy liefde vir die Protestantse kerklied, sy deeglike navorsing oor die historiese verloop daarvan, asook navorsing oor die eienskappe waaraan die kerklied moet voldoen om waardige draer van Gods Woord te wees, het hom binne die tydvak van sy lewe as outoriteit op die gebied gevestig – iemand wat 'n uiters betekenisvolle bydrae gelewer het om mense bewus te maak van die noodsaaklikheid daarvan om die Gereformeerde kerklied-erfenis in Suid-Afrika te bewaar.

## **HOOFTUK 6**

### **Cillié se bydrae tot volksmusiek**

Volgens Cillié (1972c:6) het volksmusiek groot kultuurwaarde en is dit 'n kosbare sleutel tot die verstaan van 'n eiesoortige volksaard. Hierdie musiek beliggaam iets van die gevoelens, die geloof en die gewoontes van 'n volk en sy voorgeslagte en is, volgens Cillié, die draer van “die suiwer geluid wat opklink uit 'n eie omgewing”.

Cillié (1972c:6) definieer volksmusiek soos volg:

Volksmusiek is musiek wat gemaak word vir die breë lae van die bevolking om uiting te gee aan die gevoelens van die oomblik, liefs op 'n spontane en ongekunstelde manier. Dit vorm 'n teenstelling met sogenaamde kunsmusiek wat meer gesofistikeerde skeppings is en dan deur hoogs opgeleide kunstenaars voorgedra word. Volksmusiek is ongekompliseerd en 'n vorm van ligte musiek, in teenstelling met sogenaamde klassieke musiek. Terwyl klassieke musiek in beperkte kringe waardeur word, spreek volksmusiek breë massas van die volk aan. Volksmusiek is musiek wat algemene volksbesit is.

In 'n radiopraatjie (Cillié, 1957a:5) oor die A.S.-Kongres oor volksmusiek van die FAK op Dinsdagaand, 13 Augustus 1957, voer Cillié aan dat die beste uitgangspunt vir die algemene ontwikkeling van 'n mens, volksmusiek is. Hy wys daarop dat daar oorsee volksdeuntjies op skool gebruik word om klein kinders se belangstelling in die musiek aan te wakker, eerder as om kunsmatige voorbeelde, of selfs Beethoven en Bach te gebruik.

Cillié (1972c:7) was van mening dat die beste tyd om liedere aan te leer en hulle nie te vergeet nie, die kinder- en jeugjare is. Voorts sê hy dat, waar daar deesdae baie min huise



is waar volksmusiek spontaan bedryf word, die taak van die aanleer van volksliedere op die skouers van onderwysers en onderwyseresse rus. Volgens hom kan tradisionele liedere nog vir kinders in die primêre skool aangeleer word, in teenstelling met kinders in die sekondêre fase, wat nie meer so entoesiasies vir hierdie musiek is nie. Hy glo dat, al sou die liefde vir hierdie musiek in die tienerjare verflou, die eerste liefde by baie weer later na vore sal tree (Cillié, 1972c:7).

Cillié (1972c:6–7) voel sterk daarvoor dat, net soos wat ons geskiedkundige geboue vir die nageslag probeer bewaar, ons ook moet sorg dra dat die volksmusiek van ons voorgeslagte opgeteken en vasgelê word. Hierin het hy met sy talle verwerkings vir kore en met die optekening van liederwysies 'n tasbare bydrae gelewer.<sup>1</sup>

## **6.1. Cillié se betrokkenheid by die FAK**

### **6.1.1. Cillié as voorsitter van die FAK**

Cillié was oor 'n lang tydperk by die werksaamhede van die FAK betrokke en het vir baie jare in die Musiekkommissie gedien. Sy vader was in die uitvoerende komitee tot hy 83 jaar oud was en met sy bedanking het Cillié (jr.) hom opgevolg. Cillié (jr.) was reeds van 1954 af lid van die hoofbestuur. In 1972 word hy tot ondervoorsitter verkies en 1980 amptelik tot voorsitter (Smith, 1981:17). In 1982 is die ekstreme “regse” tendens in die

---

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 7.

FAK, met prof. Marius Swart van Port-Elizabeth as kandidaat, verslaan toe Cillié, wat as 'n “gematigde regs-gesinde nasionalistiese” lid van die regerende party beskou is, as voorsitter herkies is (Potgieter, 1982:3).

Sloet (1986:8) noem dat Cillié in die uitvoering van sy kultuurtaak – soos dit 'n wiskundige betaam – die standpunt gehuldig het dat kultuurwerk nie lukraak aangepak behoort te word nie. Gevolglik het hy by die aanvang van sy eerste volle jaar as voorsitter van die FAK die volgende spreuk aan die kongresgangers gegee: “Die man wat beplan, is die man wat kan”.

Volgens Van den Berg (1986:10) het Cillié in sy hoedanigheid as voorsitter van die FAK nooit onnodig gepraat nie. As hy tot die debat toegetree het, was dit gewoonlik om rigting aan te dui of om die seël op 'n gesprek te plaas.

Cillié het sy voorsitterskap begin in die rustige en ongekompliseerde atmosfeer wat die Afrikaner-kultuurwêreld tot in die tagtigerjare van die vorige eeu gekenmerk het. Van den Berg (1986:10) dui daarop dat die onrus wat politieke ontwikkelings op kultuurterrein en op sekere kultuurorganisasies gehad het, die FAK die swaarste getref het. Hierdie krisis het Cillié op vergaderings en in onderhoude met die media in situasies laat beland wat vir hom as 'n voorstander van vrede, uiters pynlik moes wees. Die FAK se heil wat oor baie jare heen opgebou is, was egter op die spel. Hierdie onderhandelinge het 'n faset van Cillié persoonlikheid na vore gebring wat hom deur talle

moeilike situasies gedra het, naamlik 'n vasberadenheid om die probleme in die beste belang van die FAK en van die hele Afrikanerkultuurgemeenskap op te los.

Sloet (1986:8) noem dat die volgende vereiste wat Cillié by geleentheid van 'n FAK-kongres aan 'n goeie kultuurwerker gestel het, by sy uittrede op ook homself van toepassing was: “Hy wat geleer het om sy eie te waardeer en om gedurig na Bo te kyk, sal nie verlig of verkramp wees nie, hy het die wysheid ontvang, en wysheid is een van die wonderlike gawes wat die liewe Heer aan mens en volk kan gee”.

### **6.1.2. Bydrae tot publikasies van die FAK**

- **Die *FAK-Volksangbundels* (1961, 1979)<sup>2</sup>**

Cillié het skeppend meegewerk aan die hersiening van beide die 1961 en 1979 FAK-Volksangbundels (Smith, 1981:16). Die eerste *FAK-Volksangbundel* het in 1937 verskyn (Van der Merwe, 1979:2). Die FAK het teen 1954 besluit om 'n hersiene uitgawe van die *FAK-Volksangbundel* van 1937 uit te gee (Bothma, 1986:95). Dr. W. du P. Erlank het twee name van persone wat kon help met die keuring van die ou en die nuwe liederes vir die hersiene *Nuwe FAK-Sangbundel* (1961) aan die FAK genoem, naamlik Philip McLachlan en Gawie Cillié (jr.) (Bothma, 1986:99).

---

<sup>2</sup> Verwys na Bylae A en B vir komposisies en verwerkings deur Cillié wat in die FAK-Volksangbundels opgeneem is.

Van den Berg (1986:10) noem dat, benewens die belangrike hulp wat Cillié ten opsigte van musiekverwerkings en teks wysigings verleen het, hy dikwels die pleitbesorger was vir die behoud van 'n lied. Waar dit die hersieningskomitee se beleid was om liedere wat in onbruik geraak het, wat baie selde gesing is, of om die een of ander rede nooit werklik inslag gevind het nie, te vervang of te skrap, was dit Cillié wat gepleit het vir die hersiening van musiek en/of woorde, veral waar die lied 'n interessante oorsprong of storie gehad het.

Namens die Uitvoerende Komitee van die FAK is Cillié ook gevra om 'n bedrag vas te stel waarvolgens vergoeding toegestaan kon word aan persone wat in opdrag van die FAK liedere vir die hersiene bundel twee- en driestemmig verwerk of getoonset het (Bothma, 1986:106). Cillié het self ook melodieë met gewyde woorde geskep vir die hersiene uitgawe. In opdrag van die Musiekkommissie het hy Afrikaanse liederwysies met gewyde woorde, in vierstemmige bewerking, uitgesoek vir opname in die hersiene *Nuwe FAK-Sangbundel* (1961) (Bothma, 1986:121). Met die uitsondering van die musiek van die liederwysie vir Psalm 130, wat reeds in die 1931-uitgawe van die Halleluja-bundel opgeneem is en waarvan die vierstemmige bewerking deur wyle prof. P.K. de Villiers gedoen is (Grové, 1982: 20), is al die melodieë deur homself opgeteken. In nege uit die elf gevalle is woorde geneem uit die *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943). Die elf liedere was Psalm 6, Psalm 38, Psalm 126, Psalm 130, Psalm 138, Gesang 27, Gesang 83, Gesang 84, Gesang 179, *Lied van die Boere-krygsgevangenes* en *Magaliesburgse Aandlied* (Bothma, 1986:121).

In 1960 was die hersiene *Nuwe FAK-Sangbundel* gereed vir die drukproses (Bothma, 1986:128) en vir die ingebruikneming daarvan is groot volksfeeste vir September 1960 in elke dorp en stad beplan. Ten opsigte van die reëlings vir die fees in Stellenbosch moes Cillié die leiding neem. Die idee was dat kore en soliste moes deelneem, terwyl 'n teks wat as dialoog en saambindende faktor tussen die liedere moes dien, vir elke afsonderlike dorp of stad geskep sou word. Mnr. Otto Jaekel van die Nasionale Boekhandel Beperk was so geesdriftig oor die publikasiemoontlikhede wat die *Nuwe FAK-Sangbundel* uit die beplande sangfeeste sou put, dat hy geen beswaar daarteen gehad het dat 'n paar van die liedere daaruit reeds vroeër in afgerolde vorm aan plaaslike verenigings beskikbaar gestel kon word nie. Hierdie afgerolde bundeltjie is *Liedjies uit die Nuwe Volksangbundel* genoem. Uit Cillié se hand het *Dis heerlike lente* (nr. 257, p. 358) hierin verskyn (Bothma, 1986:129–130). Tydens die sestiende tweejaarlikse FAK-kongres wat op 11–16 Julie 1962 in Durban gehou is, het Cillié namens die kongres dank uitgespreek teenoor die musiekkommissie vir die verskyning van die hersiene bundel (Bothma, 1986:136).

Die hersiene en verbeterde uitgawe van die *Nuwe FAK-Sangbundel*, bekend as die *FAK-Sangbundel*, het in 1979, die feesjaar van die FAK, verskyn (Bothma, 1986:138). Die FAK se Musiekkommissie, waaronder Cillié, het opgetree as redaksiekomitee van die bundel. Hierdie kommissie het vanaf 1974 tot 1978 aan die vernuwing van die bundel gewerk (Bothma, 1986:141).



Figuur 15:<sup>3</sup> Die Musiekkommissie van die FAK rondom Anton Hartman se klavier waar hul besig was met die afronding van die *FAK-Sangbundel* (1979). Van links na regs verskyn Chris Lamprecht, Philip McLachlan, Dirkie de Villiers, Gawie Cillié, Dolf van den Berg, Anton Hartman (voorsitter), John Pauw, Pierre Malan en Pieter van der Westhuizen.

---

<sup>3</sup> Plakboek, Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

- **Die bundel *Goud in die mond* (1969)**

Die bundel, *Goud in die mond*, bevat 15 koorstukke, almal verwerkings van bekende Afrikaanse liedjies <sup>4</sup>. Al die verwerkings is vir praktiese doeleindes gemaak, hoofsaaklik vir die Stellenbosse Studentesangfeeste. Gevolglik is die bydraes almal deeglik op die proef gestel en dikwels uitgevoer. Hartman resenseer die bundel as bevattende betreklik maklike en heel moeilike koorstukke. Die omvang van al die verskillende stemme is binne redelike perke gehou, die harmonieë konvensioneel, dog verbeeldingryk en daar is min werklik moeilike intervalle om te sing. As die aantreklikste eienskap van die bundel noem Hartman (1969:1–2) die verbeeldingryke, vernuftige en soms humoristiese aard van die verwerkings. Die stemme is melodies en ritmies onafhanklik en elke stem bevat interessante bewegings, sodat die melodie nie slegs vir die soprane gereserveer word nie. Die mans word veral begunstig met interessante partye. Stemme boots mekaar dikwels na en terwyl een stem die melodie sing, illustreer die ander stemme die teks. Ritmes word soms verskuif en gesinkopeer, die tempo verander soms onverwags (maar volgens Hartman (1969:2) met goeie rede en goeie effek) en die toonaard wissel soms.

---

<sup>4</sup> Verwys na Bylaag B, 1.2.2.

- **Die FAK- Kerkkoorboek (1968)**

In die voorwoord tot die sewende druk van hierdie publikasie, bedank prof. H.B. Thom Cillié vir die bewaring van musiekwerke uit prof. F.W. Jannasch se versameling. Hy noem voorts dat Cillié hiermee 'n bydrae gelewer het waardeur die kulturele lewe van die Afrikaner blywend verryk is (Thom soos in Cillié, 1968b:i). Prof. Jannasch het vir sy kerkkoor op Stellenbosch 'n uitgebreide repertorium van koorstukke, geskik vir gebruik tydens die erediens en met feesgeleenthede, opgebou. Baie van die koorstukke is uit Duits vertaal, terwyl party eie komposisies was. Met hierdie publikasie is sewe stukke uit die Jannasch-versameling deur die FAK aan kerkkore beskikbaar gestel (Cillié, 1968b:i). Thom meld in sy verwelkomingswoord as voorsitter van die FAK by die kongres gehou op 30 September 1957 te Stellenbosch, dat die bundel baie gewild was. Die eerste oplaag (April 1957) was binne vyf maande uitverkoop (Bothma, 1986:110).

- **Kantate: *Die aarde behoort aan die Here* (1968)**

Hierdie kantate is in 1968 deur die FAK uitgegee. In die voorwoord tot kantate, skryf prof. H.B. Thom (Cillié, 1968c:ii), voorsitter van die FAK, onder andere:

Die behoefte aan kantates in Afrikaans is in ons kultuurlewe al dikwels gevoel. In die lig hiervan is dit seker nie vreemd dat dit veral die FAK is wat hom van die behoefte, asook van die noodsaaklikheid dat daarin voorsien word, bewus geword het nie. Hierdie kantate hou terdeë rekening met die vermoë van ons gemiddelde kerkkore, en ook met die tradisie van ons Afrikaanse kerkmusiek.



### **6.1.3. Betrokkenheid by die FAK-musiekbeurse**

As gevolg van die groot behoefte aan musiekbeurse in Suid-Afrika, het die Uitvoerende Komitee van die FAK op aanbeveling van die Musiekkommissie, FAK-musiekbeurse vir junior en senior musiekleerlinge en -studente goedgekeur. Cillié was betrokke by die opstel van die reëls vir die toekenning van die Junior musiekbeurs (Bothma, 1986:208).

### **6.1.4. FAK-plate**

Die Universiteitskoor van Stellenbosch, onder leiding van Philip McLachlan, is in Oktober 1959 gevra om twee 7"-plate vir die FAK te maak – een met gewyde items en een met volkswysies. *Vrolike volkswysies* het in Augustus 1960 verskyn en die lied *Slaap kindjie slaap*, soos verwerk deur Cillié, het daarop verskyn (Bothma, 1986:284). Onder voorsitterskap van Anton Hartman was Cillié lid van die Musiekkommissie wat betrokke was by die voorbereidings van die plaat (Bothma, 1986:284).

### **6.1.5. Plateklub**

Aangesien die kommersiële verspreiders van plate nie belanggestel het in die bevordering en verspreiding van die Afrikaanse plaat nie, het die FAK in 1965 besluit om deur die stigting van 'n plateklub die belangrike kultuurtaak self te onderneem (Bothma,

1986:286). In Junie 1966 het die eerste plaat, getiteld *Studente Stemme*, verskyn. Dit het bestaan uit sestien liedere wat deur die Universiteitskoor van Stellenbosch, onder leiding van Philip McLachlan, gesing is. Onder hierdie liedere was verwerkings deur Cillié van *Lamtietie Damtietie* en *Vanaand gaan die volkies koring sny*, asook *Middelpunt van ons verlange* (Bothma, 1986:287).

In 1966 het die vierde plaat in die reeks, getiteld *Sewe lawwe liedjies*, verskyn. Daarop was sang deur die Vrystaatse Jeugkoor, onder leiding van Dirkie de Villiers. Die lied, *Met middernag*, soos verwerk deur Cillié, word deur genoemde koor op die plaat gesing (Bothma, 1986:288–289).

In Desember 1966 het 'n plaat, getiteld *Engelkoor*, verskyn wat uit twaalf Afrikaanse kersliedere soos gesing deur die Cantare-sanggroep, onder leiding van Helena Strauss en Pieter de Villiers, bestaan het. Die lied *Verheug u in die Heer*, van Cillié, kan op dié plaat gehoor word (Bothma, 1986:29).

In 1975 is die vyftigjarige bestaan van die FAK gedenk met die verskyning van 'n plate-album van Afrikaanse liedere soos gesing deur Mimi Coertse, getiteld *Mimi Coertse en die Afrikaanse Lied*. Op een van die plate in die reeks kan ook die *Magaliesburgse Aandlied*, soos deur Cillié opgeteken, gehoor word (Bothma, 1986:292–293).

## 6.2. Cillié as komponis en verwerker van volksmusiek<sup>5</sup>

In 'n onderhoud met De Villiers vertel Cillié (1983:10) dat hy by vroeëre Stellenbosse sangfeeste gevra is waarom net “oorsese dinge” gesing is. Dit het gedui op 'n leemte, en nadat sy versoek aan komponiste soos Hubert du Plessis, Arnold van Wyk en Stefans Grové op dowe ore geval het, het hy begin om self verwerkings vir die Stellenbosse Universiteitskoor te maak. Cillié noem dat hy “gebruiksmusiek” gekomponeer het:

... As ek 'n sekere soort solis het, skryf ek maar vir hom/haar 'n stuk vir solis en koor... Jy vra van “Hoenderkos” ... Man, ou Flip het vir my 'n liedjie laat hoor: “Wat maak jou hoendertjie...?” En, terwyl ek kort vantevore elders: “Kom 'n hoene aan met 'n bloeme aan” teëgekome het, en ek reeds: “Dis die haan...” jare lank ken, het ek die drie saamgeflans, en daar het jy: “Hoenderkos!”<sup>6</sup>

In 'n artikel wat Hartman (1969:1–2) aan Cillié gestuur het en waarin hy die bundel *Goud in die mond* (1969) bespreek, skryf hy:<sup>7</sup>

In ons strewe om 'n singende volk te word, wat ons nog lank nie is nie, is die gebrek aan goeie koorliedere 'n vername struikelblok... Daar is min Afrikaners wat al 'n groter bydrae as dr. Cillié gelewer het om ons klein skat van Afrikaanse koormusiek te verryk.

---

<sup>5</sup> Vergelyk Bylaag B.

<sup>6</sup> Vergelyk Bylaag B, 1.2.2.

<sup>7</sup> Vergelyk Bylaag B, 1.2.2.

Hartman merk die volgende eienskappe in Cillié se verwerkings op:

- Al Cillié se verwerkings is deeglik op die proef gestel en reeds dikwels uitgevoer, veral tydens die Stellenbosse studentesangfeeste.
- Die verwerkings wissel van betreklik maklik tot heel moeilik. Met sy jarelange ondervinding as koorleier en koorsanger weet Cillié immers wat binne die vermoë van kore val.
- Die omvang van al die verskillende stemme is redelik binne perke, die harmonieë konvensioneel en intervalle nie moeilik singbaar nie.
- Die verwerkings is verbeeldingryk, vernuftig en soms humoristies. Hy maak bekende liedjies nuut, interessant en lekker om te sing; hulle kry 'n nuwe betekenis en waarde.
- Die stemme is melodies en ritmies onafhanklik, elke stem het iets interessants om te doen en die melodie word nie slegs vir die sopraan gereserveer nie, maar word deur al die stemme benut.
- Hierdie resultate word op verskillende maniere bereik: Die stemme boots mekaar dikwels na, terwyl een stem die melodie sing, illustreer ander stemme die teks, ritmes word soms verskuif en gesinkopeer, die tempo verander soms onverwags (maar met goeie rede en goeie effek) en die toonaard wissel soms.

Cillié (in De Villiers, 1983:9) het sy liefde vir die Afrikanerkultuur en die rede waarom dit al die jare vir hom vrugbaar was om op die FAK se hoofbestuur te dien, as volg verwoord:

Dit het by die musiek begin: die besef dat ons in ons volksmusiek iets het wat ons eie is, 'n weerspieëling van ons diepste wese... Die geskiedenis van 'n volk gee jou die harde feite van wat met jou gebeur het... maar een enkele volksliedjie plaas jou nader aan die siel van 'n volk as 'n hele boek...

Dit was hierdie liefde vir die Afrikanerkultuur wat daartoe gelei het dat Cillié, veral deur sy talle verwerkings van volksmusiek vir kore en met die optekening van liederwysies,<sup>8</sup> 'n belangrike bydrae tot die bewaring van die Afrikaner se volksmusiek gelewer het.

---

<sup>8</sup> Vergelyk Hoofstuk 7.

## HOOFTUK 7

### **Cillié se belangstelling in liederwysies en sy bydrae tot geskiedskrywing**

Cillié se belangstelling in liederwysies het in die vroeë veertigerjare begin. Dit het veral momentum gekry toe hy landswyde toere met die Stellenbosse Kweekskoolkoor vanaf 1946, en met die Stellenbosse Universiteitskoor vanaf 1952, onderneem het. So het hy oral in die land mense raakgeloop wat vir hom van die “ou liedere wat die jongmense nie meer ken nie”, kon voorsing (Cillié, 1993:3).

Ná sy aftrede as dosent in kerkmusiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het Cillié (in De Villiers, 1983:7) begin om, wat hy genoem het, die “Sing”-boek of die “Geskrewe lied”-boeke waarvan hy 'n hele paar gehad het, te orden om vas te stel wat alles in hierdie boeke vervat is. So het hy op talle interessantheide afgekom. In die *Steynsrustse Liedboek* is daar onder andere 'n lied wat spesiaal in 1794 gemaak is vir die ontvangs van Waveren se predikant. Hierdie navorsing het gekulmineer in die publikasies *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat* (1993) en *Gewyde sang en koorsang gedurende die Anglo-Boereoorlog* (2000).<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Vergelyk 7.3.

## **7.1. Beskrywing van die term “liederwysie”**

Cillié verduidelik dat iemand wat 'n psalm of gesang op liederwys sing, nie die note wat in die Psalm- of Gesangboek voorgeskryf word, gebruik nie:

Die gesegde dat iemand 'iets (op) liederwys doen', word gebruik om aan te dui dat hy ongeoorloofd optree. In die geskiedenis het dit meermale voorgekom dat 'n teks in die Gesangboek gesing is op die melodie van 'n ander psalm of gesang en dan is daar gepraat van 'n 'liederwysie' (Cillié, 1993:4).

Die Afrikaanse liederwysie is, volgens Cillié, altyd deel van ons volkskultuur. Ons mense het oral waar hulle die behoefte gevoel het, nuwe wysies gemaak, geleen of aangepas vir hulle gewyde liedere. Hy sien hulle ontstaan as 'n voortgaande proses: van die vroeëre liederwysies het in onbruik en vergete geraak, mense het hulle nie opgeteken nie en nuweres het in gebruik gekom (Cillié, 1993:5). Hy het die liederwysie voorts as volg verduidelik:

Solank as die Kaap onder Nederlandse bewind gestaan het, was Holland en Duitsland ons hoof oorsese bronne van gewyde liedere. Na die begin van die negentiende eeu, toe ons onder Britse bewind gekom het, het ons gewyde sangers al meer begin put uit die skatte van die Engel-Saksiese wêreld. Brits-Amerikaanse gewyde liedere met vertalings in Nederlands het gedurende die tweede helfte van die eeu hulle verskyning gemaak. Binne enkele dekades het baie van die liedere oor ons hele land versprei en gewild geword (Cillié, 1944c:15).

## **7.2. Liederwysies deur Cillié opgeteken**

Volgens Hartman (1965:2) het Cillié 'n mooi versameling liederwysies en geestelike liedere uit die volksmond opgeteken. Dit was vir 'n lang tyd die “ware” volksmusiek

van ons mense, maar het al feitlik uitgesterf. Gelukkig is 'n aansienlike aantal liedere deur Cillié opgeteken.

### 7.2.1. Die Magaliesburgse Aandlied

Die *Magaliesburgse Aandlied* is seker dié bekendste liederwysie wat deur Cillié opgeteken is. Hierdie lied is vroeg in Oktober 1950 opgeteken in die huis van Frans en Sarah Fouché van Maanhaarrand uit die Magaliesburgse wêreld. Aanvanklik het Cillié (1993:70–71) die titel slegs as *Aandlied* aangegee. Daar was aanvanklik slegs drie strofes en hy is gevra om te kyk of daar nie nog 'n strofe gevind kon word nie. Hierdie soektog was egter vrugteloos totdat Cillié in Augustus 1992 van mev. M. Kritzinger van Edenville in die Vrystaat 'n kopie van dieselfde lied ontvang het met vier strofes. Teen die einde van 1950 het Cillié die lied as volg in Afrikaans vertaal:

1. Hoed my as ek my gaan neerlê  
Grote God wat altyd waak.  
O, beskerm deur U almag  
As die kwade my genaak.
2. O, vergeef my al my sondes,  
dan lê ek my hofie neer.  
Dood of hel sal ek nie vrees nie,  
Want U is my rotssteen, Heer.
3. Neem my ouers en my vriende  
In bewaring hierdie nag.  
Môre dank ons U vir goedheid,  
Gawe van 'n nuwe dag.



Uit eerbetoon aan Frans Fouché en sy groepie senior burgers wat hierdie stukkie kosbare erfenis oor die jare help bewaar het, het hy die naam *Magaliesburgse Aandlied* daarvoor gekies (Cillié, 1993:70–73). Cillié het ook die melodie vir vierstemmige koor geharmoniseer. Die lied is opgeneem in die *Nuwe FAK-Sangbundel* van 1961 as nr. 308 en die *FAK-Sangbundel* van 1979 as nr. 395 (Cillié, 1993:75). Ook is die lied aangepas as skoollied vir die Voorberoepskool vir Dogters (Windhoek) en is 'n driestemmige verwerking (SSA) daarvan gemaak (Smith, 1981:23). Voorts is daar ook 'n vierstemmige verwerking vir mannekoor (TTBB) (Smith, 1981:25). In die privaatversameling van Cillié, wat in die J.S. Gericke Biblioteek in Stellenbosch bewaar word, kom ook 'n fragment voor wat die begin van 'n verwerking daarvan vir sopraan en bariton aandui.

Die melodie van die *Magaliesburgse Aandlied*, met woorde aangepas deur A.P. van der Colf, is ook opgeneem in die Proefsangbundel van die NG Kerk, *Sing Onder Mekaar* (Cillié, 1993:75). Betreffende die veranderde teks in die Proefsangbundel het 'n hele debat ontstaan. Onder die opskrif “Vals noot begelei nuwe Aandlied”, maak die bekende musiekman Dirkie de Villiers (Redaksioneel, 1989:1–2) in 'n brief aan *Die Volksblad* kapsie teen die verandering van die woorde van die *Magaliesburgse Aandlied*. Hy voer onder meer aan dat die kommissie se motivering vir die verandering vir hom onverstaanbaar is, aangesien “ingeburgerde volksliedere” gewoonlik “ongeskonde” gelaat word. Dr. Attie van der Colf, wat die woorde verander het, het hierteenoor aangevoer dat hy slegs die Algemene Sinode van die N.G. Kerk se opdrag om liedere “nuut te maak”, uitgevoer het. Daar word gewys op die woord “hoed” en die

sinsnede “as ek my gaan neerlê” wat verander is na “Hou oor my vannag U hande”. In die berig word Van der Colf as volg aangehaal:

“Hoed” word nie in die spreektaal gebruik nie en is 'n verouderde vorm van Afrikaans.

Hy het verder verduidelik:

Ek lê net, maar ek lê my kind neer.

Van der Colf voer verder aan dat 'n kerklied universeel van inslag moet wees en die *Magaliesburgse Aandlied* daarom te persoonlik was. Cillié wou geen kommentaar hierop lewer nie (Redaksioneel, 1989:1–2).


Beide weergawes van die lied is opgeneem in die *Liedboek van die Kerk* (2001). By lied 565 verskyn dit onder die titel “Hoed my as ek my gaan neerlê” terwyl die melodie, met die gewysigde teks deur Van der Colf, onder die titel “Hou oor my vannag u hande” by lied 566 verskyn.

Ten opsigte van die tyd en plek van die lied se ontstaan, skryf Cillié (1993:74–75) dat, toe hy vir die eerste maal in 1950 met die lied kennis gemaak het, hy onder die indruk was dat dit oorspronklik 'n eenvoudige kinderliedjie uit Nederland was. Interessant is die skielike oorskakeling van drie- na tweeslagmaat in die eerste en derde reëls.<sup>2</sup> Dr. P.W. Venter van Pretoria, emeritus-leraar van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, het volgens Cillié die lied as 'n kerkhoflied by sy vader, 'n oudstryder in die Anglo-

---

<sup>2</sup> Die moontlikheid bestaan dat hierdie oorskakeling gewoon deur foutiewe oorlewering kon ontstaan het. Indien dit die geval was, kan daar in gedagte gehou word dat sodanige “foute” uiteindelik selfs 'n bepaalde beking kan inhou, soos wat inderdaad die geval is in die *Magaliesburgse Aandlied*.

Boereoorlog, geleer. Dit dui vir hom daarop dat die melodie reeds teen 1900 in ons land bekend was.



Figuur 16:<sup>3</sup> Die *Magaliesburgse Aandlied* in Cillié se handskrif.

### 7.2.2. Ander liederwysies deur Cillié opgeteken

Lied nr. (soos in Cillié, 1993)	Naam van lied	Verwysing (p.) in Cillié, 1993	Persoon van wie ontvang <sup>4</sup>	Plek waar opgeteken
Ps. 6 (10) <sup>5</sup>	<i>O, Heer! Gij zijt weldadig</i>	1993:25	G.C. Prinsloo	Bronkhorstspuit
Ps. 6 (12)	<i>Wil my, o Heer, nie straf nie</i>	1993:26	Ds. J.P.W. de Vries	“Hartbeesspruit”, Pretoria
Ps. 38 (6)	<i>Straf tog nie in ongenade</i>	1993:36	Frans Fouché	Magaliesburg

<sup>3</sup> Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>4</sup> Name van persone en instansies word aangedui soos deur Cillié in die publikasie *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat* (1993).

<sup>5</sup> Verskeie liederwys-melodieë het dikwels op dieselfde psalm- of gewyde teks ontstaan. Die syfer wat tussen hakies verskyn na die psalm, gesang of titel, dui op die weergawe soos deur Cillié gekatalogiseer in die publikasie *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat* (1993).

<b>Lied nr. (soos in Cillié 1993)</b>	<b>Naam van lied</b>	<b>Verwysing (p.) in Cillié 1993</b>	<b>Persoon van wie ontvang</b>	<b>Plek waar opgeteken</b>
Ps. 42 (2)	<i>Hijgend hert der jacht ontkomen</i>	1993:37	Mev. H.J. Kruger	Rustenburg
Ps. 65 (4)	<i>De lofzang klimt uit Zions Zalen</i>	1993:42	Frans Fouché	Magaliesburg
Ps. 100 (4)	<i>Juig, al wat leef, juig voor die Heer</i>	1993:60	Mej. P. Meyer	Pietermaritzburg
Ps. 100 (8)	<i>Juich aarde juich alom die Heer</i>	1993:62	Frans Fouché	Magaliesburg
Ps. 100 (9)	<i>Juich aarde juich alom die Heer</i>	1993:63	Frans Fouché	Magaliesburg
Ps. 103 (2)	<i>Loof, loof den Heer, mijn ziel</i>	1993:67	Mev. H.J. Kruger	Rustenburg
Ps. 126: 3 (1)	<i>Die hier bedrukt met tranen zaait</i>	1993:69	Frans Fouché	Magaliesburg
Ps. 130 (10)	<i>Uit dieptes gans verlore</i>	1993:78	Mev. Ria van Jaarsveld	Boshof
Ps. 136 (4)	<i>Looft den, looft den Heer</i>	1993:84	Mej. Gericke	Pacaltsdorp
Ps. 136 (5)	<i>Looft den, looft den Heer</i>	1993:84	Ds. G.W. Roux	Worcester
Ps. 138 (3)	<i>Als ik omringt door tegenspoed</i>	1993:87	Mev. H.J. Kruger	Rustenburg
Gezang 7 (2)	<i>Op berge en in dale</i>	1993:100	Buys-gemeente	Louis Trichardt
Gezang 13 (5)	<i>God sprak (men stell op berg en rots)</i>	1993:104	Mev. Dienie Naudé	Theunissen
Gezang 22 (3)	<i>Rus my siel jou God is Koning</i>	1993:107	Mev. Ryne de Beer	Somerset- Wes
Gezang 27 (1)	<i>Leer my op U wag, o Here</i>	1993:108	N.G. Gemeente Strydenburg	Strydenburg 1950
Gezang 27 (2)	<i>Leer my op U wag, o Here</i>	1993:109	Mev. Dienie Naudé	Theunissen
Gezang 50: 4	<i>Amen, Jezus Christus, Amen</i>	1993:114	Ds. M.H. Horak	Nylstroom

<b>Lied nr. (soos in Cillie 1993)</b>	<b>Naam van lied</b>	<b>Verwysing (p.) in Cillie 1993</b>	<b>Persoon van wie ontvang</b>	<b>Plek waar opgeteken</b>
Gezang 82	<i>O groote God, die t'aller tijd</i>	1993:15	J.H. Viljoen	Naboomspruit
Gezang 85	<i>Liefdevolle Hemelvader</i>	1993:116	J.H. Viljoen	Naboomspruit
Gezang 87	<i>Ja, Amen! Vader, ja!</i>	1993:116	J.H. Viljoen	Naboomspruit
Gezang 94	<i>Slaan, o God, vol mededoë</i>	1993:117	N.G. Gemeente Arcadia	Pretoria
Gezang 157 (3)	<i>Ik wil met dat de zondaar sneev</i>	1993:123	Dr. J.A.S. Oberholzer	Kaapstad
Gezang 179 (3)	<i>Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid</i>	1993:125	Mev. Ds. J.M. Louw	Pretoria
Gezang 179 (4)	<i>Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid</i>	1993:125	Ds. M.H. Horak	Nylstroom
Gezang 179 (5)	<i>Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid</i>	1993:126	Ds. G.W. Roux	Worcester
Gezang 179 (6)	<i>Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid</i>	1993:126	Ds. A.D. Raats	Alberton-Wes
Gezang 179 (7)	<i>Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid</i>	1993:127	J.H. Viljoen	Naboomspruit
Gezang 180 (2)	<i>Aan U, o God, my dankgesange</i>	1993:129	Mev. Ryne de Beer	Riversdal
	<i>Myn ziel herdenk met heilig beven (2)</i>	1993:145	Mev. Dienie Naudé	Theunissen
	<i>Myn ziel herdenk met heilig beven (3)</i>	1993:145	J.H. Viljoen	Naboomspruit
	<i>Myn ziel verheft Gods eer</i>	1993:146	J.H. Viljoen	Naboomspruit
	<i>O Grote Christus, ew'ge lig (4)</i>	1993:149	Mev. C. Faasen	Robertson

<b>Lied nr. (soos in Cillié 1993)</b>	<b>Naam van lied</b>	<b>Verwysing (p.) in Cillié 1993</b>	<b>Persoon van wie ontvang</b>	<b>Plek waar opgeteken</b>
	<i>O Grote Christus, eew'ge lig (9)</i>	1993:152	J.H. Viljoen	Naboomspruit
	<i>O Grote Christus, eew'ge lig (11)</i>	1993:153	Mev. Cillié	Strand
	<i>Wij danken U, barmhartig God (1)</i>	1993:158	N.G. Gemeente Strydenburg	Strydenburg
	<i>Wij danken U, barmhartig God (2)</i>	1993:159	Mev. Ds. Stofberg	Stellenbosch
	<i>Bereid uwe Lampen</i>	1993:163	Frans Fouché	Magaliesburg
	<i>De Heere komt te middernacht (1)</i>	1993:164	Ds. J.J. Lubbe	Steytlerville
	<i>Halleluja, Lof sy die Heer</i>	1993:165	Die Buys-gemeente	Louis Trichardt
	<i>Ek (ik) ga rusten, ik ben moe</i>	1993:166	Mev. Dienie Naudé	Theunissen
	<i>Jehova is des Heeren Heer</i>	1993:168	Mev. Dienie Naudé	Theunissen
	<i>Leg my om te slapen neder (Magaliesburgse aandlied)</i>	1993:170	Frans Fouché	Magaliesburg
	<i>O Heer, gij Hemelkoning</i>	1993:172	Mnr. en mev. Naudé	Theunissen

### 7.3. Publikasies

#### 7.3.1. *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat (1993)*

Tydens die 1994-kongres van die Suid-Afrikaanse Musiekwetenskapvereniging in Kaapstad is die boek *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat*, bekendgestel (Troskie, 1994:48). Cillié het by dié geleentheid 'n boeiende referaat gelewer, waarin hy die boek op oorsigtelike wyse behandel het en bandopnames van enkele liederwysies voorgespeel het.

In die inleidende hoofstuk tot die boek beskryf Cillié die bydraes van Hendrik Visscher, S.G. du Plooy, Jo Fourie en Willem van Warmelo, gevolg deur 'n oorsigtelike uiteensetting van waar, hoe en wanneer die liederwysies ontstaan het. Hy toon verskillende bronne aan waaruit sulke wysies ontwikkel het, bv. uit die Geneefse psalms, Engelse kerkliedere en sekulêre melodieë. Ander is nuut gekomponeer. Die tekste is hoofsaaklik uit vier bronne afkomstig, nl. die psalms van die 1806 *Evangeliese Gesangboek*, die gesange van die *Evangeliese Gesangboek*, gesangboeke van Sluiter en Groenewegen en self gemaakte tekste (Troskie, 1994:48).

Troskie (1994:48) noem dat nie minder as 220 liederwysies in die boek opgeneem is. By elk verskaf Cillié kommentaar, en toon die herkoms van die wysies aan. Benewens enkele minder geslaagde melodieë (Troskie, 1994:48), bevat die boek 'n aantal kleinode

– “pragtige liederwysies wat sekerlik groter bekendheid verdien, sy dit nie as gemeenteliedere nie, dan wel as koorstukke”. Vanweë die kultuurhistoriese waarde van hierdie liedere is Troskie daarvan oortuig dat hierdie boek van groot waarde is. Grové (2006: 28) wys egter daarop dat die werkbaarheid van die liederwysies as gemeenteliedere ‘n onderwerp wat verdere studie noodsaak.

### **7.3.2. *Gewyde sang en koorsang gedurende die Anglo-Boereoorlog (2000)***

Pieter van der Westhuizen vertel dat hy ná Cillié se motorongeluk 'n telefoonoproep van Chris Swanepoel gehad het.<sup>6</sup> Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het geld beskikbaar gestel om die navorsing waarmee Cillié besig was, te publiseer. Van der Westhuizen het Cillié in die hospitaal besoek, maar kon nie veel antwoorde met betrekking tot die werk kry nie. Die gedagte dat dit moontlik op Cillié se rekenaar kon wees, het daartoe gelei dat Van der Westhuizen uiteindelik die manuskrip opgespoor het. Dit was egter nie volledig nie. Die manuskrip is vir redigering na prof. Tienie van Schoor geneem en, alhoewel die werk nie voltooi is nie, beskou Van der Westhuizen die publikasie daarvan tog as waardevol op kultuurhistoriese terrein.

---

<sup>6</sup> Onderhoud gevoer op 26 September 2006. Chris Swanepoel was die voormalige hoof van die Musiekdepartement van die Universiteit van die Vrystaat, hoof van die SAUK en rektor van die Universiteit van die Witwatersrand.



Die boekie het in Maart 2000 verskyn en Chris Swanepoel, Pieter van der Westhuizen en Cillié se seun, Pieter, het dit aan hom gaan oorhandig in die versorgingsoord waar Cillié tot en met sy afsterwe behandel is.

Die boek bestaan uit 10 hoofstukke wat as volg ingedeel is:

1. Die rol van gewyde sang en koorsang gedurende die A.B.O.<sup>7</sup>
2. Gewyde liedboeke in gebruik gedurende die A.B.O.
3. Die gewyde lied in die konsentrasiekampe.
4. Die gewyde lied op die slagveld.
5. Die gewyde lied in die krygsgevangenekampe: tuis en ter see.
6. Die gewyde lied in die krygsgevangenekampe op St. Helena.
7. Die gewyde lied in die Indiese krygsgevangenekampe.
8. Die gewyde lied in die krygsgevangenekampe op Ceylon.
9. Op die Bermuda's – 'n aandpsalm sweef oor die waters.
10. 'n Singende boerevolk.

#### **7.4. Die opname van liederwysies in die *Liedboek van die Kerk* (2001)**

Vier liederwysies is opgeneem in die *Liedboek van die Kerk* (2001). Die melodie *Groot en eeuwig Opperwezen* verskyn by Psalm 38, met 'n teks van T.T. Cloete en harmonisasie deur Albert Troskie. By Psalm 130 verskyn die melodie *Greenfields* deur Lewis Edson,

---

<sup>7</sup> A.B.O. verwys na die Anglo-Boereoorlog.

as liederwysie aangepas in die volksmond, met woorde deur Lina Spies en geharmoniseer deur I.J. Grové. Interessant is die feit dat die optekening van laasgenoemde liederwysie in die *Liedboek van die Kerk* (2001) aan P.K. de Villiers toegeskryf word, waarskynlik by Miemie Coetzee van Oudtshoorn. In sy publikasie *Afrikaanse Liederwysies, 'n Verdwynende Kultuurskat*, word aangedui dat Cillié dié liederwysie by mev. Ria van Jaarsveld van Boshof opgeteken het.<sup>8</sup> By Lied 563 verskyn die melodie van die *Aandgesang* met harmonisasies deur Chris Lamprecht en Albert Troskie. Laasgenoemde is weereens deur sowel Chris Lamprecht (by P.L. Steyn) as Cillié (by mev. Ryne de Beer van Riversdal) opgeteken.<sup>9</sup> Die *Magaliesburgse Aandlied* is ook opgeneem in die *Liedboek van die Kerk* (2001) onder die titels *Hoed my as ek my gaan neerlê* (Lied 565) en *Hou oor my vannag u hande* (Lied 566). Die harmonisasie in die *Begeleiersboek* is dié wat in 1961 deur Cillié gedoen is.

Cillié se belangstelling in liederwysies en sy navorsing oor gewyde sang en koorsang gedurende die Anglo-Boereoorlog, het daartoe aanleiding gegee dat hy 'n uiters waardevolle bydrae ten opsigte van die geskiedskrywing en bewaring van hierdie “verdwynende kultuurskat” gelewer het.

---

<sup>8</sup> Vergelyk 7.2.2.

<sup>9</sup> Vergelyk 7.2.2.

## HOOFSTUK 8

### Slotwoord

Met hierdie studie is gepoog om 'n oorsigtelike blik te bied op die lewe en werk van Gabriel Gideon Cillié (1910–2000). In die inleidende hoofstuk is aangedui dat die beskrywing van 'n lewe bepaalde metodologiese vraagstukke opwerp, wat ook hier oorweeg moes word. Navorsing oor die nalatenskap van 'n invloedryke persoon bring noodwendig vraagstukke na vore wat betrekking het op die etiese dimensies van die studie, asook die feitelike betroubaarheid daarvan. Soos aangedui, sluit die werksteorie van biografie noodwendig aspekte in soos 'n seleksie van materiaal en die navorser se objektiwiteit ten opsigte van die onderwerp.

Alhoewel daar by geskiedskrywing nooit sprake kan wees van totale neutraliteit ten opsigte van die onderwerp nie, is daar nietemin in die voorafgaande oorsig gepoog om gegewens vanuit die beskikbare bronne so getrou as moontlik aan te bied. Hierdie is 'n uitvloeisel van 'n vorige, minder omvattende optekening van Cillié se lewe en bydrae op kultuurhistoriese terrein in Suid-Afrika.<sup>1</sup> Reeds hierdie gegewe dui op die feit dat die onderwerp as buitengewoon interessant beskou is. Ofskoon die samewerking van die Cillié-gesin en hulle betrokkenheid by die studie 'n groot imperatief was om verdere werk met betrekking tot die onderwerp te voltooi, was dit veral die onontginde staat van die

---

<sup>1</sup> Sien onder 1.1.1.

versameling in die J.S. Gericke Biblioteek te Stellenbosch wat op die noodsaaklikheid van verdere navorsing gedui het.

Ten einde die seleksies met betrekking tot die beskikbare materiaal te maak wat op hierdie vlak van studie aangewese was, is daar besluit om voorkeur te verleen aan 'n ontginning van Cillié se eie publikasies. Hierdie stof is aangevul met 'n oorsig van korrespondensie, koerant- en tydskrifpolemie, asook die voer en optekening van onderhoude met voormalige kollegas van Cillié en met vakkundiges wat sy bydrae vanuit huidige heersende perspektiewe kon beoordeel. Die aangetoonde strategie was nodig om Cillié se nalatenskap voorlopig te kontekstualiseer binne 'n spesifieke kultuurhistoriese tydvak, maar ook om dit te plaas in die lig van bepaalde kritiese kommentaar, volgens standpunte wat huidiglik geld.

In die konteks van heersende intellektuele tendense binne akademiese werk is die benadering wat hierbo uiteengesit is konserwatief en sluit dit nie aan by postmoderne neigings wat ook die biografie as metode beïnvloed nie. Gevolglik is die materiaal met 'n selferkende eenvoud aangebied. So ver as moontlik is enige twyfelagtige materiaal tydens die insameling van die data vermy en is daar gefokus op oorspronklike dokumente. Nietemin moet daar erken word dat subjektiwiteit per definisie deel is van 'n groot hoeveelheid van die stof wat by die navorsing geraadpleeg is – die partydigheid van die geskrifte van sommige van Cillié se tydgenote dui immers reeds op elemente van eensydige “her-interpretasie”. Nietemin is alle dokumente in die Cillié versameling met

betrekking tot die studie in berekening gebring, en is alle data as belangrik beskou, insluitend dié wat gebaseer is op mededeling deur sy kennis, vriende en familie.

Alhoewel daar dus in hierdie werk geen aanspraak gemaak word op 'n volledige behandeling van die onderwerp nie, is daar gepoog om Cillié se kleurvolle persona vanuit die beskikbare gegewens op 'n geloofwaardige wyse te rekonstrueer. Sy bydrae tot die Afrikaanse kultuurgeskiedenis is bondig, dog sistematies, uiteengesit volgens die fokus van die spesifieke terreine waaraan hy hom toegewy het. Bylaes A en B poog om 'n optekening te bied van sy nalatenskap op die gebiede van gewyde musiek (Bylaag A) en volksmusiek asook oorspronklike sekulêre musiek (Bylaag B). Dit is belangrik om daarop te let dat die lysie van Cillié se verwerkings van ongepubliseerde vokale gewyde musiek soos aangebied in Bylaag A volledig is.

Wat betref die hoofstukke oor Cillié se kultuurhistoriese bydrae is die vernaamste gevolgtrekking waartoe gekom is, die feit dat, ten spyte van bepaalde kritiese voorbehoud, hy gedurende die vorige eeu 'n uiters betekenisvolle rol binne die Afrikaanse gemeenskap gespeel het.

Een van die terreine waarbinne Cillié verrassend veel bygedra het, was dié van orrelbou en liturgiese orrelspel. Binne die tydvak van Cillié se professionele lewe het opleiding vir orreliste in die konteks van die Gereformeerde aanbidding feitlik nie in Suid-Afrika bestaan nie en is die gebruik van musikaal minderwaardige kerkliedere merendeels

sonder teenkanting toegelaat. Cillié het hom daarvoor beywer om die rigtinggewende werk van sy eertydse leermeester, prof. F.W. Jannasch, voort te sit en is daarom allerweë beskou as een van die eerste en invloedrykste figure wat walgegooi het toe kerkmusiek gedreig het om in sentimentaliteit en onwaardigheid te verval. Deur sy praktiese voorbeeld as orrelis het Cillié tydens vele gedenkwaardige optredes 'n bydrae gelewer om belangstelling in die orrel as instrument te wek en te behou. Alhoewel daar kritiek gelewer kan word teen die spesifieke orrelwerke wat Cillié aangebied het, moet dit teen die musikale agtergrond van die tyd evalueer word. Orrelverwerkings van dele uit simfonieë, operas en ander werke van komponiste uit die Romantiese periode het oorheers. Tog het Cillié in sy repertorium vir uitvoerings ook werke van bewese orrelkomponiste ingesluit. Die oorgrote meerderheid van die ingeslote werke deur hierdie orrelkomponiste is op koraalmelodieë gebaseer – met ander woorde, in wese kerkmusiek, volgens die suiwer betragting daarvan. Cillié het dus nie net orreluitvoerings as sodanig in stand gehou nie, maar ook daarin die standpunt uitgeleef dat koraalgebonde musiek waardig genoeg is om 'n plek langs konsertmusiek in te neem.

Aansluitend hierby is daar bevind dat hy ook, wat betref die oprigting en bewaring van pyporrels binne die Afrikaanse Gereformeerde kerkgemeenskap, 'n groot bydrae gelewer het. In talle kerke dwarsoor die land is daar vandag orrels in gebruik wat deur Cillié ontwerp is en in die meeste gevalle ook deur hom ingewy is. Ten spyte van kritiek uitgespreek dat Cillié, as voorstander van die Protestantse kerklied, dikwels in die samestelling van 'n disposisie voorkeur aan 'n Engels-Romantiese klankkleur gegee het

en dat hy as raadgewer by die herbouing van orrels dikwels afgewyk het van die aangewese Barok-ideaal, lê die betekenis van Cillié se bydrae tot die ontwikkeling van orrelbou hoofsaaklik daarin dat hy hierdie bydrae kosteloos gelewer in 'n tyd toe daar min ander persone in die land was wat bevoeg was om leiding in hierdie verband te gee. Daarbenewens het Cillié ook bygedra om historiese orrels binne 'n nuwe konsep behoue te laat bly. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die gekombineerde produk van Cillié se geskrifte, sy werk as orreladviseur, as kerk- en konsertorrelis, asook sy voorbeeld en toewyding, rigtinggewend was vir die totale proses van ontwikkeling en bewusmaking van die orrelbou en -bewing in Suid-Afrika.

As leier van die Universiteitskoor van Stellenbosch en die kerkkoor van die NG Moedergemeente, Stellenbosch, en as stigter van die Kweekskoolkoor en die Stellenbosse Studentesangfeeste, het Cillié diep spore in die Suid-Afrikaanse koorkultuur getrap. As komponis en verwerker het hy die Afrikaanse koorrepertorium verryk. Alhoewel hy, met die uitsondering van sewe kantates, min omvangryke komposisies gelewer het, was hy gedurende die vorige eeu moontlik een van die produktiefste verwerkers binne die Afrikaanse gemeenskap. Onder sy oorspronklike komposisies verdien veral sy Kersfeeskantate, die Psalm 24-kantate en die Psalm 89-kantate spesiale vermelding. Laasgenoemde was 'n opdragwerk vir die inhuldiging van Suid-Afrika se eerste Staatspresident<sup>2</sup> op 31 Mei 1961. Daarbenewens het Cillié talle kerkkoorbundels saamgestel, wat onderskeidelik deur die FAK en die NG Kerk-Uitgewers uitgegee is.

---

<sup>2</sup> Staatspresident C.R. Swart.

Voorts het hy meegewerk aan die FAK se Kerkkoorboek-koorstukke uit die versameling van wyle professor Jannasch, die bundels *Kom loof die Heer Deel 1* (1979) en *Deel 2* (1982) en die hersiening van die FAK-Sangbundels (1961 en 1979). Voortspruitend uit sy intense belangstelling in geskiedskrywing het hy ook oor jare heen 'n aansienlike versameling liederwysies opgeteken – op sigself 'n waardevolle kulturele nalatenskap. Sy boekpublikasie oor die herkoms van die Afrikaanse gesange (Cillié, 1982) is tot op hede steeds 'n gesaghebbende naslaanwerk.

Die leierskap wat Cillié binne Afrikaanse kultuurorganisasies uitgeoefen het, word weerspieël deur die feit dat hy vir 'n aansienlike tydperk sleutelposisies in verskeie kulturele komitees beklee het en 'n uitsonderlike aantal toekennings en vererings vir sy bydraes ontvang het.

Alhoewel Cillié werksaam was tydens 'n polities uiters gekompliseerde tydperk in ons land se geskiedenis en hy sonder twyfel in kringe beweeg het wat sterk met die voormalige magsbestel geassosieer was, het hy oënskynlik daarin geslaag om slegs periferaal by die politieke debat betrokke te wees en altyd primêr vakkundige belange te dien.

Hierdie feit is moontlik ten nouste verknoop daarmee dat Cillié ook op die persoonlike vlak met groot onderskeiding en integriteit geleef het. As kollega was hy uiters gerespekteerd en word hy met groot warmte en waardering onthou. Sy gesinslede teken



hom as 'n gedissiplineerde en hardwerkende eggenoot en vader wie se toewyding aan sy taak soms pynlike opofferinge meegebring het – maar as iemand wat terselfdertyd sterk verbonde was aan sy gesinslewe.

Daar is in hierdie studie deurlopend verwys na die onberekenbare rol wat Cillié deur middel van sy openbare lesings, sy geskrifte in tydskrifte en dagblaaië en publikasies gespeel het om mense bewus te maak van die noodsaaklikheid daarvan om die Gereformeerde kerklied-erfenis in Suid-Afrika te bewaar. Sy liefde vir die Protestantse kerklied, sy deeglike navorsing oor die historiese verloop daarvan, asook navorsing oor die eienskappe waaraan die kerklied moet voldoen om waardige draer van Gods Woord te wees, het hom as outoriteit op die gebied gevestig. Cillié het meegewerk aan die hersiening en samestelling van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek van 1976/1978, die Koraalboeke van 1956 en 1978 en die Halleluja-bundels van 1949, 1951, 1960 en 1972. Tot en met sy ongeluk in 1998 was hy lid van die Psalmkommissie wat meegewerk het aan die psalms vir die *Liedboek van die Kerk* (2001) en is vyf van sy psalmmelodieë in die bundel opgeneem. In terme van Cillie se bydrae tot die hersiening van sangbundels binne die Afrikaanse Gereformeerde kerke moet daar wel gelet word op die feit dat, in die lig van meer onlangse standpunte betreffende die Afrikaanse Gereformeerde kerklied, sy sienings oor die algemeen minder akkommoderend en enger was as standpunte wat tans heers.

Vanuit hierdie agtergrond is die beeld van Cillié wat in hierdie optekening van sy lewe en werk na vore tree een van uitsonderlike begaaftheid en van 'n lewe van ononderbroke toewyding aan die ideale waarvoor hy hom beywer het. Binne die tydvak van sy lewe was sy arbeid invloedryk en vormend en kan die belang daarvan, selfs binne die konteks van bepaalde kritiese voorbehoud, nie ontken word nie. Alhoewel hy die bynaam “klein Gawie” gehad het, aangesien hy en sy vader, Gawie (sr.) vir 'n tydperk saam as professore in Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, sal hy weens sy bydrae op kultuurhistoriese terrein in Suid-Afrika, en as mens, altyd as “groot” onthou word. Gabriel Gideon Cillié se diensbare lewe is “in die (Goddelike) lig geslyt”.<sup>3</sup>

---

<sup>3</sup> Spies, 1988:5; eie aanpassing.

## BYLAAG A

### Verwerkings van gewyde musiek asook oorspronklike gewyde komposisies

#### 1. Verwerkings van vokale musiek

##### 1.1. Die Koorboeke vir ons Afrikaanse kerke<sup>1</sup>

1.1.1. *Die Koorboek vir ons Afrikaanse Kerke, Deel 1* (1962), G.G. Cillié (Samesteller).

- Middelpunt van ons verlange (Ges. 118), p. 12 (vir driestemmige dameskoor)
- Liewe Jesus, sien ons saam (Ges. 89), p. 53 (vir sopraan, alt en bariton)

1.1.2. *Die Koorboek vir ons Afrikaanse Kerke, Deel 2* (1964), G.G. Cillié (Samesteller).

- 'n Kindjie klein, nr. 5, p. 5  
(SSA)

---

<sup>1</sup> Nommers van psalms en gesange soos uit *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943), E.G. Malherbe (Voorsitter).

- Stuur U lig en U waarheid (Ps. 43), nr. 18, p. 50  
(SATB met sopraansoliste en orrelbegeleiding)

## **1.2. Die Koorbundels vir kerk- en skoolgebruik<sup>2</sup>**

### 1.2.1. *Kom loof die Heer, Deel 1* (1979), G.G. Cillié (Samesteller).

- God van Jakob (Ges. 34), nr. 5, p. 13  
(Vir diskant, SAB, SSA en SATB)
- Redder van ons lewe (Ges. 85), nr. 8, p. 20  
(Driestemmig SSA)
- Herders op die ope velde (Ges. 90), nr. 11, p. 27  
(Tweestemmig SA)
- Ons loof U, Vader, op die troon (Ges. 141), nr. 18, p. 46  
(Tweestemmig SS met fluit begeleiding)
- O Jesus in U lyding (Ges. 242), nr. 22, p. 54  
(Driestemmig SSA)

---

<sup>2</sup> Nommers van psalms en gesange soos uit *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978), W.J.B. Serfontein (Voorsitter van Interkerklike Hersieningskommissie).

1.2.2. *Kom loof die Heer, Deel 2* (1982), G.G. Cillié (Samesteller).

- Grote God, aan U die eer! (Ges. 10), nr. 6, p. 17  
(SA, SAA)
- Soos daar reeds lank tevore (Ges. 83), nr. 9, p. 31  
(SA, SAA)
- Jesus, dit wat U moes ly (Ges. 115), nr. 12, p. 39  
(SAB)
- 'n Vaste burg is onse God (Ges. 217), nr. 22, p. 67  
(SATB, SSAB)

1.2.3. *Kom loof die Heer, Deel 3* (1986), L. Strydom (Samesteller).

- Jesus is my Heer en Koning (Ges. 195), nr. 17, p. 54  
(SA)
- Hy wat glo, word nie beskaam nie (Ges. 198), nr. 8, p. 56  
(SAB)

### 1.3. Die FAK-Sangbundels

#### 1.3.1. *Nuwe FAK-Sangbundel* (1961), D.I.C. de Villiers (Hoofredakteur).<sup>3</sup>

- Die Heer is my herder (H.B. Klein), nr. 306, p. 432  
(Mannekoor: TTBB)
- Gebed van die boere-krygsgevangenis (Liederwysie, Kharkoolkamp, Ceylon, voorgesing deur mnr. en mev. Naudé), nr. 309, p. 437  
(SATB)
- Groot was U daad (Ps. 126, Liederwysie, Duitse melodie: *Mir ist Erbarmung widerfahren*), nr. 300, p. 426  
(SATB)
- Herders op Betlehems ope velde (Franse kerklied, woorde: Cillié), nr. 274, p. 383  
(SATB)
- Leer my op U wag, o Here (Ges. 27, Liederwysie, sg. Badenhorst-gesang, opgeteken in die N.G. Kerk Strydenburg, KP), nr. 303, p. 429  
(SATB)
- Lief Kindjie klein (Engelse kerslied, teks: Cillié), nr. 276, p. 386  
(SATB)

---

<sup>3</sup> Nommers van psalms en gesange soos uit *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1937/1943), E.G. Malherbe (Voorsitter).

- Magaliesburgse Aandlied (Liederwysie, opgeteken aan huis van Frans Fouché, Doornhoek, Maanhaarrand, Magaliesburg), nr. 308, p. 437  
(SATB)
- Grote Christus, eewge lig (Ges. 84, Liederwysie opgeteken in N.G. Kerk Strydenburg, KP), nr. 304, p. 430  
(SATB)
- O Jesus Kind rein, o Jesus Kind soet (J.S. Bach, tweede stem en Afrikaanse teks: Cillié), nr. 280, p. 392  
(SA)
- k'Sal met my ganse hart, o Heer (Ps. 138, Liederwysie opgeteken by mev. H.J. Krüger, Rustenburg, Tvl), nr. 302, p. 428  
(SATB)
- Straf tog nie in ongenade (Ps. 38, Liederwysie opgeteken aan huis van Frans Fouché van Doornhoek, Maanhaarrand, Magaliesburg), nr. 299, p. 426  
(SATB)
- Verheug u in die Heer (Melodie: 14de eeu, vierstemmig: Bach, effens gewysig), nr. 273, p. 382  
(2- of 4-stemmig)
- Vervul my hart met dankbaarheid (Ges. 179, Liederwysie, gedruk in bundel *Eeufesliedjies*, 1938), nr. 305, p. 431  
(SATB)

- Wil Heer my deur die nag beskerm (Calvisius), nr. 281, p. 395 (Cillié: teks)  
(4-stemmig)
- Wil my, o Heer nie straf nie (Ps. 6) (Liederwysie voorgesing deur ds. J.P.W. de Vries), nr. 298, p. 425  
(SATB)

1.3.2. *FAK-Sangbundel* (1979), A.C. Hartman (Voorsitter).<sup>4</sup>

- Groot was U daad, nr. 374, p. 597  
(SATB)
- Hoe lieflijk, hoe vol heil'genot (Ps. 84), nr. 373, p. 596  
(SATB)
- Laat Heer U seën op hul daal (Ps. 134), nr. 376, p. 599  
(SATB)
- Leer my op U wag, o Here, nr. 381, p. 604  
(SATB)
- Magaliesburgse Aandlied (Liederwysie), nr. 395, p. 614  
(SATB)

---

<sup>4</sup> Nommers van psalms en gesange soos uit *Die berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (1976/1978), W.J.B. Serfontein (Voorsitter van Interkerklike Hersieningskommissie).



- Met middernag keer feest'lik weer, nr. 369, p. 584  
(SATB)
- O grote Christus, ewige lig, nr. 379, p. 602  
(SATB)
- Heer, gij hemelkoning, nr. 386, p. 607  
(SATB)
- O Jesus Kind rein, o Jesus Kind soet, nr. 548, p. 562  
(SA)
- k'Sal met my ganse hart, o Heer (Ps. 138), nr. 377, p. 600  
(SATB)
- Straf tog nie in ongenade (Ps. 38), nr. 372, p. 595  
(SATB)
- Uit dieptes, gans verlore (Ps. 130), nr. 375, p. 598  
(SATB)
- Vervul my hart (Ges. 179 – 1944), nr. 380, p. 603  
(SATB)
- Wil my, o Heer, nie straf nie (Ps. 6), nr. 371, p. 594  
(SATB)

## 1.4. Die Halleluja-bundels

### 1.4.1. *Die Halleluja* (1951), P.F. Greyling (Samesteller).

- By Betlehem in winterkou, nr. 42, p. 43  
(Vierstemmige verwerking in Afrikaans)
- Daar is 'n Kind gebore, nr. 527, p. 575  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- Ek kom van bowe tyding bring, nr. 548, p. 606  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- Hef op die hart, nr. 550, p. 609  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- Herders op Betlehems ope velde, nr. 529, p. 577  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- Lief Kindjie klein, nr. 532, p. 582  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- O Jesuskind rein, o Jesuskind soet, nr. 533, p. 583  
(Afrikaans en tweede stem: Cillié)
- Soos die herders van weleer, nr. 45, p. 45  
(Afrikaanse teks: Cillié)
- Verheug u in die Heer, nr. 528, p. 576  
(Tweede stem en Afrikaans: Cillié)

1.4.2. *Die Halleluja* (1960), P.F. Greyling (Samesteller).

- By Betlehem in winterkou, nr. 42, p. 47  
(Vierstemmige verwerking in Afrikaans)
- O Jesuskind rein, o Jesuskind soet, nr. 533, p. 655  
(Afrikaans en tweede stem: Cillié)
- Verheug u in die Heer, nr. 528, p. 642  
(Tweede stem en Afrikaans)

1.4.3. *Die Halleluja* (1972), P.F. Greyling (Samesteller).

- By Betlehem in winterkou (*The first nowell*), nr. 42, p. 47  
(Vierstemmige verwerking in Afrikaans: Cillié)
- O Jesus Kind rein, o Jesus Kind soet (J.S. Bach), nr. 533, p. 655  
(Afrikaans en tweede stem: Cillié)
- Verheug u in die Heer (Melodie: 14de eeu), nr. 528, p. 642  
(Vierstemmig van Bach effens gewysig; tweede stem en Afrikaanse teks: Cillié)

## 1.5. Ongepubliseerde verwerkings van gewyde vokale musiek

1.5.1. Verwerkings van gewyde vokale musiek soos opgeteken deur Erasmus (2000) en aangevul in 2006<sup>5</sup>

<b>MANNEKOOR</b>			
<b>Werk<sup>6</sup></b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Aan U, o God, my dankgesange (Ges. 345, ou Ges. 180: 1)	TTBB	Junie 1977	Durbanse mannekoor
Die Heem'le roem (Beethoven)	TTBB	April 1991	
Die Heer my Herder (Grant)	TTBB		
Die Heer sal opstaan tot die stryd (Goudimel)	TTBB		
Ek wag op die Heer (Mendelssohn)	2 Soprane en Mannekoor TTBB		
Ek weet aan wie'k my... (Ges. 180: 5)	TBB		
Erkentlik deur die dae (Mel: J.G. Ebeling. Teks: Ina Rousseau)	TTBB	Oktober 1993	John Pauw en die Durbanse Mannekoor
Gesang 5	TTBB TBB	Julie 1976 Oktober 1984	
God is my lied (Ges. 16. Mel: C.P.E. Bach)	TTBB	Februarie 1976	
Heer, U Woorde is 'n Lamp (Uit versameling van Jannasch)	TTBB		
Hef aan, God's knegte, loof verblyd (Ps. 113 – L. Bourgeois)			
Herders op Betlehems ope velde (Franse kerslied)	Mannekoor	15 Februarie 1989	Margie Spaumer en SAP Mannekoor

<sup>5</sup> Opgeteken uit manuskripte in die Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>6</sup> Nommers van psalms en gesange is aangedui soos op die oorspronklike komposisie en wel in ooreenstemming met die Psalm- en Gesangboek wat tydens die skryf van die komposisie in gebruik was.

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Herders op die ope velde (Ou Franse / Vlaamse kerslied)	TBB	Februarie 1994	Annemarie van der Walt
Here, hoe blymoedig (Ges. 57)	Vierstemmige mannekoor	Mei 1975	
Hoe glansryk blink die Môrester (P. Nicolai, Ges. 113: 1, 2)	Mannekoor	Oktober 1993	John Pauw en Durbanse Mannekoor
Juig, aarde juig (Ps. 66: 1 en 7)	TBB	1984	Kweekskoolkoor
Juig, o volke juig (Ps. 47)	TTBB		
Kom alle getroues	TTBB	Desember 1974	
Kom almal, dank die Heer	TTBB		
Kom dank nou almal God	TBB	Oktober 1984	
Kom sing vir Hom 'n nuwe lied	TTBB		
Lof sy die Here	TTBB		
Loof God, loof Sy alom (Ps. 150)	TTB		
Loof, o my siel (Nuwe Gesang 5)	TTBB	Februarie 1975	
Magaliesburgse Aandlied	TTBB	Oktober 1993	
Magaliesburgse Aandlied	TTBB	14 Februarie 1989	Margie Spaumer en SAP Mannekoor
Môrelied (My eerste lied)	Driestemmige mannekoor	Oktober 1993	
Net soos 'n rots (Ges. 31)	TTBB		
O God, wat ons van ouds behoed (Nuwe Ges. 21)	TTBB	Februarie 1975	
O Vader wat daarbowe woon (Palestrina)	TBB		
O Vader wat woon in die hemel	TTBB		
Ontsluit, o Heer, ontvlam ons hart (Ges. 117: 1, 2 en 11)	TTBB		
Op berge en in dale (Nuwe Ges. 47: 1 en 5)	TTBB	16 Mei 1976	
Paasfees-Halleluja	TTBB		
Psalm 118: 1 en 4	TTBB		
Psalm 138: 1 en 4	TTB met diskant	1 Junie 1977	Durbanse Mannekoor
Psalm 150	TTB met trompet-obligaat		

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Psalm 69: 1, 3, 6, 8, 12, 14 (Melodie van Ps. 117 met diskant by vers 14)	TTB met solis		
Psalm 86: 1 en 6	TTB	Julie 1962	
Skoonste Heer Jesus (Tradisioneel)	TTB	1988	Mannekoor van die pos-personeel, Stellenbosch
Soos 'n hert (Ps. 42)	TTBB		
Staan deur U Gees, o Here (Huwelikslied vir mannekwartet, n.a.v. J.S. Bach)	TTBB	Desember 1974	
Tot U hef ek hart en hande (Ps. 25, melodie: Bourgeois)	TTB	Februarie 1976	
Vervul my hart (Môregesang)	TTB	14 Februarie 1989	Margie Spaumer en SAP- Mannekoor
Vervul my hart (Môregesang)	TTB met begeleiding	Januarie 1994	Annemarie van der Walt
Voorwaar, God is vir Israel goed (Ps. 73)	TTBB		
Want so lief (Palestrina)	TTBB		
Wie God vertrou	TTBB	Mei 1976	
Wie maar op God wil werp sy sorge (Ges. 17: 1 en 6)	TTBB		
Wil, Heer, my deur die nag beskerm (Calvisius)	TTBB		
Wyl by ons kuddes (Melodie: Duits 17de eeu)	TTBB		
<b>KINDER- OF DAMESKOOR</b>			
<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Aan U, o God, my dankgesange (Ges. 353)	SSAA		
Brother James' Air (Ps. 23)	SA met diskant		
Diep uit my hart (Ges. 343)	Tweestemmige laerskoolkoor met begeleiding		

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opedra aan</b>
Erkentlik deur die dae (Ges. 64)	SSA	Julie 1989	
Erkentlik deur die dae (Ges. 64)	SA	Mei 1992	Mev. M. König en koor van die Moederkerk, Somerset-Wes
Erkentlik deur die dae (Ges. 64: 1)	SSA	Maart 1993	
Gesang 7	Driestemmige dogterskoor	September 1974	
Gesang 13:2	Vierstemmige vroue- of kinderkoor		
God bly met U (Ges. 298)	Kinder- of Vrouekoor: 1. Eenstemmig 2. SA 3. SSA 4. SSAA	Oktober 1995	
God is liefde (Ges. 74)	SSA 1. Voorspel: matig 2. Eenstemmig: koraaltempo 3. SSA met fluit 4. Tussenspel: langsaam 5. SA met fluit: koraaltempo, legato 6. SSA met diskant en begeleiding: koraaltempo, breed 7. Naspel: opgewek	September 1987	Bloemhofkoor

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
God is liefde (Ges. 74)	SA 1. Voorspel: matig 2. Eenstemmig: koraaltempo 3. Tweestemmig met diskant 4. Tweestemmig met diskant 5. Eenstemmig met orrel en diskant	Mei 1992	Aangepas vir M. König
Gods daad is volmaak en goed	SSAA	29 Januarie 1989	Tinus Kühn en Pretoria Kinderkoor
Gods daad is volmaak en goed (Ges. 70)	SA	Mei 1992	M. König
Grote God, aan U die eer! (Ges. 10)	SA en SAA met fluit diskant en begeleiding by vers 3	Desember 1980	
Heer Jesus, U was self 'n kind (Ges. 235)	Tweestemmige laerskoolkoor met begeleiding	Maart 1989	Eunice Cillié
Heil'ge nag so wonderskoon	Eenstemmig	Februarie 1994	Johanna Schoeman en die Stellenbosse Kinderkoor
Herders op Betlehem's ope velde	Tweede stem en Afrikaans deur Cillié, met begeleiding		
Herders op die ope velde het die blye koor (Nuwe Ges. 82)	SSA met blokfluit of viool obligeat	Junie 1977	
Herders op die ope velde	SSAA	10 September 1986	Antoinette Meyer
Herders op die ope velde	SA	8 November 1977	
Herders op die ope velde (Ges. 90)	SA met opsionele instrumentale diskant	Mei 1992	M. König



<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opedra aan</b>
Herders op die ope velde (Ges. 90)	SA met opsionele instrumentale diskant		
Jesus is my Heer en Koning (Ges. 195)	SA met begeleiding	September 1984	
Jesus neem die sondaars aan (Ges. 39)	SA met diskant		
Jesus, dit wat U moes ly (Ges. 115)	SSA met begeleiding en instrumentale oblikaat en diskant	Desember 1980	
Kyk, Hy kom	SSAA	27 Januarie 1989	Tinus Kühn en Pretoria Kinderkoor
Lief'd in U is al ons lewe (Ave verum: Mozart)	SSA met orrelbegeleiding		
Lof sy die Heer (Ges. 5)	SA met diskant		
Magaliesburgse Aandlied	SSA	1991	
'n Ster het in die Ooste (Ges. 71)	SSA met diskant	29 Augustus 1977	
Net soos 'n herder (Ps. 23)	SA		
O God van Jakob (Ges. 34)	SSAA	Maart 1979	Pretoria Kinderkoor
O God van ouds (Halleluja-lied 36)	SA met diskant en orrelbegeleiding		
O Hoof bedek met wonde	SSA		
Ons loof U Vader, op die troon (Ges. 141)	Tweestemmig met fluit	Augustus 1978	
Ons wil tesaam	Vrouekoor	19 November 1974	Vroue-Sendingbond, Oos-Kaap (Nie aanvaar)
Op berge en in dale	SSAA	1974	
Op berge en in dale (Ges. 47)	SA met diskant (Opsionele fluit diskant vir vers 2)	Mei 1992	

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opedra aan</b>
Op berge en in dale (Ges. 47)	SA met diskant in vers 2	1 September 1977	
Prys die Naam van Onse Heer (Ps. 135)	Tweestemmig		
Psalm 130	SA		
Soos 'n hert in dorre streke (Ps. 42: 1, 5 en 7	SSA	Februarie 1975	Acáma Fick en koor van die Hoërskool Bloemhof
Skoollied: Voorberoepskool vir Dogters (Windhoek) (Melodie: Magaliesburgse Aandlied)	SSA	Oktober 1976	Voorberoepskool vir dogters, Windhoek
Slaap soet, o Hemelskindjie	SSA met fluit-diskant by vers 2. Vertaling deur Cillié	Hersien 1994	
Soos daar reeds lank tevore (Ges. 83)	SA met instrumentale diskant	Desember 1980	
Soos die herders van weleer	SSAA	Junie 1975	Dogterskoor van die Hoërskool Kirkwood
Straf tog nie in ongenade (Ps. 38)	SSAA	November 1990	René Brand en Kimberley Kinderkoor
Through the love of God (Welsh air) (All through the night)	SSA	Februarie 1991	H. Karstens
U het ek lief (Ges. 289, volgens Bach se toonsetting van die Johannespassie)	SSAA	30 Januarie 1989	Tinus Kühn
Uit dieptes gans verlore (Ps. 130)	SSAA		René Brand en Kimberley Kinderkoor
Vervul my hart (Ges. 179 / Môregesang)	SSAA	November 1990	René Brand en Kimberley Kinderkoor

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Vol vertrou, vas en veilig (Ges. 45)	SSAA Vers 1 - 4: matig, nie te stadig Tussenspel: fluit en orrel / klavier Vers 5: ietwat stadiger en met klem	April 1994	
Wie op die Heer vertrou (Ges. 39)	SSAA	Januarie 1989 hersien en aangevul	
Wie op die Heer wil werp sy sorge (Ges. 17: 1 en 6)	SSA	Augustus 1974	Acáma Fick en Bloemhof Meisieskool
<b>GEMENGDE KOOR</b>			
<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Alles, alles is genade (Ges. 138)	SATB		
Alles, alles is genade (Ges. 38)			
By Betlehem in winterkou	SATB met diskant		
Die Heiland is gebore	SATB	Oktober 1989	
Die Nagtegaal-Kerslied	SATB		
Erkentlik deur die dae (Ges. 64)	SAB	April 1996	
Erkentlik deur die dae (Ges. 64)	SAB	7 Julie 1989	Cillié- koor met oog op Goue Bruilof op 7 Julie 1989
Gebed van Paul Kruger	SAB		
Gesang 36	SATB		
God bly met u waar u ook mag gaan (Ges. 298)	SATB	Oktober 1995	
Here Jesus, ons is saam (Ges. 314)	SAB		

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Here, hoeveel blye dae (Ges. 29: 1 en 3)	SAB	Julie 1990	Met die oog op Cillié se tagtigste verjaarsdag
In ruimte ongeskape (Ges. 7: 1, 2 en 5)	SATB	Mei 1973	
Jesus, ons loof U (Ges. 89)	SATB	Februarie 1980	
Juig, aarde juig (Ps. 66: 1 en 7)	SAB	22 Maart 1969	
Leer my op U wag, o Here (sg. Badenhorst-gesang)	SATB		
Lofsing die Here (Ges. 5)	SAB met diskant in verskillende kombinasies		
Loof God, loof Sy Naam alom (Ps. 150)	SATB		
Magaliesburgse Aandlied	SATB		
Met middernag	Mannekoor met soliste		
Môregebed (Opgeteken in 1950)	SATB		
Neem U my hand, o Here (Teks: Cillié)	SATB		
'n Vaste burg is onse God (Ges. 217)	SATB met orrelbegeleiding	Desember 1980	
O God van Jakob (Ges. 34)	SAB, SSA, SATB Diskant	1979	
O God van ouds	Verse 1, 5 en 6: SATB Verse 2 en 3: SA met diskant by vers 3		
O Grote Christus, eewge lig (Liederwysie)	SATB		
O Heer, my God, by U is wysheid (Ges. 13: 1 en 3)	Gemengde koor		
Ps. 19 en Ps. 68	SATB	1988	Vir Hugentefees

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Paaslied-Halleluja	SATB		
Redder van ons lewe	SSA of SAB met blokfluit-obligaat	Junie 1977	
Slaap my kleine kindjie	SAB		
Vervul my hart (Liederwysie)	Julie 1989		
Slaap soet, o Hemelskindjie (Afr. teks: Cillié)	SATB en SSA met diskant	Julie 1982	
Want so lief het God	SATB		
Wie God vertrou (Nuwe Ges. 20)	SAB TTB	Mei 1976	

1.5.2. Verwerkings van gewyde vokale musiek soos opgeteken deur Smith (1981:21–28)<sup>7</sup>

<b>Werk<sup>8</sup></b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opgedra aan</b>
Alles, alles is genade (Ges. 226, eerste 8 mate oorgeneem van J.S. Bach)	SATB		
Die Heer is groot (Ps. 48)	Sopraan of tenoor met orrelbegeleiding	1967	

<sup>7</sup> Die lys van werke soos opgeteken in p. 183 tot 192 deur Erasmus, word volledigheidshalwe aangevul deur 'n lys wat Smith in 1981 saamgestel het en waarvan die oorspronklike manuskripte nie in die J.S. Gericke Biblioteek beskikbaar is nie.

<sup>8</sup> Nommers van psalms en gesange is aangedui soos op die oorspronklike komposisie en wel in ooreenstemming met die Psalm- en Gesangboek wat tydens die skryf van die komposisie in gebruik was.

<b>Werk</b>	<b>Besetting</b>	<b>Datum</b>	<b>Opedra aan</b>
Die vreugdevolle dag breek aan (Luk. 2: 8 – 14)	'n Kersfeesstuk vir soliste en vierstemmige koor: Koraal Resitatief (tenoor) Mariawiegelied (sopraan en alt) Fuga	1947 – 1948	
Ek hef my oë op na die berge	Tenoor en bariton met orrelbegeleiding	1948	
God is my lied (Ges. 11)	SAB	1976	
In ruimtes ongeskape (Ges. 47)	SSA	1974	
Jesus, ons loof U	SA		
Laat Heer U seen op hul daal (Ps. 134: 4)	Sopraan en bariton met orrelbegeleiding	1960	
Lied van Waferen gij moogt roemen (Melodie opgespoor deur Jan Bouws, 1966)	SATB		
Loof God, loof Sy naam alom (Ps. 150)	SATB		
Loof, o my siel (Ps. 103)	TTBB	1975	
Met middernag (Franse kerslied)	Soliste (alt en sopraan of tenoor en bas) en mannekoor (TTBB)		
Middelpunt van ons verlange (Ges. 130: 1 en 4)	SATB	1965	Philip McLachlan en die Stellenbosse Universiteits- koor
O Kersfeesnag	Solostem en klavier	1968	
O Liefde, wat die mens (Gedeeltelik gebaseer op Ps. 134: 3)	Huwelikslied vir altsolo en koor (SATB)	1948	

Werk	Besetting	Datum	Opgedra aan
Ons glo		1975	Skoollied vir Hoërskool Patriot, Witbank (Nie aanvaar nie)
k'Sal met my ganse hart, o Heer (Ges. 138: 1 en 4)	TTBB met diskant	1977	Durbanse Mannekoor
Staan deur U Gees, o Heer (Ges. 338)	Huwelikslied vir mannekwartet	1974	
Tot U hef ek hart en hande (Ps. 25)	SAB	1976	
U was hier onwelkom (Ges. 85)	SSA / B met blokfluit- of vioolobligaat	1977	
Vervul, o Heer, my hart (Ges. 120)	Eenstemmig		
U wat van ouds af ons behoed (Ges. 38) (Nuwe Ges. 21)	TTBB	1975	
Wie op die Heer vertrou in lyding (Ges. 39: 1 en 6)	SSA	1974	Acáma Fick en dogterskoor van Bloemhof Meisieskool
Wie op die Heer vertrou in lyding (Ges. 39)	TTBB	1976	

### 1.6. Die *Sing onder mekaar* proefsangbundel

*Sing onder mekaar* (1988), A.C. Barnard (Voorsitter).

- Hou oor my vannag U hande

(Liederwysie: Magaliesburgse Aandlied, teks aangepas deur Van der Colf),

nr. 21, p. 29

## **2. Instrumentale verwerkings**

### **2.1. Die liturgiese orrelbande**

2.1.1. *Liturgiese orrelmusiek, Band 3* (1979), J.H. Potgieter (Samesteller).

- Jesus, in U lyding kom soek ek troos (Ges. 242), nr. 18, p. 59

2.1.2. *Liturgiese orrelmusiek, Band 4* (1980), J.H. Potgieter (Samesteller).

- Bly by my Heer (Ges. 279), nr. 18, p. 58

2.1.3. *Liturgiese orrelmusiek, Band 5* (1982), J.H. Potgieter (Samesteller).

- Jesus roep die kindertjies (Ges. 203), nr. 11, p. 29
- Gods wet vra enkel liefde (Ges. 262), nr. 13 p. 36



## 2.2. Ongepubliseerde instrumentale verwerkings

2.2.1. Instrumentale verwerkings soos opgeteken deur Erasmus (2000) en aangevul in 2006<sup>9</sup>

Werk <sup>10</sup>	Aard van werk	Datum
Bly by my Heer (Ges. 279)	Koraalvariasies vir orrel 1. Koraal 2. Cantabile 3. Effens vinniger 4. Andante 5. Maestoso	1979
God is liefde (Ges. 74)	Orrelvoorspel	
Gods wet vra enkel liefde (Ges. 262)	Variasies vir orrel I: Koraal II: Gedrae III: Liggies IV: Matig V: Peinsend VI: Breed	November 1980
Introïtasmusiek en koraal (Ps. 134)	Orrel	Opgedra aan Lizette Marais, 25 Oktober 1986
Jesus roep die kindertjies (Ges. 203)	3 Variasies vir orrel	Opgedra aan Barbara Louw, September 1980. Hersien: Februarie 1981 Ingekort: Augustus 1983

<sup>9</sup> Opgeteken uit manuskripte in die Afdeling Spesiale Versamelings, J.S. Gericke Biblioteek, Stellenbosch.

<sup>10</sup> Nommers van psalms en gesange is aangedui soos op die oorspronklike komposisie en wel in ooreenstemming met die Psalm- en Gesangboek wat tydens die skryf van die komposisie in gebruik was.

<b>Werk</b>	<b>Aard van werk</b>	<b>Datum</b>
O Jesus in U lyding	Koraal met twee variasies vir orrel Koraal: matig, gedrae Effens vinniger Koraal: matig	Junie – Augustus 1978
Ons loof U, Vader (Ges. 141)	Variasies vir orrel I: Koraal II: Rustig III: Opgewek IV: Matig	Februarie 1980

### 2.2.2. Instrumentale verwerkings soos opgeteken deur Smith (1981:32–33)<sup>11</sup>

<b>Werk<sup>12</sup></b>	<b>Aard van werk</b>	<b>Datum</b>
Bly by my Heer (Ges. 279)	Koraal met vier variasies vir orrel	1979
Heil'ge Jesus, op die troon verhewe (Ges. 184)	Kort koraalvoorspel vir orrel	1949
Heil'ge Jesus wat my lewe wil heilig (Ges. 275)	Kort koraalvoorspel vir orrel	
Introïtasmusiek vir die huwelik (Ps. 134)	Orrel	1976
Jesus neem die sondaars aan (Ges. 227)	Kort koraalvoorspel vir orrel	
Moet jy stry teen moeilikhede (Ges. 41)	Kort koraalvoorspel vir orrel	1949
O God van Jakob (Ges. 34: 1 en 5)	Komposisie vir orrel	1975

<sup>11</sup> Die lys van werke soos opgeteken in p. 196 en 197 deur Erasmus, word volledigheidshalwe aangevul deur 'n lys wat Smith in 1981 saamgestel het en waarvan die oorspronklike manuskripte nie in die J.S. Gericke Biblioteek beskikbaar is nie.

<sup>12</sup> Nommers van psalms en gesange is aangedui soos op die oorspronklike komposisie en wel in ooreenstemming met die Psalm- en Gesangboek wat tydens die skryf van die komposisie in gebruik was.

<b>Werk</b>	<b>Aard van werk</b>	<b>Datum</b>
O Jesus, in U lyding (Ges. 242)	Koraal vir orrel met twee variasies	1978
Ons loof U, Vader, op die troon (Ges. 141)	Twee variasies vir orrel	1980
Wie op die Heer vertrou in lyding (Ges. 39)	Kort koraalvoorspel vir orrel	1963

### **3. Komposisies**

#### **3.1. Kantates**

##### *3.1.1. Daar is geen land (Psalm 8)*

'n Kort kantate vir soliste, koor en orrel gebaseer op Totius se beryming van Ps. 8: 1–4, 7 en verse 2 en 3 uit die Blye Boodskap. Gekomponeer in opdrag van die SAUK met die oog op Totius-jaar, 1977.

- Inhoud:
1. Ps. 8: 1 vir koor en orrel
  2. Ps. 8: 2 en 3 uit die Blye Boodskap en Ps. 8: 1 en 2 (Totiusberyming) vir sopraansoliste, koor en orrel
  3. Ps. 8: 3 vir vrouekoor
  4. Ps. 8: 4 vir baritonsolis en orrel
  5. Ps. 8: 7 vir koor en orrel (Smith, 1981:29).

### 3.1.2. *Die aarde behoort aan die Here* (Psalm 24)

'n Kantate vir mezzosopraan en vierstemmige koor (SATB) met orrelbegeleiding of met strykinstrumente, klavesimbel en orrel gebaseer op die melodie van Ps. 24 van Louis Bourgeois. Die kantate is in opdrag van die FAK se musiekkommissie onder voorsitterskap van dr. Anton Hartman gekomponeer (Cillié, 1968c:4).

Die inhoud van die kantate is as volg:

1. Inleiding: Resitatief vir mezzosopraan: *Die aarde behoort aan die Here*
2. Koraal: Ps. 24: 1
3. Resitatief, aria en koor: *Wie sal klim op die berg van die Here?*
4. Koor en koraal: *Hef op jul hoofde, o poorte* (Cillié, 1968c:2–21).

### 3.1.3. *Die vreugdevolle dag breek aan* (Lukas-evangelie)

Vir soliste, vierstemmige koor (SATB) en orrel

Inhoud:

1. Inleiding
2. Voorspel
3. Koor: *Die vreugdevolle dag breek aan*
4. Resitatief vir bariton met koor: *O Sion, verkondiger van goeie boodskap*  
(Jes. 40: 9)
5. Sopraan-aria: *Wees gegroet Begenadigde* (Luk. 1: 28, 31 en 32)

6. Damestrio: *My siel maak groot die Here* (Luk. 1 : 46 – 49)
7. Resitatief vir bariton met koor: *En daar was herders* (Luk. 2: 8 – 12)
8. Duet vir tenoor en sopraan: *Mariawiegelied*
9. Resitatief vir tenoor: *En skielik was daar* (Luk. 2: 13)
10. Koor: *Ere aan God* (Luk. 2: 14)
11. Koraal vir koor: *Halleluja! Loof die Here*
12. Resitatief vir tenoor: *En toe die engele* (Luk. 2: 15)
